30. By enige prosedure vir die oplegging of invordering van belastings, of as gevolg van die oplegging of invordering van belastings, sowel as by alle ander handelinge kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie, is die waarderingslyste, belastingboeke, en verslae van die plaaslike bestuur en al die aantekeninge daarin gemaak en uittreksels of gesertifiseerde afskrifte daarvan, geteken deur die voorsitter of stadsklerk, en ook alle eksemplare van nuusblaai wat kennisgewings bevat nodig om as bewys te dien, alleen deur oorlegging daarvan, *prima facie* bewys van die oplegging van bedoelde belasting en van die inhoud daarvan sonder enige bewys dat aan die kennisgewings vereis deur, of ander vereistes van, hierdie Ordonnansie, voldoen is; met dien verstande dat elke party by so'n prosedure bevoeg is die teendeel te bewys.

Eienaar verantwoordelik vir belasting.

31. (1) Die persoon wat die eienaar van 'n belasbare eiendom is op die datum waarop 'n belasting verskuldig en betaalbaar word ten opsigte van so'n eiendom kragtens artikel *vyf-en-twintig* van hierdie Ordonnansie, is verantwoordelik vir betaling van die bedrag van bedoelde belasting, en in die geval van gemeenskaplike eienaars van belasbare eiendom is hulle gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die belasting daarop verskuldig; met dien verstande dat in geval van die afwesigheid van 'n eienaar uit die Provinsie, die agent of persoon, wat die huurgelde vir die eiendom van so'n eienaar ontvang, verantwoordelik sal wees vir die betaling van sodanige belastings of skriftelike kennisgewing van die plaaslike bestuur omtrent die verantwoordelikheid van die eienaar vir belastings daarop: met dien verstande egter dat so'n agent of persoon in verband met bedoelde belasting nie verantwoordelik sal wees nie vir 'n groter bedrag aan huur dan wat werklik in sy besit is op ontvangs van bedoelde kennisgewing, of wat hy daarna miskien nog ontvang, na inhouding van kommissie teen 'n tarief van vyf persent.

(2) Die plaaslike bestuur is bevoeg so'n agent of persoon wat die huurgelde vir die eiendom van sodanige eienaar invorder by skriftelike kennisgewing te versoek om die stadsklerk te voorsien van 'n rekening van die huurgelde vir bedoelde eienaar se eiendom deur hom ontvang. So'n agent of persoon moet so'n rekening binne veertien dae van die datum van so'n kennisgewing instuur.

moet alle nodige bevoegdheid verleen en in alle opsigte uitgevoer word asof dit 'n lasbrief tot geregtelike verkoping was uitgevaardig deur die magistraatshof, en die geregsbode moet by die uitvoering daarvan voldoen aan sulke voorskrifte en sodanige koste in rekening bring as op daardie tydstop van toepassing is op lasbriewe van voornoemde hof in verband met geregtelike verkoping.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 27.

28. Ongeag die bepalinge van artikel *seven-twentig*, kan die plaaslike bestuur na goeie vinde na die tyd vasgestel vir die betaling van sodanige belastings soos voornoem van die wanbetaler (sonder nader kennisgewing of aanmaning) die bedrag van die belastings deur bedoelde persoon verskuldig, afgesien van die bedrag daarvan, invorder deur regsgeleding in die hof van die magistraat van die distrik waarin die betrokke plaaslike bestuur geleë is, hetsy die persoon, daarvoor aanspreeklik, binne die regsgebied van so'n hof woonagtig is of nie. Ingeval dit nie moontlik is om die lasbrief binne die grense van die regsgebied van sodanige hof soos voormeld te laat dien nie, dan moet bedoelde diening op die wyse geskied soos deur genoemde hof gelas word.

Invoering  
van  
belasting.

29. Wanneer belastings gelê op eienaars van belasbare eiendom onbetaal bly vir 'n tydperk van drie maande na die datum waarop so'n belasting verskuldig en betaalbaar gemaak is, kan die plaaslike bestuur te eniger tyd binne twaalf maande na die oplegging van die belasting, die bedrag van bedoelde belasting, of 'n deel daarvan, van enige huurder of tydelike okkupant van so'n belasbare eiendom opvorder, ten bedrae van enige huur verskuldig en betaalbaar deur die huurder op datum van die vordering, en kan by wanbetaling daarvan na een maand vanaf die datum van so'n opvordering, dit van genoemde huurder of okkupant invorder op dieselfde wyse asof hy die eenaar was. En elke sodanige huurder of okkupant het die reg om van enige huur of ander bedrag wat deur hom aan so'n eenaar of sy opvolgers in eiendomsreg verskuldig is, soveel in te hou as wat aldus deur hom betaal of van hom ingevorder is en die oorlegging van die kwitansies vir bedoelde belasting aldus betaal deur, of ingevorder van, so'n huurder of okkupant, moet as 'n goeie en volledige vereffening vir die bedrag aldus betaal of ingevorder beskou word in mindering van huur of ander bedrag.

Procedure  
vir in-  
voering  
van  
belasting  
onbetaal  
vir drie  
maande.



Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 25.

(4) Geen bepaling van hierdie Ordonnansie sluit die betaling van 'n belasting uit nie, deur 'n plaaslike bestuur opgelê in sulke gelyke of verskillende paaiemente as deur die plaaslike bestuur vasgestel word.

Belastings  
betaalbaar  
in afwag-  
ting van  
appél.

26. Wanneer 'n appél aanhangig gemaak is teen die beslissing van 'n waarderingshof, word die belastings gehef deur 'n plaaslike bestuur nadat die president van die waarderingshof die waarderingslys geteken en gesertifiseer het, maar voordat so'n appél beslis is, op belasbare eiendomme teen die waardering waarvan bedoelde appél aangeteken is, verskuldig en is hulle betaalbaar op so'n waardering op die dag vasgestel in terme van artikel *vier-entwintig*, en indien as gevolg van so'n appél na die datum van betaling van bedoelde belasting 'n verandering in die waardering, hetsy by wyse van verhoging of verlaging aangebring word, moet die plaaslike bestuur die verskil, na gelang van omstandighede, invorder of terugbetaal saam met rente teen 6 persent per jaar op die bedrag aldus ingevorder of terugbetaal, vanaf die datum van betaling van die belasting tot die datum van so'n invordering of terugbetaling.

Afdwing  
van  
betaling  
van  
belasting.

27. As na die tyd vasgestel vir die betaling van sodanige voormelde belastings iemand versuim om belasting deur hom verskuldig te betaal, is die plaaslike bestuur bevoeg om bedoelde persoon by wyse van 'n gedrukte of geskrewe brief te laat aanmaan vir betaling van die bedrag daarin genoem binne veertien dae na indiening daarvan. En ingeval iemand aan wie bedoelde aanmaning oorhandig is of by wie se gewone woon- of besigheidsplek of kantoor dit afgelewer is, nie daaraan voldoen nie, dan is die plaaslike bestuur bevoeg om by die magistraat aansoek te doen vir 'n summiere lasbrief tot invordering van bedoelde belastings van die persone wat vir betaling daarvan aanspreeklik is; welke lasbrief genoemde magistraat moet uitreik op vertoon van 'n lys van die name en adresse van diegene wat also in gebreke gebly het en die bedrag deur hulle verskuldig met 'n sertifikaat van die stadsklerk of stadstesourier dat ieder afsonderlik by wyse van voormelde kennisgewing aangemaak is om genoemde belastings te betaal en dat bedoelde belastings deur hulle verskuldig is en nie hoër as die maximum belastings vasgestel deur, of kragtens, hierdie Ordonnansie is nie, en elke sodanige lasbrief

word, dit wil sê jaarliks op die eerste dag van Maart en die eerste dag van September.

Die genoemde betalings is invorderbaar as of dit belastings was opgelê kragtens hierdie Ordonnansie en die bepalings van hierdie Ordonnansie is toepaslik *mutatis mutandis* vir die doeleindes van sodanige invordering.

**Ord. No.  
20 van  
1933.**

—  
**Artikel 22.**

**23.** Ongeag die bepalings hierin bevat, kan die plaaslike bestuur, in geval abnormale of buitengewone uitgawe deur die plaaslike bestuur gemaak word ten opsigte van een of ander bepaalde gebied van belashbare eiendom, buite en behalwe die gewone uitgawe vir die gehele munisipaliteit, by besluit bepaal dat bedoelde abnormale of buitengewone uitgawe (hetsy die bedrag daarvan al dan nie, werklik uitgegee is) geheel of gedeeltelik bestry word deur 'n spesiale belasting op die belashbare eiendom of een of ander gedeelte daarvan binne sodanige bepaalde gebied, met uitsondering van die orige gedeelte van die munisipale gebied, en kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, die bedrag van bedoelde spesiale belasting daarop, en die persone en tye deur wie en waarop dit verskuldig is, vasstel.

**24.** Elke belasting deur die plaaslike bestuur opgelê, is verskuldig en moet betaal word op 'n dag wat hy vasstel, van welke dag en van die bedrag van welke belasting die plaaslike bestuur minstens dertig dae vooraf kennis moet gee by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer, en op so'n ander wyse as hy by besluit bepaal.

**25.** (1) Wanneer die plaaslike bestuur, soos voormeld, kennis gegee het van die dag waarop so'n belasting verskuldig is en betaal moet word, is alle persone wat vir bedoelde belasting aanspreeklik is, verplig om die bedrag daarvan ten kantore van die plaaslike bestuur te betaal, by gebreke waarvan die wanbetalers gedagvaar kan word vir die bedrae wat ieder afsonderlik skuldig is.

(2) 'n Plaaslike bestuur is bevoeg om 'n korting van hoogstens twee en 'n half persent (2½%) toe te staan op belastings betaal op of voor die datum waarop bedoelde belasting betaal moet word kragtens artikel *vier-entwintig*.

(3) Die plaaslike bestuur is bevoeg om rente op agterstallige eiendomsbelastings te bereken en in te vorder teen 'n tarief van hoogstens 7 persent per jaar.

**Ord. No.**  
**20 van**  
**1933.**

**Artikel 22.**

op dieselfde wyse verminder deur die inhouding van nog een-tiende van die berekende verskil in iedere daaropvolgende jaar totdat die betaalbare persentasie 20 persent word;

- (vi) daarna moet elke sodanige eienaar soos voornoem 20 persent van die genoemde jaarlikse bruto-inkomste betaal;

met dien verstande dat die plaaslike bestuur bevoeg is om by besluit die persentasie wat elke sodanige eienaar moet betaal te verminder deur meer as een-tiende van die berekende verskil in 'n jaar af te trek, en om die persentasie betaalbaar deur elke sodanige eienaar onder 20 persent van die bedoelde jaarlikse bruto-inkomste te verminder.

(4) In elke geval waarin die 1932-persentasie minder as 20 is, moet die persentasie van jaarlikse bruto-inkomste toekomende aan genoemde eienaar uit die bedoelde belang, wat deur genoemde eienaar in en vir elke jaar betaal moet word, die 1932-persentasie wees, tensy en totdat die plaaslike bestuur by besluit bepaal dat die persentasie betaalbaar deur elke sodanige eienaar verhoog moet word. Die plaaslike bestuur is bevoeg om by besluit die persentasie, wat elke sodanige eienaar moet betaal, tot 'n maximum van 20 persent van bedoelde jaarlikse bruto-inkomste te verhoog: Met dien verstande dat —

- (i) so'n verhoging nie tussen die inwerking-treding van hierdie Ordonnansie en die einde van die jaar 1934 gemaak mag word nie;
- (ii) die betaalbare persentasie nie in een enkel jaar verhoog mag word nie deur byvoeging van meer as een-tiende van die berekende verskil.

(5) In die geval van die grondeienaars-lisensiebelang wat na die een-en-dertigste dag van Desember 1932 ontstaan is of sal ontstaan, of wat nie op daardie datum op die waarde-ringslys voorgekom het nie, is die persentasie van jaarlikse bruto-inkomste wat uit bedoelde belang aan die eienaar daarvan toekom, en wat deur hom in en vir elke jaar betaal moet word, 20 persent: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur bevoeg is om by besluit die persentasie, wat elke sodanige eienaar moet betaal, tot onder 20 persent van bedoelde jaarlikse bruto-inkomste te verminder.

(6) Die bedrae betaalbaar ooreenkomstig hierdie artikel, moet deur genoemde eienaars van bedoelde belange aan die betrokke plaaslike bestuur in halfjaarlikse paaieimente betaal

eienaar van genoemde belang by wyse van belastings daarop gehef gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1932, staan tot die bruto-inkomste toekomende aan genoemde eienaar uit bedoelde belang gedurende genoemde jaar.

Die waardeerder of waardeerders moet op die waarderingslys ten opsigte van elke sodanige belang opteken—

- (i) die persentasie also bereken—hierin die „1932-persentasie” genoem;
  - (ii) die bedrag-persent wat die „1932-persentasie” meer of minder as twintig is, hierin die „berekende verskil” genoem.
- (3) In elke geval waarin die 1932-persentasie meer as 20 is, moet die persentasie jaarlikse bruto-inkomste toekomende aan genoemde eienaar uit bedoelde belang wat deur genoemde eienaar betaal moet word in en vir elke jaar, die 1932-persentasie wees, verminder oor 'n tydperk van jare tot 20 persent deur agtereenvolgende jaarlikse inhoudinge van een-tiende van die berekende verskil op die volgende wyse, dit wil sê:—

- (i) vanaf die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie tot die einde van die jaar 1934, moet die persentasie van jaarlikse bruto-inkomste, wat deur elke sodanige eienaar soos voornoem betaal moet word, die 1932-persentasie wees;
- (ii) vir die jaar 1935 moet die persentasie van jaarlikse bruto-inkomste, wat deur elke sodanige eienaar soos voornoem betaal moet word, die 1932-persentasie wees min een-tiende van die berekende verskil;
- (iii) vir die jaar 1936 moet die persentasie jaarlikse bruto-inkomste, wat deur elke sodanige eienaar soos voornoem betaal moet word, die 1932-persentasie wees min twee-tiendes van die berekende verskil;
- (iv) vir die jaar 1937 moet die persentasie jaarlikse bruto-inkomste wat deur elke sodanige eienaar soos voornoem betaal moet word, die 1932-persentasie wees min drie-tiendes van die berekende verskil;
- (v) vir die jaar 1938 en daaropvolgende jare moet die persentasie van jaarlikse bruto-inkomste, wat deur elke sodanige eienaar soos voornoem betaal moet word, die 1932-persentasie wees,

**Ord. No.  
20 van  
1933.**

**Artikel 22.**

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 21.

genoemde verbeterings soos op een of ander daaropvolgende waarderingslys aangetoon;

- (ii) waar genoemde verbeterings in die lewe geroepe en na bedoelde datum op die waarderingslys geplaas word, moet addisionele belasting gehef word op die waarde van genoemde verbeterings soos aangetoon op die waarderingslys wat van krag is op die datum waarop bedoelde belasting gehef word.

(2) Nieteenstaande die bepalings van hierdie artikel, as die plaaslike bestuur in een of ander van die Rand-Munisipaliteite en in die Munisipaliteit Nigel bepaal dat 'n belasting gehef moet word op die waarde van alle verbeterings in die munisipaliteit soos in subartikel (4) van artikel *agtien* voorgeskryf, moet so 'n belasting gehef word op die waarde van die verbeterings vermeld in hierdie artikel soos aangetoon op die waarderingslys wat van krag is op die datum waarop bedoelde belasting gehef word.

Heffing  
van  
belasting  
op grond-  
eienaars-  
lisensie-  
belang.

**22.** Die volgende bepalings is van toepassing op die heffing van belasting op grondeienaars-lisensiebelang:—

(1) Nieteenstaande die bepalings van artikel *agtien*, mag geen belasting of belastings vermeld in genoemde artikel na die inwerking-treding van hierdie Ordonnansie op die waarde van genoemde belang gehef word nie, dog in plaas daarvan moet die plaaslike bestuur ontvang en elke eienaar van bedoelde belang moet in en vir iedere finansiële jaar 'n persentasie betaal van die jaarlikse bruto-inkomste wat aan genoemde eienaar toekom uit bedoelde belang soos voorkom in die aantekeninge van die Departement van Mynwese, welke aantekeninge vir die doel van hierdie Ordonnansie as afdoende bewys van die bedrag van sulke inkomste aangeneem moet word. Behoudens die bepalings van subartikel (3) van hierdie artikel, mag bedoelde persentasie nie meer as twintig persent van genoemde bruto-inkomste wees nie, en moet dit op die wyse vermeld in subartikels (3), (4) en (5) van hierdie artikel bepaal word.

(2) Moet die waardeerder of waardeerders dadelik na die inwerking-treding van hierdie Ordonnansie, ten opsigte van iedere grondeienaars-lisensiebelang die persentasie-verhouding bereken waarin die bedrag, betaal deur die

doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie deur persone of maatskappye gebruik word wat betrokke is in mynontginning onverskillig of sulke persone of maatskappye die besitters van die mynbrief is of nie.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 21.

Met dien verstande dat—

- (a) die bedrag van die belasting wat daarop gehef moet word, ooreenkomstig onderstaande skaal verminder word:—
- (i) vanaf die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie tot die einde van die jaar 1934, moet die volle addisionele belasting op die waarde van genoemde verbeterings gehef word;
  - (ii) gedurende die jaar 1935, moet negentig persent van so'n addisionele belasting also gehef word;
  - (iii) gedurende die jaar 1936, moet tagtig persent van so'n addisionele belasting also gehef word;
  - (iv) gedurende die jaar 1937, moet sewentig persent van so'n addisionele belasting also gehef word;
  - (v) gedurende die jaar 1938, en die daaropvolgende jare, moet ses-en-sestig en twee-derde persent van so'n addisionele belasting also gehef word;
- (b) die waarde van die verbeterings waarop genoemde addisionele belasting gehef moet word, is die volgende—
- (i) waar genoemde verbeterings bestaan en op die waarderingslys by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie voorkom, moet die bedoelde addisionele belasting gehef word op die waarde van genoemde verbeterings, soos aangetoon op die waarderingslys wat op die bedoelde datum van krag is, en onderworpe aan die voortdurende bestaan van bedoelde verbeterings, moet die heffing daarvan op bedoelde waarde voortgesit word vir die tydperk vermeld in artikel vier-en-dertig sonder inagneming van die waarde van

Ord. No.  
20 van  
1933.

Ekstra-  
addisionele  
belasting  
op seker  
grond besit  
deur  
Elektrisi-  
teitsonder-  
nemings.

20. Vanaf en na die in werkingtreding van hierdie Ordonnansie is die plaaslike bestuur in die Rand-Munisipaliteite en in die Munisipaliteit Nigel, bevoeg om, behalwe die belastinge vermeld in artikel *agtien*, nog 'n belasting, hierin verder die „ekstra-addisionele belasting” genoem, te hef in of vir elke en ieder boekjaar op die terreinwaardes van sulke grond of belange in grond in besit van elektrisiteitsondernemings, soos hierin uiteengesit, nl.—

- (a) grond of belang in grond wat kragtens 'n oppervlakregtepermit vir woondoel-eindes besit word of vir 'n doel nie in (b) inbegrepe nie;
- (b) grond of belang in grond wat in vry eiendom of volgens 'n ander eiendomsbewys besit en deurkruis word deur kraglyne, kables, water- en lugpypgeleidings en spoorwagsylyne;
- (c) grond kragtens industriële standplaaslisensie besit; onderworpe aan die navolgende voorwaardes:—
  - (i) die bedrag van genoemde ekstra-addisionele belasting moet ander halfmaal die addisionele belasting wees op terreinwaardes gehief ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *agtien*, met dien verstande dat genoemde ekstra-addisionele belasting geensins meer as nege pennies in die pond mag wees nie;
  - (ii) genoemde ekstra-addisionele belasting mag nie gehief word nie op grond kragtens industriële standplaaslisensie besit en deur elektrisiteitsondernemings na die eerste dag van Januarie 1933 verkry;
  - (iii) genoemde ekstra-addisionele belasting moet gehief word alleen op die terreinwaarde van grond wat kragtens industriële standplaaslisensie besit word soos op die waarderingslys op die eerste dag van Januarie 1933 voorkom.

Addisionele  
belasting  
op ver-  
beterings  
op grond  
kragtens  
mynbrief  
besit deur  
persone  
betrokke in  
mynont-  
ginning in  
Rand-  
Munisipali-  
teite.

21. (1) Die plaaslike bestuur is bevoeg om in die Rand-Munisipaliteite en in die Munisipaliteit Nigel die addisionele belasting opgelê ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *agtien* te hef op verbeterings (uitgesonderd grond van 'n wettig-gestigte dorp) geleë op grond kragtens mynbrief besit asook op die terreinwaarde van sodanige grond waar bedoelde grond vir woondoel-eindes of vir

in die munisipaliteit; met dien verstande dat in so'n geval die addisionele belasting geen groter bedrag in die pond uitmaak nie as saam met so'n belasting op die waarde van verbeterings nodig is om 'n bedrag op te bring, gelyk aan dié wat opgebring sou word deur 'n belasting van drie pennies in die pond op die terreinwaarde van grond en op die waarde van verbeterings gesamentlik.

(5) Die Administrateur kan op versoek van 'n plaaslike bestuur die oplegging deur so'n plaaslike bestuur van 'n addisionele belasting, hoër as voorgeskryf is in subartikel (3) van hierdie artikel toestaan; met dien verstande dat as die Administrateur so'n versoek weier, die Provinsiale Raad binne een week na bedoelde weiering, as die Raad dan byeengekom het of as die Provinsiale Raad dan nie byeengekom het nie, dan binne een week na die eersvolgende sitting van die Raad na so'n weiering, sodanige plaaslike bestuur by besluit kan magtig om so'n hoër belasting op te lê.

**19.** Behoudens die bepalinge van artikel *agtien*, moet die belastinge op die terreinwaardes van grond slegs gehê word op eenagte van die terreinwaarde van die grond soos hierin gespesifiseer, nl.—

**Heffing  
van  
belasting  
op landbou  
grond.**

- (i) grond aangelê en gesertifiseer as landbouhoewes kragtens die Landbouhoeven (Transvaal) Registratie Wet, No. 22 van 1919, of 'n wysiging daarvan; indien en solank as die gebruik van sulke grond tot suiwer landbou-doeleindes beperk word;
- (ii) grond wat die eienaar volgens wet of serwituut of voorwaarde van eiendomsbewys vir geen ander doel dan as landbougrond mag gebruik nie;
- (iii) ander stukke grond van minstens drie morg groot wat te goeder trou en uitsluitend as landbougrond gebruik word; met dien verstande dat waar twee of meer aangrensende stukke grond waarvan een of meer kleiner as drie morg is, wat te goeder trou en uitsluitend as landbougrond gebruik en deur een eienaar besit en geokkuper word, tesame 'n terrein minstens drie morg uitmaak, moet die gehele terrein so samegestel, vir die doeleindes van hierdie artikel as een enkele landbou-terrein beskou word.

**Ord. No.  
20 van  
1933.**

**Artikel 18.**



Ord. No.  
20 van  
1933.

Artikel 16.

hierdie artikel, en besware daarteen ingebring oorweeg, en die bepalings van artikels *dertien*, *veertien* en *vyftien* is *mutatis mutandis* van toepassing.

Waarderingslys mag nie betwis of buite werking gestel word nie.

17. Geen waardering voorkomende op 'n waarderingslys kragtens hierdie Ordonnansie opgemaak en geen belasting wat daarop gebaseer is, mag ongeldig gemaak of verander word nie weens 'n fout of verskil in die omskrywing van belasbare eiendomme of in die naam van 'n eienaar daarvan; en 'n waarderingslys opgemaak en gewaarmerk ooreenkomsig hierdie Ordonnansie, kan nie weens 'n informaliteit betwis of buite werking gestel word nie.

Belastingdruk.

18. (1) Behoudens die bepalings in hierdie artikel vervat, is 'n plaaslike bestuur geregtig en bevoeg om in of vir elke finansiële jaar 'n belasting of belastings op te lê van sodanige bedrag of bedrae in die pond, as hy bepaal; met dien verstande dat, ongeag teenstrydige bepalings in hierdie artikel, die minimum kragtens hierdie artikel opgelê ten opsigte van die belange in grond, vyf sjielings bedra.

(2) Geen belasting mag op verbeterings gehef word nie totdat 'n belasting (hierin verder die oorspronklike belasting genoem) van een pennie in die pond opgelê is op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipaliteit opgeneem in die waarderingslys en geen oorspronklike belasting of belastings wat in sy geheel meer as een pennie in die pond op sulke waarde bedra, mag in 'n enkel finansiële jaar opgelê word nie.

(3) Behoudens die bepalings van die eersvolgende subartikel, moet 'n te heffe belasting (hierin verder die addisionele belasting genoem), behalwe die oorspronklike belasting, gehef word op die terreinwaarde van grond en, behoudens die bepalings in subartikel (5) van hierdie artikel, mag geen sodanige addisionele belasting of belastings wat in sy geheel meer as ses pennies in die pond op sulke waarde bedra in 'n enkel finansiële jaar opgelê word nie.

(4) 'n Plaaslike bestuur kan by besluit, by meerderheid van stemme aangeneem op 'n gewone vergadering van tyd tot tyd bepaal dat 'n belasting van 'n bedrag in die pond gelyk aan, of minder as, die addisionele belasting gehef word op die waarde van alle verbeterings

- (f) waar slegs 'n deel van belasbare eiendomme wat nie afsonderlik op 'n waarderingslys vermeld is nie, aan 'n spesiale belasting kragtens artikel *drie-en-twintig* van hierdie Ordonnansie onderworpe is, of kan wees, die waarde van bedoelde eiendom wat op sodanige lys voorkom deur so'n waardeerder te laat toewys tussen die deel daarvan, wat onderworpe is of onderworpe kan wees aan 'n spesiale belasting soos voornoem, en die orige deel daarvan, wat nie aan so'n spesiale belasting onderworpe is nie;

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 16.

Met dien verstande dat—

- (i) by die opmaak van sulke tussen-tydse waarderings dieselfde vorms in ag geneem, en dieselfde prosedure soveel moontlik *mutatis mutandis* gevolg word, soos hierbo uiteengesit, ten opsigte van algemene waarderings, uitgesonderd dat, na goedvinde van die plaaslike bestuur, die kennisgewings voorgeskryf in artikel *twaalf* nie gepubliseer behoef te word nie;
- (ii) elke sodanige waardering, herwaardering, verbetering en verdeling onderworpe aan alle besware wat daarteen gemaak word by die eersvolgende sitting van die waarderingshof;
- (iii) in die geval van eiendomme wat tot die lys toegevoeg is kragtens die bepalinge van paragraaf (b) hiervan, of waarvan die waardering verhoog is kragtens paragraaf (e) hiervan, die eienaar, as by die eersvolgende sitting van die waarderingshof die waarde van genoemde eiendom vasgestel word op 'n bedrag minder as dié waarop die vorige belasting gehef was, geregtig is tot terugbetaling van belastings deur hom betaal bo dié wat betaal sou ge-wees het as dié belasting gehef was op die waarde soos vasgestel deur genoemde waarderingshof;
- (iv) die waarderingshof vermeld in artikel *dertien*, moet so'n tussen-tydse waardering, gemaak ooreenkomstig die bepalinge van

Ord. No.  
20 van  
1933.

Bevoegd-  
heid om  
belasting  
of belasbare  
eiendom  
wat nie  
bestaan  
nie kwyf te  
skeld, om  
belasbare  
eiendom  
wat uit-  
gesluit is  
te laat  
waardeer  
en om  
nuwe waar-  
derings te  
laat maak.

16. Nieteenstaande teenstrydige bepalings in hierdie Ordonnansie vervat, het die plaaslike bestuur die reg om van tyd tot tyd en te eniger tyd—

- (a) belasting wat op belasbare eiendomme opgelê is, kwyf te skeld in een of ander geval waarin bedoelde belasbare eiendom vernietig is sedert die datum van opmaking van die waarderingslys, en in sodanige ander gevalle as deur die Administrateur goedgekeur word;
- (b) belasbare eiendomme, wat uit die waarderingslys uitgesluit en van tyd tot tyd van krag is of 'n nuwe belasbare eiendom deur 'n waardeerder, benoem soos hierbo bepaal, te laat waardeer en die lopende belasting daarvan te laat invorder, en waar genoemde belasbare eiendom uit bedoelde waarderingslys uitgesluit is, die belasting wat ten aansien daarvan betaalbaar sou gewees het sedert die bekragtiging van genoemde lys as bedoelde fout nie ingesluip het nie, te laat invorder;
- (c) 'n waardering deur so'n waardeerder te laat maak van belasbare eiendomme wat onderverdeel is na die datum waarop die waardering van bedoelde eiendom finaal geword het, en die waardering deur so'n waardeerder te laat toewys volgens die onderverdelings van genoemde eiendom, en belastings wat daarvoor verskuldig is te laat aanslaan en invorder volgens so'n onderverdeling;
- (d) 'n nuwe waardering deur so'n waardeerder te laat maak van belasbare eiendomme wat, uit die aard van die hoedanigheid sedert die jongste waardering daarvan, aanmerklik in waarde gestyg of gedaal het;
- (e) foute voorkomende in die waarderingslys wat van tyd tot tyd van krag is, deur so'n waardeerder te laat verbeter in alle gevalle waarin 'n skryffout of 'n fout, betreffende die aard van die gewaardeerde belang in so'n lys, gemaak is, en om belastings daarop verskuldig, ooreenkomstig die verbeterde lys, en die verskil tussen die reeds betaalde belastings en die belastings wat ten aansien daarvan betaalbaar sou gewees het sedert die bekragtiging van genoemde lys as bedoelde fout nie ingesluip was nie, te laat invorder;

aldus genotuleer en gewaarmerk is, word by vervolgings weens meined as getuienis beskou en aangemerkt.

Ord. No.  
20 van  
1933.

14. Sodra die waarderingshof sy ondersoek van die waarderingslys voltooi het, en daarin sodanige veranderings en wysigings gemaak het as hy nodig ag, moet die president van die hof die lys onderteken en sertifiseer. Hy moet voorts minstens tweemaal binne die tyd van een week 'n kennisgewing laat plaas in die *Provinsiale Koerant* en in een of meer nuusblaai wat in die munisipaliteit sirkuleer, waarin aan alle belanghebbende persone meegedeel word dat die lys voltooi is, en dat dit vasgestel en bindend gemaak word vir alle betrokke partye wat nie voor 'n datum in bedoelde kennisgewing vasgestel, en minstens een maand vanaf die datum van die eerste publikasie van voornoemde kennisgewing, teen die beslissing van die waarderingshof appelleer nie op die wyse soos in die eersvolgende artikel voorgeskryf word.

Waar-  
deringslys. **Artikel 13.**

15. (1) Elkeen wat hom verongelyk gevoel deur die waarde geplaas op 'n eiendom deur hom besit of geokkupeer, is geregtig om binne een maand vanaf die datum van die eerste publikasie van die kennisgewing vermeld in artikel *veertien* appèl aan te teken teen die beslissing van die hof omtrent so'n waardering by die hof van die magistraat van die distrik, en so'n laasgenoemde hof moet ondersoek instel na sulke waardering en sy beslissing is finaal en afdoende; met dien verstande egter dat, indien 'n regspunt ontstaan aangaande die beginsel waarop 'n waardering gemaak is of gemaak dien te word, so'n magistraat geregtig is om, in plaas van self so'n punt te beslis op versoek van die plaaslike bestuur of party wat beswaar maak, so'n regspunt te reserveer vir beslissing deur die Hooggeregshof en so'n regspunt moet uiteengesit word in die vorm van 'n spesiale saak en kan bepleit word voor, en beslis word deur, die Hooggeregshof. Albei genoemde howe kan so'n order uitvaardig aangaande koste as dienstig geag word.

Reg van  
appèl.

(2) Die plaaslike bestuur is bevoeg om binne een maand soos voornoem appèl aan te teken teen die beslissing van genoemde waarderingshof met betrekking tot belasbare eiendomme in die munisipaliteit by die hof van die magistraat van die distrik, en so'n appèl is onderworpe aan die bepalings genoem in die voorafgaande subartikel ten opsigte van appèls deur die eenaar of okkupant van eiendom.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 13.

en in geval van staking van stemme, het die president of waarnemende president 'n beslissende stem.

(6) Niemand mag aan die behandeling van sake deelneem nie waarby hy regstreeks belang het of betrokke is deurdat hy in hoofsaak aanspreeklik is vir die betaling van die betrokke belasting of 'n gedeelte daarvan.

(7) Behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel as daar om een of ander rede of weens onbevoegdheid om te fungeer, vakatures op genoemde hof ontstaan sodat geen kworum gevorm kan word nie, kan die plaaslike bestuur terstond, en sonder kennisgewing, ander persone tydelik of andersins benoem tot aanvulling van sulke vakatures of setels, van lédé wat onbevoeg is om te fungeer.

(8) Die stadsklerk moet deur publikasie in die *Provinsiale Koerant* en in een of meer nuusblaaië wat in die munisipaliteit sirkuleer, minstens sewe dae vantevore kennis gee van die datum wat vir die eerste sitting van so'n hof vasgestel is.

(9) By elke sitting van so'n hof, kan die plaaslike bestuur en elkeen wat besware teen waardering ingedien het, en elkeen teen wie se eiendomswaardering beswaar gemaak of in verband waarmee 'n verhoging voorgestel word of wie se eiendom bedoel is vir insluiting in die lys, kan of in persoon verskyn of deur 'n advokaat, prokureur of toegelate en gelisensieerde wetsagent verteenwoordig word.

(10) By elke sitting is so'n hof bevoeg om getuies op te roep en getuies deur wie ook al opgeroep onder ede te ondervra en die oorlegging te vorder van al sulke stukke of dokumente wat die hof nodig ag, en elke waardeerder deur wie waarderings vir behandeling gemaak is, moet so'n hofsitting bywoon en al die vrae wat hom ten opsigte daarvan gestel word deur, of deur tussenkoms van, die hof, onder ede beantwoord.

(11) Genoemde hof moet 'n aantekening hou van sy verrigtings en van die aanslag, beswaar en uitspraak ten opsigte van elke beswaar, en alle verklarings wat voor hom afgelê is laat notuleer en deur die getuie laat onderteken, en dit deur die handtekening van die president of waarnemende president waarmerk as voor bedoelde hof afgelê, en elke verklaring wat

staande uit die bepalings van subartikel (6) hiervan] nie kan nakom nie, moet die lede van genoemde waarderingshof iemand uit hulle midde benoem om as president gedurende die afwesigheid, siekte of ander onbekwaamheid van die president te fungeer; met dien verstande dat die plaaslike bestuur in so'n munisipaliteit by besluit deur 'n meerderheid van die lede van die plaaslike bestuur aangeneem (waarvan 'n gesertifiseerde afskrif deur die stadsklerk aan die provinsiale sekretaris verskaf moet word) by die Administrateur aansoek kan doen om die benoeming van 'n president van so'n waarderingshof op die wyse in subartikel (2) hiervan voorgeskryf. Indien die Administrateur oortuig is dat genoemde besluit behoorlik deur die vereiste meerderheid aangeneem is, moet hy 'n president vir so'n waarderingshof benoem en die bepalings van subartikel (2) hiervan is dan van toepassing op bedoelde munisipaliteit gedurende die tydperk waarvoor genoemde president benoem is.

**Ord. No.  
20 van  
1933.**  
—  
**Artikel 13.**

(4) So'n hof moet daarna op vergaderings wat behoorlik deur die president of klerk belê is, die waarderingslys en geopperde besware soos voornoemd oorweeg, en is geregtig om sodanige veranderings of wysigings in die waarderingslys aan te bring, hetsy deur verlagings, verhogings, aanvullings of uitsluitings, al na dit wenslik geag word; met dien verstande dat, behoudens die bepalings van artikel *ses-en-dertig* geen sodanige verandering of wysiging gemaak mag word nie, tensy en totdat die persoon wat daarby regstreeks betrokke blyk te wees, minstens sewe dae vantevore van die klerk skriftelike berig ontvang het van die datum van die vergadering van die hof waarop voorstelle tot so'n vergadering of wysiging behandel sal word, en sodanige betrokke persoon kan enige besware daarteen of voor bedoelde datum skriftelik aan die president of klerk stuur, of hulle op bedoelde sitting vir oorweging aanbied, en die waarderingshof moet alle sodanige besware behandel en in oorweging neem.

(5) Op elke sitting van so'n hof maak drie lede wat persoonlik aanwesig is, waarvan een die president of waarnemende president moet wees, 'n kworum uit, en die president of waarnemende president daarvan moet die voorsitterstoel inneem. Alle sake voor so'n hof moet met 'n meerderheid van stemme van die lede, wat persoonlik aanwesig is, beslis word

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 13.

subartikel by Proklamasie in die *Provinsiale Koerant* van toepassing kan verklaar, moet die Administrateur na raadpleging met die betrokke plaaslike bestuur, nog 'n lid van die waarderingshof benoem, wat die president moet wees, hierin verder die president genoem. Bedoelde benoeming moet geskied voor die eerste sitting van die waarderingshof waarvoor die president benoem word. Die president moet vir 'n tydperk van drie jaar benoem word en is herbenoembaar vir nog 'n tydperk of tydperke van drie jaar. Die president moet 'n vooraanstaande Advokaat van die Hooggeregshof of 'n prokureur of 'n geoktrooieerde rekenmeester wees wat minstens tien jaar in die Provinsie Transvaal gepraktiseer het of 'n afgetrede magistraat. Die Administrateur is bevoeg om dieselfde persoon tot president van meer as een of van almal die bedoelde waarderingshowe te benoem.

(b) Die president moet vir sy dienste beloon word en die besoldiging wat betaal moet word ten opsigte van iedere waarderingshof, moet deur die Administrateur vasgestel word na raadpleging met die betrokke plaaslike bestuur voor die benoeming, en moet deur genoemde plaaslike bestuur betaal word.

(c) Ingeval die president van 'n waarderingshof sy pligte uit hoofde van afwesigheid, siekte of ander onbekwaamheid [met inbegrip van die ontstaande uit die bepalings van subartikel (6) hiervan] nie kan nakom nie, moet die Administrateur iemand benoem met die nodige bevoegdhede om as president van genoemde waarderingshof gedurende die afwesigheid, siekte of ander onbekwaamheid van die president te fungeer. Gedurende die tydperk waarvoor die waarnemende president benoem word, is hy lid van genoemde waarderingshof. Sodanige gedeelte van die president se besoldiging, as eweredig is aan die werksaamhede verrig deur die waarnemende president, moet deur die betrokke plaaslike bestuur aan die waarnemende president betaal word en nie aan die president nie.

(3) In ander munisipaliteite as dié gespesifiseer in subartikel (2) van hierdie artikel, moet die lede van genoemde waarderingshof voor die eerste sitting van bedoelde hof, 'n president uit hulle midde benoem. Ingeval die president van 'n waarderingshof sy pligte uit hoofde van afwesigheid, siekte of ander onbekwaamheid [met inbegrip van dié ont-

lê, en elkeen kan die lys gedurende alle redelike ure nagaan en daarvan afskrifte of uittreksels maak. Behoudens die bepalings van artikel *ses-en-dertig*, moet die plaaslike bestuur aan iedere eienaar van belasbare eiendom, wie se eiendom op die waarderingslys geplaas is, 'n skriftelike kennisgewing dien, waarin die bedrag vermeld word waarteen bedoelde belasbare eiendom gewaardeer is en moet deur middel van genoemde kennisgewing en deur kennisgewing gepubliseer in die *Provinsiale Koerant* en in een of meer nuusblaaie wat in die munisipaliteit sirkuleer, alle belanghebbende persone oproep om binne 'n bepaalde tyd, minstens dertig dae vanaf die datum van die eerste publikasie van bedoelde kennisgewing, die stadsklerk in die vorm soos vermeld in die Tweede Skedule, skriftelik in kennis te stel met enige besware wat hulle teen die waardering van belasbare eiendomme wat, soos voormeld, gewaardeer is, het, of teen die weglating uit die lys van eiendom wat volgens bewering belasbare eiendom en in besit van die beswaarmaker of ander persone is, of teen 'n ander fout, onvolledigheid of verkeerde omskrywing, met dien verstande dat die stadsklerk, waar hy dit raadsaam ag, verlenging van voornoemde tydperk vir indiening van besware kan verleen, en voorts met dien verstande dat waar teen twee of meer inskrywings beswaar gemaak word op dieselfde grond deur dieselfde persoon een kennisgewing van beswaar op een vorm ten opsigte van alle genoemde inskrywings ingedien kan word. Niemand het die reg om besware voor die hieronder-genoemde waarderingshof te opper nie, tensy hy vooraf bedoelde kennisgewing van beswaar, soos voornoem, ingedien het.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 12.

13. (1) Na afloop van die tyd wat in bedoelde kennisgewing bepaal is, moet die plaaslike bestuur 'n waarderingshof benoem, bestaande uit minstens drie persone wat al dan nie lede van die plaaslike bestuur kan wees. Vir elke sodanige hof moet 'n president benoem word op die wyse voorgeskryf in subartikel (2) of subartikel (3) van hierdie artikel na gelang van die geval. Die stadsklerk of iemand anders deur die plaaslike bestuur benoem, moet as klerk van voornoemde hof optree.

Waar-  
deringshof.

(2) (a) In die munisipaliteite Pretoria, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Roodepoort-Maraisburg, Krugersdorp, Randfontein en ander Munisipaliteite waarop die Administrateur hierdie



Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 10.

- (iv) kables en lug- en waterpypgeleidings in afsonderlike kabelgewelwe beskou word as 2 voet 6 duim wyd vir elke kabelgewelf;  
(v) spoorwagsylyne beskou word as 14 voet wyd.

In elke geval moet die lengte gelyk wees aan die werklike lengte van die deurkruiste grond.

(3) Grond wat 'n elektrisiteitsonderneming ingevolge industriële standplaaslisensie besit, moet op die wyse voorgeskryf in subartikel (1) van artikel *nege* gewaardeer word.

Stadsklerk en waardeerder besit die reg van toegang en inspeksie.

**11.** (1) Elke stadsklerk en elke waardeerder, voorsien van 'n skriftelike magtiging geteken deur die burgemeester of stadsklerk, is, vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie, geregtig om gedurende alle redelike ure bedags enige grond of geboue binne die munisipaliteit te betree en is tewens geregtig om alle registers of ander aantekenings of aktes of dokumente van, of in bewaring of besit van, 'n staatsamptenaar of ander persoon, waarin besonderhede voorkom van belasbare eiendomme, na te sien en daarvan uittreksels te maak, onverskillig of bedoelde persoon belang het in sulke belasbare eiendomme of nie. Enigeen wat opsetlik die waardeerder dwarsboom in die uitoefening van die bevoegdhede wat kragtens hierdie artikel aan hom verleen is, is strafbaar soos in die eersvolgende subartikel bepaal word.

(2) Elke stadsklerk en al sulke waardeerders is geregtig om van die eienaar of okkupant van belasbare eiendom sodanige skriftelike besonderhede omtrent bedoelde belasbare eiendomme te eis as nodig is om bedoelde waardeerder in staat te stel 'n juiste waardering daarvan te maak; en 'n eienaar of okkupant wat versuim om binne veertien dae nadat dit van hom gevorder is, bedoelde skriftelike besonderhede op aanvraag te verskaf, is strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig pond vir elke oortreding, en iemand wat aan 'n waardeerder 'n verkeerde opgawe van waarde of van ander besonderhede soos voornoem verskaf, is by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond vir elke oortreding.

Insage van voorlopige lys.  
Besware.

**12.** Wanneer die waarderingslys voltooi is, moet dit aan die plaaslike bestuur voorgeleë en op hulle kantoor ter insage van die publiek

in elke geval as 'n stuk grond in vry eiendom beskou waarvan die grootte die grond is werklik deur die okkupant geokkupeer.

Verbeterings daarop moet gewaardeer word asof dit verbeterings op grond in vry eiendom is.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 9.

10. (1) Die belasbare eiendom wat 'n elektrisiteitsonderneming in 'n Rand-Munisipaliteit of in die Munisipaliteit Nigel besit, soos in hierdie subartikel omskryf, nl.:—

Waardering van sekere grond of belange in grond van elektrisiteitsonder-nemings.

- (a) grond of belang in grond wat 'n elektrisiteitsonderneming besit ooreenkomstig oppervlakteregtepermit kragtens die Goudwet verleen vir woondoeleindes of vir 'n doel nie in paragraaf (b) van hierdie subartikel inbegrepe nie;
- (b) grond of belang in grond wat 'n elektrisiteitsonderneming in vry eiendom of 'n ander titel besit deurkruis deur kraglyne, kables, water- en lugpypgeleidings en spoorwagsylyne

mag nie op die wyse voorgeskryf in subartikel (1) of (5) van artikel *nege* gewaardeer word nie, maar die waardeerder of waardeerders moet vir die doel van die waarderingslys aan genoemde belasbare eiendom 'n terreinwaarde van vyf-en-sewentig pond (£75) per tienduizend (10,000) vierkantvoet, toeken of so'n laer waarde as die plaaslike bestuur van tyd tot tyd by besluit bepaal en dit op die bedoelde lys dienooreenkomstig inskryf.

(2) Vir doeleindes van hierdie artikel, moet die terrein, wat 'n elektrisiteitsonderneming ten opsigte van die grond of belange in grond soos voormeld, okkupeer of geag word te okkupeer, as volg vasgestel word, nl.:—

- (a) ten opsigte van grond of belang in grond wat onder subartikel (1) (a) van hierdie artikel val, die werklike terrein kragtens so'n oppervlakregtepermit verleen;
- (b) ten opsigte van grond of belang in grond gebruik vir een van die doeleindes vermeld in subartikel (1) (b) van hierdie artikel, moet—
  - (i) bogrondse netwerkkabel-pale en dubbelbuis-lynpale beskou word as 12 voet 6 duim wyd;
  - (ii) enkelbuis-lynpale beskou word as 6 voet 6 duim wyd;
  - (iii) ondergrondse luggeleidings en alle kabellyne in dieselfde kabelgewelf beskou word as 3 voet wyd;

Ord. No.  
20 van  
1933.

Grond-  
eienaars-  
lisensie-  
belang.

—  
Artikel 9.

(4) Die grondeienaars-lisensiebelang mag nie gewaardeer word nie, maar die waardeerder of waardeerders moet die bedoelde belastbare eiendom op die waarderingslys inskryf en aandui as in besit van die persoon of maatskappy wat eenaar daarvan is, maar mag nie enige waarde ten aansien van bedoelde belastbare eiendom op genoemde lys bereken of inskryf nie. Die waardeerder of waardeerders moet aan die bepalings van die desbetreffende subartikel (2) van artikel *twee-en-twintig* voldoen.

Oppervlak-  
regte.

(5) Behoudens die bepalings van artikel *tien*, moet die belange in grond, omskrywe in subparagraaf (i) van paragraaf (5) van die woordbepaling van „belang in grond” in artikel *vier*, besit kragtens oppervlakreg vir bewoning of vir doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie, gewaardeer word op die wyse in subartikel (1) van hierdie artikel voorgeskryf. Die waardeerder of waardeerdes moet die grond, wat kragtens so’n oppervlakreg besit word, beskou as ’n stuk vryeieendomsgrond van die streek omskryf in die permit waarby die oppervlakreg verleen is, en asof die gebruiksreg daarvan deur ’n voorwaarde van die eiendomsbewys beperk is tot die doeleindes uiteengesit in genoemde permit, en moet rekening hou met die koste wat kragtens die Goudwet ten opsigte daarvan betaalbaar is.

Verbeterings daarop moet gewaardeer word asof hulle verbeterings op grond in vry eiendom is, waarvan die gebruiksreg soos voornem beperk is.

Met dien verstande dat, waar ’n oppervlakreg verleen is ten opsigte van grond vir woon-doeleindes en dit die bewoning of okkupasie van sodanige grond beperk tot die besitter van genoemde reg of die beamptes van so’n besitter so’n beperking verontagsaam moet word vir die doeleindes van die waardering van òf die grond òf die verbeterings daarop.

Verbeterings daarop moet gewaardeer word asof hulle verbeterings op grond in vry eiendom is waarvan die gebruiksreg soos voornem beperk is.

Onwettige  
okkupasie  
van gepro-  
klameerde  
grond.

(6) Die bepalings in grond in subparagraaf (ii) van paragraaf (5) en in paragraaf (9) van die woordbepaling van „belang in grond” in artikel *vier* omskryf, moet op die wyse, voorgeskryf in subartikel (1) van hierdie artikel, gewaardeer word. Die waardeerder of waardeerders moet die geokkupeerde grond

- eerste dag van Januarie 1933  
soos aangedui op die waar-  
deringslys van krag op  
daardie datum;
- (ii) die datum waarop bedoelde  
belang in grond verkry was;
- (iii) die waarde van verbeterings.

**Ord. No.  
20 van  
1933.**

—  
**Artikel 8.**

9. (1) Behoudens die bepalings van sub-artikels (4), (5) en (6) van hierdie artikel en artikel *tien*, is die bedrag of som waarop die waardeerder of waardeerders vir die doel van die waarderingslys belasbare eiendom waardeer, die kapitaal bedrag wat dit volgens sy of hulle oordeel en skatting kan opbring as die eiendom tydens die waardering te koop aangebied word op sodanige redelike terme en voorwaardes as 'n *bona fide* verkoper verlang, met behoorlike inagneming nie alleen van die betrokke belasbare eiendom nie, maar ook van ander eiendomme van dergelike klas, aard, waarde, ligging en ander vergelykbare faktore; met dien verstande dat geen huur van grond, wat nie onder die woordbepaling van „belang in grond” kragtens artikel *vier* van hierdie Ordonnansie begrepe is nie, op enigerlei wyse by waardering van belasbare eiendom in die grond wat die onderwerp van 'n huurkontrak uitmaak, in aanmerking geneem mag word nie.

Grondslag  
van waar-  
dering.

(2) By die waardering van belasbare eiendom kragtens hierdie artikel, mag die waardeerder of waardeerders nie die waarde in rekening bring nie wat bedoelde eiendom uit hoofde van die aanwesigheid van edelgesteentes, edele of onedele metale of minerale daarin of daarop, verkry.

(3) Landbougrond moet gewaardeer word op die wyse voorgeskryf in subartikel (1) van hierdie artikel, en geen afslag of vermindering mag gemaak word nie omdat bedoelde grond gebruik word as landbougrond, of omdat die gebruiker van bedoelde grond volgens wet of serwituut of voorwaarde in eiendomsbewys beperk is tot gebruiksreg as landbougrond; met dien verstande dat waar twee of meer aangrensende stukke grond, waarvan een of meer kleiner is as drie morg, te goeder trou en uitsluitend as landbougrond gebruik en deur een eenaar besit en geakkopeer word, tesame 'n terrein van minstens drie morg uitmaak, die gehele terrein aldus samegestel, vir die doel van hierdie artikel as 'n enkel grondterrein beskou, en dienooreenkomstig gewaardeer moet word.

Landbou-  
grond.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 8.

- (f) ten opsigte van elke grondeienaars-lisensie-belang (in plaas van die terreinwaarde van die belang)—
- (i) die „1932-persentasie” van jaarlikse bruto-inkomste deur die eenaar vir genoemde belang betaal en bereken soos in subartikel (2) van artikel *twee-en-twintig* voorgeskryf;
  - (ii) die berekende verskil tussen die „1932-persentasie” en twintig persent.
- II. *In die Rand-Munisipaliteite en in die Munisipaliteit Nigel*—
- (g) (i) die terreinwaarde van grond besit kragtens mynbrief (uitgesonderd grond van ’n wettiggestigte dorp) waar sodanige grond gebruik word vir woon-doeleindes of vir doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie deur persone of maatskappye betrokke in mynontginning (of sodanige persone of maatskappye die besitters van mynbriewe is of nie);
  - (ii) die waarde van verbeterings daarop, beide (a) op die waarderingsdatum en (b) op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie soos aangedui op die waarderingslys van krag op daardie datum, as bedoelde verbeterings toe al aangebring was;
- III. *In die Rand-Munisipaliteite en in die Munisipaliteit Nigel*—
- (h) ten opsigte van grond of belang in grond wat ’n elektrisiteitsonderneming besit en in subartikel (1) van artikel *tien* gespesifiseer is—
    - (i) die terreinwaarde van die grond of belang in grond bereken ooreenkomstig genoemde artikel;
    - (ii) die waarde van verbeterings;
  - (j) ten opsigte van grond wat ’n elektrisiteitsonderneming kragtens ’n industriële standplaaslisensie besit—
    - (i) die terreinwaarde van die grond beide (a) op die waarderingsdatum en (b) op die

- (c) om algemene en tussentydse waarderingslyste, nodig gedurende 'n driejaarlikse of vyfjaarlikse tydperk soos in artikel *vyf* vereis, op te maak; of
- (d) vir 'n seker aantal jare of vir 'n onbepaalde tydperk, om alle algemene en tussentydse waarderingslyste gedurende so'n tydperk op te maak.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 6.

7. Alvorens diensaanvaarding moet elke waardeerder by sy benoeming soos voormeld voor 'n Vrederegter 'n plegtige verklaring aflê in die volgende bewoording:—

„ Ek ..... verklaar ernstig en plegtig dat ek volgens my beste wete en oortuiging en sonder vrees, guns of vooroordeel al sodanige belasbare eiendomme wat my opgedra word om te waardeer vir belastingdoeleindes opreg en onpartydig sal waardeer en takseer, en dat ek dit teen die volle en billike waarde daarvan nougeset sal skat. En ek lê hierdie plegtige verklaring af met die voorneme om dit nougeset na te kom.

Verklaar te.....op  
hierdie.....dag van  
.....

Voor my..... ”

en elke sodanige verklaring moet oorhandig word aan, en deur die plaaslike bestuur bewaar word.

8. Die waardeerder of waardeerders moet genoemde waardering (hierin die waarderingslys genoem) skriftelik opmaak op so'n wyse dat in elke geval na sy of hulle beste wete en oordeel aangetoon word:—

Voorlopige  
waar-  
deringslys.

I. *In elke munisipaliteit*—

- (a) die naam en adres van die eenaar van die gewaardeerde eiendom;
- (b) die beskrywing en ligging van die gewaardeerde eiendom en as genoemde eiendom landbougrond is, die streek gewaardeer soos in subartikel (3) van artikel *nege* voorgeskryf;
- (c) die aard van die belang van die eenaar;
- (d) die terreinwaarde van die grond of belang in grond wat nie in II en III inbegrepe is nie;
- (e) die waarde van verbeterings daarop;

Ord. No.  
20 van  
1933.  
—  
Artikel 5.

gedurende 'n tydperk van minstens vyf jaar, en gedurende genoemde tydperk is die bepaling van subartikel (1) hiervan nie op bedoelde plaaslike bestuur van toepassing nie:—

(a) Die plaaslike bestuur moet van tyd tot tyd, maar minstens eenmaal in elke vyf jaar, 'n waardering van alle belasbare eiendomme binne die munisipaliteit laat maak; met dien verstande egter dat, as bedoelde waardering eers voltooi is na verloop van voornoemde vyf jaar, die plaaslike bestuur dan geen belasting op 'n vorige waardering mag oplê nie, maar op so'n waardering wanneer dit voltooi is; voorts met dien verstande dat sodanige waardering nie ongeldig verklaar mag word omdat dit nie binne bedoelde termyn van vyf jaar voltooi is nie.

(3) Voordat die Administrateur die bevoegdheid uitoefen wat kragtens vorige subartikel aan hom verleen is, moet die plaaslike bestuur, wat die bepaling van paragraaf (2) daarvan op hulle wil laat toepas, hom voorsien van—

- (a) 'n gesertifiseerde afskrif van die besluit van die plaaslike bestuur waarby magtiging verleen word om vir die toepassing van genoemde bepaling te vra;
- (b) 'n sertifikaat geteken deur die stadsklerk, dat genoemde besluit aangeneem is deur minstens twee-derdes van die lede van die plaaslike bestuur, en minstens eenmaal per week gedurende drie agtereenvolgende weke in die *Provinsiale Koerant* en in een of meer nuusblaie wat in die munisipaliteit sirkuleer, gepubliseer is;
- (c) afskrifte van besware teen die voorstel van die plaaslike bestuur, of, as geen besware ingedien is nie, 'n verklaring te dien effekte.

Benoeming  
van waar-  
deerder.

6. Die plaaslike bestuur moet by besluit een of meer bevoegde persone (hierin verder die waardeerder of waardeerders genoem) benoem om 'n waarderingslys op te maak.

Genoemde waardeerder of waardeerders kan ingevolge vermelde besluit benoem word—

- (a) om 'n algemene waardering soos in artikel *vyf* voorgeskryf op te maak; of
- (b) om 'n tussentydse waardering op te maak; of

redelike terme en voorwaardes as 'n *bona fide* verkoper verlang, waarby verbeterings daarop of in verband daarmee buite rekening gelaat word. Die terreinwaarde van grond sluit in enige waarde ten gevolge van 'n lisensie voorreg of konsessie wat op daardie tydstip aan die terrein verbonde is.

„ Oppervlakreg ” beteken 'n reg wat kragtens Hoofstuk IX van die Goudwet verleen is.

„ Stadsklerk ” beteken die persoon wat op daardie tydstip wettig fungeer in die hoedanigheid van stadsklerk of van sekretaris van 'n plaaslike bestuur.

„ Waarde van verbeterings ” met betrekking tot belange in grond, beteken die verhoging in waarde wat deur die verbeterings aan sodanige belange in grond op die datum van waardering aangebring is, ongeag die koste van daardie verbeterings; met dien verstande dat die verhoging in waarde in geen geval meer is nie as die bedrag wat redelikerwys nodig sou wees om die terreinwaarde van die grond op sy verhoogde waarde te bring op die datum van waardering, en sulke verhoogde waarde is die waarde van bedoelde belang in grond saam met alle verbeterings daarin, daarop of daaronder, as hulle gesamentlik as een geheel kragtens die bepalings van artikel *nege* van hierdie Ordonnansie gewaardeer word.

5. (1) Die plaaslike bestuur moet van tyd tot tyd, maar minstens eenmaal in elke drie jaar, 'n waardering van alle belasbare eiendomme binne die munisipaliteit laat maak; met dien verstande egter dat, as bedoelde waardering eers voltooi is na verloop van voornoemde drie jaar, die plaaslike bestuur dan geen belasting op 'n vorige waardering mag oplê nie, maar op so'n waardering wanneer dit voltooi is; voorts met dien verstande dat sodanige waardering nie ongeldig verklaar mag word omdat dit nie binne die genoemde termyn van drie jaar voltooi is nie.

Algemene  
waar-  
dering.

(2) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*, en behoudens die bepalings van die eersvolgende subartikel, ondergenoemde bepalings op 'n plaaslike bestuur, met uitsondering van die plaaslike besture genoem in die Eerste Skedule van hierdie Ordonnansie toepas,

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 4.



Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 4.

van die betrokke plaaslike bestuur bewys is—

(i) dat die bedoelde belang uitsluitend gebruik word vir die voormelde doeleindes in ooreenstemming met sodanige reglemente; en

(ii) dat daaruit vir die bedoelde eienaar geen geldelike wins of profyt watter ook voortspruit, en verder met dien verstande

dat 'n belang in grond wat gebruik word as 'n ontspannings-terrein met die doel om wins te maak of as 'n reisesbaan nie tot hierdie vrystelling geregtig is nie;

(f) belange in grond geleë binne die regsgebied van 'n gesondheidskomitee wat—

(i) die Goewerneur-generaal of die staat vir 'n toekomstige munisipale raad in trust hou, of

(ii) kragtens 'n wet vir die gebruik en nut van 'n gesondheidskomitee uitgehou word.

III. Alle verbeterings in, op of onder grond waarvan die belange hierin inbegrepe is.

IV. Alle grondeienaars-lisensiebelang.

V. Alle verbeterings aangebring op, in of onder grond wat besit word kragtens mynbrief waar sodanige grond gebruik word vir woondoel-eindes of vir doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie, hetsy deur persone betrokke in mynontginning of andersins.

„ Rand-Munisipaliteite ” beteken die munisipaliteite Springs, Brakpan, Benoni, Boksburg, Germiston, Johannesburg, Roodepoort-Maraisburg, Krugersdorp, Randfontein en enige nuwe munisipaliteit wat later volgens wet uit bogenoemde ingestel word.

„ Terreinwaarde van grond ” beteken die bedrag wat na verwag word die grond of belange in grond sal opbring as dit te koop aangebied word op sodanige

- (b) belange in grond, uitsluitend gebruik vir erediens of vir erediens en onderwys of vir 'n liefdadigheidsinstelling wat heeltemal instandgehou word deur vrywillige bydraes, of vir 'n hospitaal wat 'n subsidie of toelae van die Transvaalse Provinsiale Administrasie ontvang, vir sover bedoelde belange vir bogenoemde doeleindes gehou word;
- (c) belange in grond, uitsluitend gebruik vir 'n onderwysinrigting soos hierbo omskryf, vir sover bedoelde belange vir genoemde doel gehou word;
- (d) 'n lisensie of reg om te delf of te prospekteer vir edelgesteentes of metale op alle gedeeltes van grond wat vir daardie doel toegewys is, en alle gedeeltes van grond wat uitsluitend besit of geokkupeer word vir die uitoefening van sulke regte; met dien verstande dat geen grond of geboue gebruik vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie, hetsy deur persone wat betrokke is in mynontginning of andersins, as onder die uitsonderinge vallende, gereken mag word nie;
- (e) belange in grond aangelê en gebruik vir sport- of ontspanningsdoeleindes en gekontroleer ooreenkomstig reglemente goedgekeur deur die plaaslike bestuur, vir sover bedoelde belange gehou word vir voormelde doeleindes, egter met dien verstande dat waar die besitter van sodanige belang 'n persoon, vereniging of maatskappy is, ander as die persoon, vereniging of maatskappy wat die voordelige gebruik daarvan het vir die voormelde doeleindes, die bedoelde belang nie geag sal word belasbaar eiendom te wees nie wanneer na genoeë

Ord. No.  
20 van  
1933.  
—  
Artikel 4.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 4.

daarop grond okkupeer wat kragtens mynbrief besit word of geproklameerde grond nie kragtens mynbrief besit nie (uitgesonderd grond van 'n wettig-gestigte dorp), waar geen wettige magtiging vir bedoelde okkupasie kragtens wette betreffende die ontginning van edele en onedele metale bestaan nie, en waar sulke geboue en verbeteringe gebruik word vir woondoel-eindes of vir doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie;

(7) in gevalle waar iemand wat met die beheer van die boedel regmatig belas is, insolvent of oorlede is, die persoon belas met die beheer van bedoelde eiendom, as kurator, eksekuteur, boedelberedderaar of andersins.

„Elektrisiteitsonderneming” beteken en sluit in die Victoria Falls and Transvaal Power Company, Limited, die Rand Mines Power Supply Company, Limited, en ander maatskappye of persone wie se besigheid die verkoop of lewering van lig, warmte of krag insluit, hetsy in volume of andersins.

„Belasbare eiendom” beteken en sluit in—

I. Grond, met inbegrip van geproklameerde ope grond.

II. Alle belange in grond soos hierbo omskryf met ondergenoemde uitsonderinge:—

(a) Grond of belange in grond wat die eiendom van die Kroon is; met dien verstande dat alle eiendomme berustende by die Goewerneur - generaal-in-Rade vir spoorwegdoeleindes as belasbare eiendom beskou word

(i) as dit vir woondoel-eindes gebruik word, of

(ii) as dit deur die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens vir woon-, industriële of handelsdoeleindes verhuur word;

- (2) in die geval van grond wat besit word kragtens 'n standplaas- of kleimlisensie of ander mynbrief uitgereik kragtens 'n wet wat betrekking het op die delf van edelgesteentes of metale, die geregistreerde besitter van bedoelde lisensie of brief;
- (3) in 'n geval waarin eiendom kragtens 'n huurkontrak van die Kroon besit word, of in die geval van 'n handelstandplaas wat besit word kragtens 'n huurkontrak wat wettig verleen is deur die raad, samegestel ooreenkomstig artikel *drie-en-tagtig* van die Goudwet, die huurder daarvan;
- (4) die besitter van 'n huurkontrak van 'n handelstandplaas of regte verkry kragtens die Handelsdryf op Myngrond Reëlingswet 1910, om besigheid op 'n handelsterrein te dryf;
- (5) iemand aan wie die ganse of 'n gedeelte van die reg vooraf hierin omskryf as „grondeienaars-lisensiebelang” verleen is;
- (6) (a) iemand in okkupasie van geboue en verbeterings (wat nie in 'n wettig-ingestelde dorp is nie) hetsy verplaasbaar of onverplaasbaar, gebruik vir woon-doeleindes of vir doeleindes wat op mynontginning geen betrekking het nie, geleë op grond wat kragtens mynbrief besit word of op geproklameerde grond nie kragtens mynbrief besit nie, en ten opsigte van die oprigting, onderhoud of okkupasie van welke geboue en verbeterings geen wettige magtiging kragtens die bepaling van wette met betrekking tot die ontginning van edele of onedele metale bestaan nie. „Okkupasie” beteken vir die doeleindes van hierdie woordbepaling die werklike okkupasie of die uitoefening van eiendomsreg ten opsigte van bedoelde geboue en verbeterings.
- (b) Iemand wat uit hoofde van die uitoefening van sy eiendomsreg op geboue en verbeterings

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 4.

Ord. No.  
20 van  
1933.  
—  
Artikel 4.

- word, of op geproklameerde grond nie kragtens mynbrief besit nie, ten opsigte van die oprigting, instandhouding of okkupasie van welke geboue en verbeterings geen wettige magtiging kragtens die bepalings van een of ander wet met betrekking tot die ontginning van edele en onedele metale bestaan nie.
- „ Okkupasie ” beteken vir die doeleindes van hierdie woordbepaling die werklike okkupasie of die uitoefening van eiendomsreg ten opsigte van sodanige geboue en verbeterings.
- „ Plaaslike Bestuur ” beteken ’n „ city ”-raad, ’n stadsraad of ’n dorpsraad of ’n gesondheidskomitee, ingestel volgens ’n wet betreffende munisipale bestuur in die Provinsie Transvaal;
- „ Plaaslike Bestuur-Ordonnansie ” beteken die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, en wysigings daarvan;
- „ Burgemeester ” beteken die burgemeester of onderburgemeester van ’n „ city ”-raad of ’n stadsraad of voorsitter of ondervoorsitter van ’n dorpsraad of voorsitter van ’n gesondheidskomitee;
- „ Mynbrief ” beteken mynbrief soos in die Goudwet omskryf;
- „ Munisipaliteit ” beteken die gebied of distrik onder die kontrole en regsbevoegdheid van ’n plaaslike bestuur.
- „ Okkupant ” beteken, en sluit in iemand in werklike okkupasie van belasbare eiendom, afgesien van die reg ingevolge waarvan hy dit okkupeer.
- „ Geproklameerde ope grond ” beteken en sluit in al die geproklameerde grond (dit wil sê, grond geproklameer tot ’n publieke delwery kragtens die Goudwet, No. 15 van 1898, of van voorafgaande wette, mits bedoelde grond nie wettig gedeproklameer is nie), wat nie kragtens mynbrief of oppervlakreg besit word en nie vir een of ander doel ingevolge die Goudwet gereserveer of afgestaan is nie.
- „ Eienaar ” beteken en sluit in—
- (1) die persoon of persone in wie se naam die wettige eiendomsreg op belasbare eiendom, soos hierin omskryf, geregistreer is;

lewensduur van iemand daarin genoem, of wat van tyd tot tyd verleng kan word na keuse van die huurder vir onbepaalde tyd of vir tydperke wat saam met die eerste tydperk daarvan in die geheel minstens tien jaar is;

- (4) servitude op grond;
- (5) (i) 'n gebruiksreg van grond (kragtens mynbrief besit of van geproklameerde grond nie kragtens mynbrief besit nie) vir woondoeleindes of vir doeleindes wat op mynontginning geen betrekking het nie, hetsy deur persone betrokke in mynontginning of andersins;
- (ii) enige okkupasie, omdat daarop geboue en verbeterings staan, van grond wat kragtens mynbrief besit word of van geproklameerde grond nie kragtens mynbrief besit nie (uitgesonderd grond van 'n wettiggestigte dorp), waar geen wettige magtiging vir sulke okkupasie kragtens 'n wet wat betrekking het op die ontginning van edele en onedele metale, bestaan nie, en waar bedoelde geboue en verbeterings gebruik word vir woondoeleindes of vir doeleindes wat op mynontginning geen betrekking het nie;
- (6) 'n huurkontrak van Kroongrond of 'n huurkontrak van 'n handelstandplaas wat verleen is deur die raad saamgestel kragtens artikel *drie-entagtig* van die Goudwet;
- (7) 'n huurkontrak van 'n handelstandplaas of 'n reg verkry kragtens die *Handeldryf op Myngrond Reëlingswet, 1910*, of wysigings daarvan, om besigheid op 'n handelsterrein te dryf;
- (8) 'n grondeienaars-lisensiebelang;
- (9) okkupasie van geboue en verbeterings (maar nie op grond in 'n wettig-ingestelde dorp), hetsy verplaasbaar of onverplaasbaar, gebruik vir woondoeleindes of vir doeleindes wat op mynontginning geen betrekking het nie, geleë op grond wat kragtens mynbrief besit

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 4.

Ord. No.  
20 van  
1933.

—  
Artikel 4.

- (v) die huurgelde, wanneer die betaalbaar is ten opsigte van oppervlakregte verleen kragtens Hoofstuk IX van die Goudwet.
- „ Goudwet ” beteken die Edele en Onedele Metalen Wet, 1908, en wysigings daarvan.
- „ Verbeterings ” sluit in al die geboue, verplaasbaar of onverplaasbaar, en ook alle werk reeds uitgevoer of materiaal verbruik op grond deur die aanwending van kapitaal of arbeidskragte deur eienaars of okkupante wat een of ander belang in bedoelde grond het, maar alleen vir sover as sodanige werk of gebruikte materiaal strek tot verhoging van die waarde van die belang in grond, en die voordeel daarvan op die tydstip van waardering nog nie uitgeput is nie, maar sluit nie in werk verrig, of materiaal verbruik, ten behoeve van enige belang in grond van die Kroon of van ’n plaaslike bestuur, tensy sodanige werk of materiaal vir daardie doel bekostig is uit die bydrae van die eenaar of okkupant en bedoelde werk of materiaal nie die eiendom van die Kroon of so’n plaaslike bestuur geword het nie; met dien verstande dat die betaling van plaaslike of ander belastinge nie as ’n bydrae beskou word, wat binne die betekenis van hierdie woordbepaling val nie; en voorts met dien verstande dat , verbeterings ’ geen bogrondse netwerkkabelpale of lynpale of ondergrondse buisgeleidings of lyne, of ondergrondse lugpype of lyne of ondergrondse watergeleidings of ondergrondse kabels in of onder grond, of belang in grond behorende aan ’n elektrisiteitsonderneming, insluit nie;
- „ Industriële standplaaslisensie ” beteken ’n industriële standplaaslisensie wat ingevolge die Goudwet verleen is.
- „ Belang in grond ” beteken en sluit in—
- (1) die eiendomsreg in grond of die vruggebruik daarvan;
  - (2) die reg op en oor grond kragtens ’n standplaaslisensie met inbegrip van ’n industriële standplaaslisensie;
  - (3) ’n huurkontrak van, of reg op, of konsessie oor, grond vir ’n tydperk van minstens tien jaar of vir die

„ Inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie ” beteken die datum wat die Administrateur by proklamasie tot die datum van inwerkingtreding sal verklaar.

**Ord. No.  
20 van  
1933.**

—  
**Artikel 4.**

„ Onderwysinrigting ” beteken en sluit in—

- (a) 'n uniwersiteit volgens wet opgerig of 'n samestellende kollege;
- (b) 'n inrigting of diens wat kragtens wet verklaar word tot hoër onderwys te behoer;
- (c) 'n skool, klas of inrigting opgerig, instandgehou, of ondersteun kragtens die Onderwyswet 1907 of wysigings daarvan of geregistreer op die kantoor van die Departement van Onderwys in terme van so'n wet;
- (d) enige ander skool of inrigting wat die Administrateur van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* tot 'n onderwysinrigting verklaar vir die doel van hierdie Ordonnansie;
- (e) koshuise of losieshuise, instandgehou in verband met een of ander van die inrigtings genoem in paragrafe (a), (b), (c) en (d) van hierdie woordbepaling.

„ Finansiële jaar ” beteken die finansiële jaar voorgeskryf deur artikel *ses-en-veertig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie.

„ Grondeienaars-lisensiebelang ” beteken en sluit in alle regte ten opsigte van grond kragtens mynbrief besit of geproklameerde grond nie kragtens mynbrief besit nie op 'n gedeelte van—

- (i) die kleimlisensiegelde betaalbaar ten opsigte van bedoelde grond;
- (ii) die lisensiegelde betaalbaar ten opsigte van woon-, handels- en industriële persele toegestaan op sodanige grond kragtens die Goudwet of voorafgaande wette;
- (iii) die huurgelde betaalbaar kragtens artikel *drie* van die Bewaarplaatsgelden Aanwendings Wet, 1917;
- (iv) die huurgelde betaalbaar kragtens subartikel (3) van artikel *vier* van die Transvaal Mijnverhuring en Mineralen Wet Wijzigings Wet, 1918;



Ord. No.  
20 van  
1933.

Eiendoms-  
belasting  
kan deur  
erf-  
belasting  
vervang  
word.

3. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bekendmaak dat, vir 'n tydperk van minstens een kalenderjaar, die bepalings van hierdie Ordonnansie of wysigings daarvan nie van toepassing is op 'n munisipaliteit waarvoor 'n dorpsraad of 'n gesondheidskomitee kragtens die Plaaslike Bestuur Ordonnansie ingestel is en dat die erfbelasting, hefbaar ooreenkomstig die bepalings van artikel *vyf* van Wet No. 4 van 1899 of wysigings daarvan, vir bedoelde tydperk in genoemde munisipaliteit ingevorder moet word.

(2) Telkens wanneer die erfbelasting kragtens voorafgaande subartikel in 'n munisipaliteit hefbaar is, moet bedoelde belasting aan die plaaslike bestuur betaal word en deel uitmaak van die inkomste van die plaaslike bestuur, en is invorderbaar asof dit opgelê was kragtens hierdie Ordonnansie en die bepalings van hierdie Ordonnansie, of wysigings daarvan is vir die doel van so'n invordering van toepassing.

(3) Die Administrateur kan van tyd tot tyd enige erfbelasting kwytskel in gevalle waarin die grond uitgehou of uitsluitend gebruik word vir onderwys, godsdienstige, liefdadigheids- of publieke doeleindes.

Woord-  
bepalings.

4. In hierdie Ordonnansie het die navolgende uitdrukkings die betekenis wat teenoor hulle geplaas is, tensy die samehang duidelik 'n ander betekenis aanwys:—

„ Administrateur ” beteken die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-sestig* van die Zuid-Afrika Wet 1909, of wysigings daarvan, handelende op advies en met toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie.

„ Landbougrond ” beteken saai-, gras- of weiland, marktuine, hoenderboerderye, kwekerye, boomaanplantings en vrugteboorde, maar sluit nie in nie—

- (a) grond gebruik as 'n park, saam met 'n huis daarop; of
- (b) grond gebruik as 'n tuin uitgenome voornoemde grond; of
- (c) grond bestem of gereserveer vir die doel van sport, liggaamsoefeninge, of ontspanning of wat as 'n resiesbaan gebruik word.

**'N ORDONNANSIE**Ord. No.  
20 van  
1933.

Om die wet op die Heffing van Belasting deur Plaaslike Besture te Konsolideer en te wysig.

*(Goedgekeur 24 November 1933.)**(Datum van inwerkingtreding, 1 Januarie 1934.)\***(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)***D**IT word deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg bepaal:—

1. Vanaf die aanvang van hierdie Ordonnansie, is en word die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie No. 13 van 1928 hierby herroep, met dien verstande dat alle sake, proklamasies of maatreëls wat ingevolge daardie Ordonnansie voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie, onderskeidelik gedaan, uitgevaardig of getref is, geagsal word as ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie gedaan, uitgereik of getref.

Herroeping van Ordonnansie No. 13 van 1928 en geldigverklaring van getroffte maatreëls, ens., kragtens daardie Ordonnansie.

2. (1) Die bepalings van hierdie Ordonnansie is van toepassing op elke Munisipaliteit wat kragtens die Plaaslike Bestuur Ordonnansie alreeds ingestel is of later ingestel sal word, met dien verstande dat, wanneer die Administrateur ooreenkomstig die bepalings van die eersvolgende artikel by Proklamasie in die *Provinsiale Koerant* verklaar dat die erfbelasting hefbaar kragtens artikel *vyf* van Wet No. 4 van 1899 of wysigings daarvan, in 'n munisipaliteit ingevorder moet word, die bepalings van hierdie Ordonnansie, behoudens soos hieronder bepaal, nie op bedoelde munisipaliteit van toepassing is nie vir die tydperk wat in so'n proklamasie voorgeskryf word, en voorts met dien verstande dat 'n waarderingsslys reeds opgestel ingevolge 'n wet wat deur hierdie Ordonnansie herroep word en wat in 'n munisipaliteit in gebruik is, behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, van volle krag en uitwerking sal bly gedurende die tydperk waarvoor dit oorspronklik opgestel is.

Toepassing van Ordonnansie.

(2) Behoudens die bepalings van die eersvolgende artikel, is artikel *vyf* van Wet No. 4 van 1899 nie van toepassing nie op 'n munisipaliteit wat, soos voormeld, ingestel is.

\* Proklamasie No. 72, *Provinsiale Koerant* van 6 Desember 1933, bladsy 312.

Ord. No.  
19 van  
1933.

—  
Artikel 21.

(2) Deur die woorde „ die voorwaardes betreffende die trek ” in paragraaf (d) van subartikel (13) te skrap en hulle deur die woorde „ dien tot reëling van die trek ” te vervang.

Wysiging  
van artikel  
55 van die  
hoofwet.

22. Artikel *vyf-en-vyftig* van die hoofwet word hierby gewysig deur ondervermelde woorde aan die einde van subartikel (2) toe te voeg:—

„ en om uitvoering te gee aan bobedoelde verbod, beperking, reëling of kontrolering ingevolge orders uitgevaardig deur middel van kennisgewings en aanwysigings aan pale aan of naas sodanige paaie of gedeelte daarvan. Sodanige orders moet by besluit van die plaaslike bestuur aangeneem word, dog behoef nie op 'n ander wyse as deur middel van genoemde kennisgewings en aanwysigings gepubliseer te word nie.”

Wysiging  
van  
artikel 61  
van die  
hoofwet.

23. Subartikel (2) van artikel *een-en-sestig* van die hoofwet word hierby gewysig deur ondervermelde daarin te skrap:—

„ Subartikels (77), (78) en (80) van artikel *tagtig* ”  
en hulle te vervang deur:—  
„ Subartikels (75), (77), (78) en (80) van artikel *tagtig* en artikels *twee-en-neëntig* en *vier-en-neëntig*.”

Wysiging  
van eerste  
skedule van  
die  
hoofwet.

24. Item (1) Deel III van die Eerste Skedule van die hoofwet word hierby gewysig deur onderstaande nuwe paragraaf daaraan toe te voeg; genoemde item soos oorspronklik in die skedule opgeneem word dan paragraaf (a) daarvan:—

„ (b) Ambulanse van eienaars soos voor-  
noem en ook van iemand of 'n lig-  
gaam wat belas is met die beheer oor  
en bestuur van 'n hospitaal of  
publieke hospitaal soos dié omskryf  
in artikel *twee* van die „ Publieke  
Hospitale Ordonnansie 1928 ”, of  
wysiginge daarvan.”

Wysiging  
van die  
tweede  
skedule  
van die  
hoofwet.

25. Die Tweede Skedule van die hoofwet word hierby gewysig deur die syfers „ 29 ” in die waarskuwingsteken vir snelheids-  
grense te skrap en hulle deur die syfers „ 24 ” te vervang.

Kort titel.

26. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doel-  
eindes aangehaal word as die Motorvoertuig-  
wysigingsordonnansie 1933, en moet saam en  
in verband met die hoofwet en wysigings  
daarvan verklaar word.

(b) 'n Halfjaarlikse lisensie moet toegeken word—

(i) van 1 Januarie tot 30 Junie;

(ii) van 1 Julie tot 31 Desember;

en die fooi vir so 'n lisensie is elf sjielings vir elke halfjaar en moet halfjaarliks voor of op die vyftiende dag van Januarie en die vyftiende dag van Julie betaal word.

(c) 'n Jaarlikse lisensie moet toegeken word van 1 Januarie tot 31 Desember en die fooi daarvoor is twintig sjielings en moet jaarliks voor of op die vyftiende dag van Januarie betaal word."

Ord. No.  
19 van  
1933.

—  
Artikel 18.

19. Subartikel (1) van artikel *vyftig* van die hoofwet word hierby herroep en deur onderstaande nuwe subartikel vervang:—

Wysiging  
van  
artikel 50  
van die  
hoofwet.

„(1) Die drywer van 'n motorvoertuig vir publieke verkeer wat passasiers vervoer, moet, wanneer hy 'n ander spoorwegoorweg nader as een wat deur sluitbome afgeskut en uit 'n waghuisie gereguleer word, sodanige voertuig tot stilstand bring en mag die voertuig nie oor die oorweg dryf nie voor hy hom daarvan cor-tuig het dat dit veilig gedoen kan word."

20. Artikel *twee-en-vyftig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

Wysiging  
van  
artikel 52  
van die  
hoofwet.

(1) deur in paragraaf (*d*) van subartikel (1) die woorde „lisensiegelde wat 'n plaaslike bestuur benoem tot registrasie-  
autoriteit, namens die Administrateur ingevorder het " te skrap en te vervang deur die woorde „alle gelde wat 'n plaaslike bestuur benoem tot registrasie-  
autoriteit, namens die Administrateur kragtens hierdie Ordonnansie ingevorder het."

(2) deur aan subartikel (3) na paragraaf (*h*) die onderstaande nuwe paragraaf (*i*) toe te voeg:—

„(*i*) ander voorgeskrewe sake."

21. Artikel *drie-en-vyftig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

Wysiging  
van  
artikel 53  
van die  
hoofwet.

(1) Deur na die woorde „sodanige besonderhede " onderstaande woorde in te voeg:—

„en ter voorkoming van die aanskaffing en verkoping van of ander beskikking oor tweedehandse motorvoertuie en sleepwaens, tensy lisensies geldig is ten opsigte van die eiendomsreg daarvan en vir omskrywing van die omstandighede waarvolgens die registrasie van motorvoertuie ingetrek moet word."

Ord. No.  
19 van  
1933.

Wysiging  
van  
Afrikaanse  
teks van  
artikel 31  
van die  
hoofwet.

15. Die Afrikaanse teks van subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woorde „ is iemand wat „ die woorde „, op 'n publieke pad „ in te voeg.

Wysiging  
van  
artikel 38  
van die  
hoofwet.

16. Artikel *drie-en-dertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur ondervermelde nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

„ (3) Iemand wat afsonderlik of saam met 'n ander of ander persone 'n motorvoertuig op 'n publieke pad opsetlik breek, beskadig, sny of daaraan peuter of enige onderdeel of onderdele daarvan verwyder met die doel om sodanige voertuig onbruikbaar te maak, te ontsier of te verniel, of om dit tydelik of vir goed buite werking te stel, of vir enige doel teen die sin of sonder die toestemming van die eienaar van sodanige voertuig, of wat op enige ander manier opsetlik of kwaadwilliglik aan die meganisme of werking van so 'n voertuig toring of dit belemmer, of wat opsetlik of kwaadwilliglik iets teen so 'n voertuig of teen iemand in so 'n voertuig werp en also die voertuig of goedere daarin beskadig of die drywer of passasiers beseer, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie.”

Wysiging  
van  
artikel 37  
van die  
hoofwet.

17. Subartikel (1) van artikel *sewe-en-dertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur toevoeging aan die end daarvan van die woorde:—

„, of vir huur ry op 'n publieke pad”.

Wysiging  
van  
artikel 39  
van die  
hoofwet.

18. Subartikel (2) van artikel *nege-en-dertig* van die hoofwet word hierby gewysig (a) deur die woorde „ 'n lisensiegeld van een pond „ daarin te skrap en hulle deur die woorde „ die lisensiegeld in hierdie subartikel voorgeskryf „ te vervang, en (b) deur aan die einde daarvan onderstaande nuwe paragraaf toe te voeg:—

„, (a) 'n Driemaandelikse lisensie moet toegeken word—

- (i) van 1 Januarie tot 31 Maart;
- (ii) van 1 April tot 30 Junie;
- (iii) van 1 Julie tot 30 September;
- (iv) van 1 Oktober tot 31 Desember;

en die fooi vir so 'n lisensie is ses sjielings en ses pennies vir elke drie maande en moet voor of op die sewende dag van elke kwartaal betaal word.

13. Artikel *twee-en-twintig* van die hoofwet word hierby gewysig deur die skrapping van die woorde „ in besit ” in subartikel (2) en die vervanging daarvan deur die woorde „ wat die houer is ”.

Wysiging  
van  
artikel 22  
van die  
hoofwet.

Ord. No.  
19 van  
1933.

14. Artikel *vyf-en-twintig* van die hoofwet word hierby gewysig in die navolgende opsigte:—

Wysiging  
van  
artikel 25  
van die  
hoofwet.

(a) skrap die woord „ sewe ” en vervang dit deur die woord „ veertien ”;

(b) voeg onderstaande nuwe paragrafe toe; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem, word dan paragraaf (a) daarvan:—

„ (b) As die genoemde voertuig gedurende die geldigheids tydperk van so 'n sertifikaat en lisensie aan iemand anders as aan 'n fabrikant of hersteller van of handelaar in motorvoertuie (verder in hierdie subartikel 'n handelaar genoem), oorgedra word deur verkoop of andersins, bly die genoemde stukke regseldig soos voormeld, met dien verstande egter dat kennis van sodanige oordrag aan die registrasie- autoriteit op die voorgeskrewe wyse gegee is en die persoon aan wie die voertuig also oorgedra is, aan die registrasie- autoriteit die geld betaal het wat in artikel *nege* ten opsigte van 'n sertifikaat van die verandering van eiendomsreg voorgeskryf is, en so 'n sertifikaat bevattende die voorgeskrewe besonderhede moet aan die persoon aan wie dit oorgedra is deur die registrasie- autoriteit uitgereik word; genoemde artikel is *mutatis mutandis* hierop van toepassing.

(c) As die genoemde motorvoertuig egter gedurende sodanige geldigheids- tydperk aan 'n handelaar oorgedra word, moet die persoon aan wie dit oorgedra word die registrasie- autoriteit van sodanige oordrag op die voorgeskrewe manier in kennis stel, waarna die genoemde stukke deur hom aangestuur en deur die registrasie- autoriteit gekanselleer moet word, ongeag andersluidende bepalings van paragraaf (a) van hierdie subartikel.

(d) Iemand wat in gebreke bly om aan die bepalings van hierdie subartikel te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie.”

Ord. No.  
19 van  
1933.

Wysiging  
van  
artikel 16  
van die  
hoofwet.

9. Artikel *sestien* van die hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf (a) na die woord „neem” die woorde „en die fooi of fooie daarvoor te betaal” in te voeg.

Nuwe  
artikel om  
op artikel  
16 van die  
hoofwet te  
volg.

Bestuur  
van 'n  
motorvoer-  
tuig wat  
nie gelisen-  
steer is nie.

10. Die volgende nuwe artikel word in die hoofwet onmiddellik na artikel *sestien* daarvan gevoeg:—

„16A. Behalwe die uitsonderinge in hierdie Ordonnansie of regulasies ingevolge daarvan uitgevaardig, is enigeen (of hy die eienaar van die motorvoertuig is of nie) wat 'n motorvoertuig of sleepwa ten opsigte van die eiendomsreg waarvan 'n lisensie kragtens hierdie Ordonnansie nie verkry is nie, bestuur of laat bestuur of toelaat dat dit bestuur word, skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie en by veroordeling strafbaar soos voorgeskryf, met dien verstande dat iemand wat kragtens hierdie artikel beskuldig is, vrygespreek moet word as hy tot bevrediging van die hof bewys dat hy geen redelike geleentheid gehad het om ooreenkomstig hierdie Ordonnansie die motorvoertuig te registreer of om 'n lisensie ten opsigte van die eiendomsreg van die motorvoertuig of sleepwa uit te neem nie, en dat die voertuig gedryf of getrek was na gelang van die geval met die doel om dit te laat registreer of om 'n lisensie uit te neem.”

Lisensie-  
gelde  
betaalbaar  
in die  
hoofwet—  
vir  
motorbusse  
die eiendom  
van plaas-  
like besture  
en gebruik  
buite hulle  
regsgebiede.

11. Nieteenstaande andersluitende bepalings in die hoofwet—

- (1) is 'n plaaslike bestuur wat wetlik gemagtig is om 'n motorbusdiens tot stand te bring en voort te sit, nie vrygestel nie van die betaling van lisensiegelde ten opsigte van die eiendomsreg op motorbusse wat hoofsaaklik gebruik word of bestemd is vir die vervoer van passasiers en op publieke paaie, geleë buite 'n munisipaliteit, bestuur word;
- (2) moet alle lisensiegelde wat ten opsigte van die eiendomsreg op sodanige motorbusse ontvang is, aan die Administrateur ten voordele van die Provinsiale Inkomstefonds betaal word.

Wysiging  
van  
artikel 18  
van die  
hoofwet.

12. Artikel *agtien* van die hoofwet word hierby gewysig deur die skraping van die woorde „van die offisiële tale” [paragraaf (a) van subartikel (1)] en die vervanging daarvan deur die woorde „of ander van die amptelike tale”.

8. Artikel *vyftien* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

Wysiging  
van  
artikel 15  
van die  
hoofwet.

Ord. No.  
19 van  
1933.

- (a) Voeg aan die einde van paragraaf (a) van subartikel (2) toe die woorde—  
„ in die geval van fabrikante of herstellers van of handelaars in motorfietse alleen, is die jaarlikse bedrag vir so 'n lisensie een pond tien sielings (£1. 10s.).”
- (b) Voeg aan die einde van paragraaf (b) van subartikel (2) toe die woorde—  
„ in die geval van fabrikante of herstellers van of handelaars in motorfietse alleen, is die jaarlikse bedrag vir so 'n lisensie tien sjielings (10s.).”
- (c) Voeg ondergenoemde verdere voorbehoudsbepaling aan die einde van die eerste paragraaf van subartikel (2) toe:—  
„ met dien verstande dat geen lisensie waarop die ander stel regulasies van toepassing is teen 'n jaarlikse bedrag van twee pond (£2) of tien sjielings (10s.), na gelang van die geval, aan 'n fabrikant of hersteller of handelaar uitgereik mag word nie, voordat hy minstens een lisensie vermeld in paragraaf (a) van hierdie subartikel teen tien pond (£10 of een pond tien sjielings (£1. 10s.), na gelang van die geval, uitgeneem het.”
- (d) Voeg ondergenoemde nuwe subartikel toe:—  
„ (8) Wanneer 'n fabrikant of hersteller van of handelaar in motorvoertuie 'n motorvoertuig of sleepwa hetsy by verkoop, verhuur of andersins aan iemand anders as 'n fabrikant of hersteller van of handelaar in motorvoertuie oordra, moet hy aan die registrasie-  
autoriteit in die voorgeskrewe vorm dadelik van sodanige oordrag skriftelik kennis gee. Op iedere sodanige kennisgewing moet die datum van so 'n oordrag, die name en adres van die persoon, wat oordrag verleen, en die persoon aan wie oordrag geskied, voorkom en sodanige omskrywing van die voertuig as in so 'n vorm vermeld word. Enig-  
een wat weier of in gebreke bly om aan die vereistes van hierdie subartikel te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie en by veroordeling strafbaar soos in subartikel (7) van hierdie artikel voorgeskryf.”



Ord. No.  
19 van  
1933.

—  
Artikel 5.

gebruik gemaak word, uitgereik aan sodanige persoon vir dié voertuig of toelaat dat iemand nie daartoe geregtig nie van sodanige dokument gebruik maak.

Die houer van 'n registrasie-sertifikaat wat hom deur die kansellasie daarvan kragtens hierdie paragraaf verongelyk gevoel, kan hom binne 'n tydperk van een-en-twintig dae vanaf sodanige intrekking, teen die bevinding van die registrasie-otoriteit op die Administrateur beroep, wie se beslissing in die saak finaal is. Indien sodanige beslissing ten gunste van die appellant is, sal die registrasie-otoriteit kosteloos die genoemde voertuig op nuut sonder versuim registreer en aan die appellant 'n nuwe sertifikaat van registrasie uitreik.

(b) Die registrasie van 'n motorvoertuig kan onder sodanige omstandighede as voorgeskryf, ingetrek word."

Wysiging  
van  
artikel 12  
van die  
hoofwet.

6. Artikel *twaalf* van die hoofwet word hierby gewysig:—

(1) Deur aan die einde van subartikel (2) onderstaande woorde toe te voeg:—

„mits sodanige terugbetaling in die geval van 'n motorvoertuig nie mag geskied nie, tensy die applikant eers aan die bepalings van subartikel (1) van artikel *sewe* voldoen het en sy versoek om terugbetaling ingedien het binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum waarop die genoemde voertuig of sleepwa verniel was of blywend onbruikbaar geword is.

Die uitdrukking „die lisensiegeld" soos gebruik in hierdie subartikel, beteken die geld betaal volgens subartikel (2) van artikel *vier*, maar sluit nie in die verhoogde lisensiegeld, waarvan in subartikel (3) van die genoemde artikel melding gemaak word nie."

(2) Deur subartikel (3) te skrap met ingang van 1 April 1934.

Wysiging  
van  
artikel 13  
van die  
hoofwet.

7. Artikel *dertien* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woord „geregistreer" in subartikel (1) die woorde „of wanneer 'n lisensie ten opsigte van die eiendomsreg daarvan uitgeneem" in te voeg.

5. Artikel *sewe* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

Wysiging  
van  
artikel 7  
van die  
hoofwet.

Ord. No.  
19 van  
1933.

(a) (i) Voeg in na die woord „ moet ” waar dit vir die tweedemaal in subartikel (1) voorkom, die navolgende woorde tussen hakies „ (behalwe waar dit vir goed uit hierdie Provinsie verwyder word) ”;

(ii) voeg ondervermelde woorde aan die einde van subartikel (1) toe:—

„ Hierdie subartikel is nie van toepassing nie op enige uitmekaarneming of tydelike vernietiging van motorvoertuie ten opsigte waarvan vrystellingsertifikate kragtens subartikel (4) van artikel *vier* verleen is.”

(b) Voeg ondervermelde voorbehoudsbepalings aan subartikel (2) toe:—

„ met dien verstande dat, waar ’n eienaar van ’n motorvoertuig van sy verblyfplek in hierdie Provinsie na ’n buitegebied vir goed verhuis, genoemde stukke nie gekanseleer mag word nie, dog die registrasie-owerheid moet sodanige verhuising in sy register van motorvoertuie opteken en die registrasie in genoemde register kanselleer slegs wanneer die lisensie aan so ’n eienaar uitgereik, verval, en steeds met dien verstande dat die lisensie en lisensiebewys nie ingetrek mag word nie as genoemde stukke ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *twaalf* oorgedra moet word.”

(c) Voeg ondervermelde nuwe subartikel toe; subartikels (4) en (5) word dan respektiewelik subartikels (5) en (6):—

„ (4) (a) Die registrasie-owerheid kan na behoorlike ondersoek die registrasie van ’n motorvoertuig intrek—

(i) wat die registrasie-owerheid as onveilig of ongeskik verklaar om bestuur te word of nie behoorlik uitgerus is nie soos voorgeskryf kragtens hierdie Ordonnansie of die regulasies ingevolge daarvan uitgevaardig; of

(ii) wanneer die persoon, op wie se naam die genoemde voertuig geregistreer is, onwettig gebruik van ’n sertifikaat of lisensie maak of toelaat dat daarvan onwettig

Ord. No.  
19 van  
1933.

—  
Artikel 4.

'n lisensie tot die daaropvolgende eenendertigste dag van Desember; met dien verstande dat sodanige of dergelyke sekuriteit of waarborg wat deur 'n ander wet voorgeskryf is, ingevolge waarvan iemand vergoeding kan vorder weens verlies of skade deur hom gelyk in verband met so 'n voertuig, vir die doeleindes van hierdie artikel, beskou sal word as sekuriteit of waarborg wat aan die vereistes van die voorafgaande bepalings van hierdie subartikel voldoen.

(b) 'n Lisensie uitgereik in stryd met paragraaf (a) van hierdie subartikel is ongeldig en iemand wat 'n motorbus vir publieke verkeer bestuur ten opsigte waarvan geen sekuriteit of waarborg soos voorgeskryf in paragraaf (a) van hierdie subartikel van krag is nie, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie.

(c) Wanneer iemand wat 'n motorbus vir publieke verkeer bestuur, beskuldig is kragtens subartikel (b) hiervan word dit veronderstel dat die sekuriteit of waarborg voorgeskryf in paragraaf (a) van hierdie subartikel nie ten opsigte van so 'n voertuig gegee is nie, tensy die teenoorgestelde bewys word.

(d) Nieteenstaande enigiets vervat in enige wet, sal 'n persoon wat 'n ver-sekeringspolis uitreik kragtens hierdie artikel die persone of klasse van persone in die polis genoem moet vrywaar ten opsigte van enige verpligting wat deur die polis bedoel word om gedek te word in die geval van daardie persone of klasse van persone.

(e) Vir die doeleindes van hierdie subartikel beteken die uitdrukking, motorbus vir publieke verkeer 'n motorvoertuig vervaardig en gebruik teen betaalde vervoer van enige persone oor publieke paaie, dog dit sluit nie 'n motorvoertuig in wat aan die Regering van die Unie van Suid-Afrika of aan die Provinsiale Administrasie behoort of 'n motorvoertuig wat uitsluitlik vir die vervoer van kinders van en na 'n openbare skool gebruik word nie."

motorvoertuig vir gebruik geskik is, die feit aan die registrasie-otoriteit te rapporteer op straf van 'n oortreding van hierdie subartikel.

(f) Die voordele verbonde aan hierdie subartikel kan *mutatis mutandis* toegepas word op die eienaar van 'n motorvoertuig wat by 'n handelaar te koop gelaat is en nie anders bestuur word nie as deur die handelaar op die voorgeskrewe manier."

Ord. No.  
19 van  
1933.

—  
Artikel 3.

4. Artikel *vyf* van die hoofwet word hierby gewysig:—

Wysiging  
van  
artikel 5  
van die  
hoofwet.

- (1) Deur in subartikel (1) die woorde „ behoudens die bepalings van artikel *sestien* (1) van die Motortransportwet 1930 ”, te skrap, en hulle deur die woorde „ behoudens die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel ” te vervang.
- (2) Deur onderstaande nuwe subartikel toe te voeg:—

„ (4) (a) Vanaf 'n datum deur die Administrateur by Proklamasie in die *Offisiële Koerant* vasgestel, mag so 'n lisensie nie uitgereik word nie ten opsigte van die eiendomsreg van 'n motorbus vir publieke verkeer en geen lisensie vir so 'n voertuig wanneer as publieke voertuig gebruik (soos omskryf in artikel *twee* van die „ Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926 ’ of wysiging daarvan) mag deur 'n plaaslike bestuur kragtens enige verordeninge, wat in sy eie regsgebied van krag is, uitgereik word nie, tensy diegene wat daarom aansoek doen 'n verklaring instuur in die voorgeskrewe vorm en deur die registrasie-otoriteit uitgereik, waarin aangetoon word dat die applikant ooreenkomstig die regulasies (wat die Administrateur hierby gemagtig word om uit te vaardig) sekuriteit of waarborg gegee het, op 'n wyse en deur iemand of 'n inrigting van 'n klas wat ook by regulasie voorgeskryf is, om enige verlies of skade te vergoed, wat iemand in verband met so 'n motorbus vir publieke verkeer kan ly uit hoofde van enige oorsaak wat by regulasie omskryf is, gedurende die tydperk vanaf die datum van uitreiking van so

Ord. No.  
19 van  
1933.

—  
Artikel 3.

daarvan uit te neem, in so 'n beskadigde of uitgeslyte toestand is dat dit onmoontlik gebruik kan word, of as dit also uitmekaargeneem is dat dit vir gebruik ondoelmatig is, kan die eienaar van die registrasie-autoriteit teen betaling van twee sjielings en ses pennies vir 'n motorfiets of vyf sjielings in die geval van 'n ander motorvoertuig 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm verkry, waarby hy vrygestel word vir 'n bepaalde tydperk om, met die oog op die reparasie of herstelling of vernietiging daarvan, die lisensie uit te neem (verder in hierdie subartikel die sertifikaat genoem). Die sertifikaat mag nie uitgereik word nie, tensy die eienaar die registrasie-autoriteit oortuig dat die motorvoertuig also beskadig, uitgeslyt of uitmekaargeneem was voor die datum waarop die verpligtende uitname van 'n lisensie ontstaan het.

(b) Die registrasie van elke motorvoertuig ten opsigte waarvan 'n vrystelling kragtens hierdie subartikel verleen is, moet ooreenkomstig subartikel (2) van artikel *sewe* gekanselleer word as die genoemde voertuig vernietig is.

(c) Gedurende die oorweging van 'n *bona-fide* aansoek kragtens hierdie subartikel, is die eienaar gevrywaar teen die instelling van 'n regsgeding weens versuim, mits die beslissing van die registrasie-autoriteit nie deur sy toedoen vertraag word nie, dog die verpligting ontstaan opnuut vanaf die oorspronklike datum as die sertifikaat nie toegeken word nie.

(d) Die vrystelling verval sodra die geldigheidstermyn van die sertifikaat verloop het, tensy dit hernu is, of sodra die motorvoertuig vir gebruik genoegsaam gerepareer of herstel is, en die lisensiegeld voorgeskryf kragtens hierdie Ordonnansie word verminder met een-twaalfde deel daarvan vir elke volledige maand van die tydperk van sodanige vrystelling. Die bepaling van subartikel (3) van hierdie artikel is nie op 'n vrystellingstydperk van toepassing nie. Die hernuwing van die sertifikaat moet kosteloos geskied.

(e) Dit is die plig van die eienaar of verantwoordelike persoon om, sodra die

'n boete van hoogstens vyf pond of by gebreke van betaling tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens 'n maand.

Ord. No.  
18 van  
1933.

—  
Artikel 10.

(2) Enigeeen wat 'n hond in sy besit het of die eienaar daarvan is, of wat verantwoordelik is vir of die toesig het oor so 'n hond, waarvoor 'n lisensie kragtens hierdie Ordonnansie nodig is en wat nie 'n metaalplaatjie vir hom uitgereik, aanhet nie, is skuldig aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding veroordeel word tot 'n boete van hoogstens een pond of by gebreke van betaling tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens veertien dae.

(3) Enigeeen wat—

(a) 'n dokument namaak of stuk metaal verwerk met die doel om so 'n dokument as 'n lisensie of so 'n stuk metaal as 'n plaatjie kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik, te gebruik;

(b) 'n nagemaakte dokument of metaalplaatjie gebruik of in omloop bring, wetende dat dit met voornoemde doel nagemaak is;

(c) 'n lisensie of plaatjie aan iemand anders kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik, steel of in besit daarvan gevind word (sonder dat hy op 'n bevredigende wyse van die besit daarvan rekenskap kan gee);

is skuldig aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding veroordeel word tot gevangenisstraf met harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of 'n boete van hoogstens £50.

11. Die bepalings van hierdie Ordonnansie betreffende lisensies of die uitreiking of aanhê van plaatjies is nie op honde wat aangehou word binne 'n munisipaliteit of 'n gebied onder die regsbevoegdheid van 'n gesondheidskomitee waarin verordeninge of regulasies (na gelang van die geval) van krag is ten aansien van die lisensieëring van honde, van toepassing nie.

Sekere bepalings van hierdie Ordonnansie nie van toepassing op gebiede van plaaslike besture waar verordeninge o' regulasies vir lisensieëring van honde bestaan.

12. Alle proklamasies, kennisgewings en regulasies uitgevaardig en opgestel kragtens die bepalings van 'n wet, wat deur hierdie Ordonnansie herroep word, bly, indien nie in

Voorbehoudsbepaling.

Ord. No.  
18 van  
1933.

Van kant  
making  
van honde  
word—  
wat op  
privaat-  
eiendom  
of sonder  
plaatjies  
gevind  
word.

8. 'n Hond kan onverwyld van kant gemaak word—

- (a) deur of op las van die eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas of gedeelte van 'n plaas as dit daarop gevind word en nie onder die toesig en beheer van iemand is nie;
- (b) deur of op las van die eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas of gedeelte van 'n plaas as dit daarop skade aanrig;
- (c) deur 'n bevoegde beampte as dit êrens gevind word sonder 'n plaatjie daarvoor uitgereik kragtens hierdie Ordonnansie of 'n munisipale verordening of regulasies deur die Administrateur vir 'n gesondheidskomitee uitgevaardig.

Bevoegd-  
heid om  
regulasies  
te maak.

9. Die Administrateur kan van tyd tot tyd regulasies maak, wysig en herroep—

- (a) waarby die vorms vir gebruik vir die doel van hierdie Ordonnansie, sowel as lisensievorms en metaalplaatjies kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik, voorgeskryf word;
- (b) waarby voorgeskryf word die persone wat sodanige lisensies en plaatjies moet uitreik, asook die aansoekvorm om 'n besonder soort lisensie en die maximum-getal lisensies en plaatjies wat uitgereik kan word aan persone woonagtig in 'n bepaalde streek wat by 'n Proklamasie van die Administrateur in die *Offisiële Koerant* omskryf is;
- (c) waarby oor die algemeen voorsiening gemaak word vir alle nodige sake in verband met die behoorlike administrasie van hierdie Ordonnansie en die toepassing van die bepalings daarvan,

en in sodanige regulasies kan hy vir enige oortreding daarvan strawwe voorskryf, bestaande uit 'n boete van hoogstens vyf pond of by gebreke van betaling, gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van 'n maand.

Straf-  
bepalings.

10. (1) Enigeen wat volgens hierdie Ordonnansie 'n hond moet laat lisensieer en wat die behoorlike lisensie daarvoor nie binne die tyd in artikel *drie* voorgeskryf uitneem nie, of wat op versoek versuim om dit of die hond waarvoor dit uitgereik is ooreenkomstig artikel *ses* te vertoon, is skuldig aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding veroordeel word tot

- (2) in distrikte waar, tot bevrediging van die magistraat bewys kan word dat, weens die aanwesigheid van leeus en/of luiperds, die moontlikheid bestaan dat skade onder vee aangerig kan word en wel aangerig word, die Administrateur die vrystelling van betaling van lisensiegeld ingevolge hiervan vir enige getal van hoogstens vier honde, die eiendom van genoemde eienaar of huurder, skriftelik kan gelas;
- (3) enigeen teen betaling van die bedrag vermeld in paragraaf (b) van hierdie artikel insgelyks 'n lisensie of hernuwing daarvan kan uitneem vir enige hond van 'n windhondras of van 'n hond van 'n dergelike soort wat volgens die mening van die amptenaar belas met die uitreiking van so'n lisensie aangehou word uitsluitlik vir reisie-doelindes.
- (4) Nieteenstaande die bepalinge van paragrafe (a) en (b) van hierdie artikel sal 'n teler van honde wat geregistreer is by die „South African Kennel Union” jaarliks alleen die volgende fooi betaal:—

Meer dan tien honde ... .. £5

5. Die eienaar of iemand anders wat die beheer of toesig het oor so'n hond soos vermeld in voorbehoudsbepaling (1) van artikel vier, moet jaarliks binne die tydperk voorgeskryf in subartikel (3) van artikel drie in die voorgeskrewe vorm aansoek doen om die metaalplaatjie, wat ingevolge hierdie Ordonnansie uitgereik word, en die geldige plaatjie aan die hond, waarvoor dit uitgereik is, aansit en sorg dat dit te allen tyde gedurende so'n jaar aan hom bly.

Uitreiking van lisensie onnodig in geval van waghonde dog aansoek om metaalplaatjie moet gedoen word.

6. Enigeen wat 'n hond in sy besit het, waarvoor kragtens hierdie Ordonnansie 'n lisensie nodig is, of wat die beheer of toesig daaroor het, moet, wanneer deur 'n bevoegde beampte daartoe versoek binne veertien dae na so'n versoek, sodanige lisensie asook die hond waarvoor dit uitgereik is, vir inspeksie vertoon of laat vertoon.

Lisensie moet op aansoek vertoon word.

7. Elke sodanige lisensiehouer moet sorg dat die metaalplaatjie wat aan hom soos voormeld uitgereik is te allen tyde aan die hond bly, waarvoor so'n lisensie uitgereik is.

Lisensiehouer moet sorg dat hond metaalplaatjie aan het.

Ord. No.  
18 van  
1933.

—  
Artikel 4.



Ord. No.  
18 van  
1933.

Artikel 2.

Lisensiering  
van honde  
en uit-  
reiking van  
plaatjies.

„ voorgeskryf ” voorgeskryf deur hierdie  
Ordonnansie of ’n regulasie ingevolge  
daarvan uitgevaardig.

3. (1) ’n Eienaar of iemand anders wat die  
beheer of toesig oor ’n hond het, moet, sodra  
so ’n hond ses maande oud is, ’n lisensie sowel  
as ’n plaatjie daarvoor uitneem, soos hierin  
later bepaal.

(2) So ’n lisensie moet uitgereik word in die  
vorm en op die wyse soos by regulasie, inge-  
volge hierdie Ordonnansie uitgevaardig, voor-  
geskryf en jaarliks hernu word, en tesame  
met so ’n lisensie moet aan die houer daarvan  
uitgereik word ’n metaalplaatjie waarop die  
nommer van so ’n lisensie en jaar, waarvoor  
dit geldig is, gestempel word; en indien so ’n  
plaatjie verloor het of vernietig is, kan die  
lisensiehouer van diegene, aangestel om dit  
uit te reik, ’n duplikaat van so ’n plaatjie  
verkry teen betaling van ’n bedrag van twee  
sjielings en ses pennies.

(3) Vir ’n hond wat op 1 Januarie in enige  
jaar ses maande of meer oud is, moet aansoek  
om so ’n lisensie of hernuwing daarvan binne  
een maand na sodanige datum gedoen word,  
en ten aansien van ’n hond wat so ’n ouderdom  
tussen sodanige datum en die een-en-dertigste  
dag van Desember eersvolgende bereik, moet  
aansoek om ’n lisensie gedoen word binne een  
maand nadat hy die ouderdom bereik.

Lisensie-  
gelde.

4. Vir elke sodanige lisensie of hernuwing  
daarvan moet betaal word—

(a) ’n bedrag van vyf pond vir elke hond  
wat, volgens die oordeel van diegene  
aangestel om lisensies uit te reik,  
behoort tot die soort bekend as ’n kaffer-  
jaghond of tot die windhondras of ’n  
dergelike soort;

(b) ’n bedrag van tien sjielings vir enige  
ander soort hond;

steeds met dien verstande dat—

(1) iedere blanke persoon wat die eienaar of  
huurder van ’n plaas of ander stuk  
landbougrond is of wat, as hy ’n woon-  
huis op ’n plaas of gedeelte van ’n  
plaas werklik bewoon, sy ganse tyd  
*bona fide* aan boerderyaangeleenthede  
bestee, vrygestel is van die betaling  
van lisensiegeld vir een hond van die  
soort vermeld in paragraaf (b) van hier-  
die artikel en wat as waghond aange-  
hou word;

## 'N ORDONNANSIE

Ord. No.  
18 van  
1933.

Om die Wet met betrekking tot die Registrasie van en Kontrole oor Honde buite die Grense van Munisipaliteite te konsolideer en te wysig.

(Goedgekeur 15 November 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 1 Januarie 1934.)\*

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Die wette in bygaande skedule genoem, word en is hierby herroep vir sover in die derde kolom van genoemde skedule uiteengesit, asmede die bepalings van enige ander wet wat in stryd of onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie Ordonnansie. Herroeping  
van wette.

2. Tensy in hierdie Ordonnansie klaarblyklik 'n ander uitleg aan die word gegee moet word, beteken— Woord-  
bepalinge.

- „ Administrateur ” die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *agten-estig* van die „ Zuid-Afrika Wet ” 1909, en wysiging daarvan, handelende op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;
- „ landbou- ” ook veeteelt-, wynbou en tuinbou-;
- „ bevoegde beampte ” 'n vrederegter, polisiebeampte of konstabel, enigeen kragtens hierdie Ordonnansie aangestel om 'n lisensie uit te reik of 'n amptenaar van die Transvaalse Provinsiale Administrasie spesiaal deur die Administrateur aangestel met regsbevoegdheid vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie;
- „ Offisiële Koerant ” die *Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal*;
- „ gesondheidskomitee ” 'n gesondheidskomitee ingestel kragtens die „ Plaaslike Bestuur Ordonnansie ” 1926, of wysiging daarvan;
- „ munisipaliteit ” die gebied of distrik geplaas onder 'n Stadsraad of Dorpsraad ingestel kragtens die „ Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926 ” of wysiging daarvan;

\* Sien artikel *dertien*.

Ord. No.  
17 van  
1933.

—  
Artikel 1.

uitreiken, vrij van eenige voorwaarden vervat in de Acte van Transport, ten gunste van het Gouvernement, het gebruik van den grond beperkende, doch behoudens zoodanige andere voorwaarden als de Minister oplegt op aanbeveling van den Administrateur, met dien verstande dat in geval de grond verkocht of verhuurd wordt, de netto-opbrengst van den verkoop of de netto-huurgeden (naar gelang van 't geval) aan den Administrateur betaald en slechts gebruikt moeten worden voor zoodanige diensten van een kapitalen aard, zooals door den Administrateur goedgekeurd ten voordele van het dorp waarin zulke grond gelegen is of van een streek in de nabijheid van zulk een dorp.

Eenige kosten door den Minister gemaakt in verband met of behoorende bij de uitreiking van een Grondbrief aan een plaatselijke autoriteit of een dorpseigenaar, moeten aan den Minister door den begiftigde vergoed of betaald worden.

Voor de doeleinden van dit artikel betekent—

- , Administrateur ' de ambtenaar benoemd krachtens subartikel (1) van artikel *acht-en-zestig* van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en wijzigingen ervan, handelende op gezag van het Uitvoerende Committee van de Provincie;
- , plaatselijke autoriteit ' een stads- of dorpsraad of gezondheidscommittee ingesteld als een lichaam met rechtspersoonlijkheid krachtens de , Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926 ', of wijzigingen ervan;
- , municipaliteit ' het gebied dat onder het beheer en de rechtsbevoegdheid van een plaatselijke autoriteit geplaatst is."

Kort titel.      **2.** Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Onderwyswet-wysigingsordonnansie, 1933.

sodanige vorm moet wees as deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste goedgekeur word en wat onafgebroke deur die publiek kan gesien word.

(5) Die bepalings van subartikels (3) tot (6) van artikel *agt* van die „Perdewedrenne en Weddenskappe Ordonnansie” No. 9 van 1927 of wysiginge daarvan, is kragtens hierdie artikel *mutatis mutandis* op totalisators van toepassing op elke reisies waar die bruto-ontvangste van gelisensieerde totalisators ten opsigte van daardie reisies meer as die bedrag van drie honderd en vyftig pond (£350) is.

(6) Iemand wat—

- (a) 'n windhond- of hondereisies hou bo die getal in sy lisensie toegestaan; of
- (b) 'n windhond- of hondereisies hou op 'n ander baan as dié in sy lisensie genoem; of
- (c) handel in stryd met, of versuim om te voldoen aan, enige voorwaarde, waaraan sy lisensie kragtens hierdie Ordonnansie onderworpe is;

maak hom skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie.

2. Artikel *vier* van die hoofwet word hierby herroep en deur onderstaande nuwe artikel vervang:—

„4. Die bedrag wat vir 'n lisensie, uitgereik kragtens subartikel (1) van artikel *drie*, betaal moet word, is vyftien pond (£15).”

Herroeping van artikel 4 van die hoofwet en vervanging deur nuwe artikel.

3. (1) Niemand mag 'n totalisator in verband met 'n windhond- of hondereisies gebruik nie, tensy hy in besit is van 'n lisensie uitgereik kragtens subartikel (4) van artikel *drie* van die hoofwet, soos gewysig deur artikel *een* van hierdie Ordonnansie.

Gebruik van totalisator verbied, tensy gelisensieer.

(2) Iemand wat in stryd met die bepalinge van hierdie artikel handel, maak hom skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie en kan by skuldigbevinding veroordeel word tot 'n boete van hoogstens honderd pond (£100) of by gebreke van betaling, tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

Ord. No.  
15 van  
1933.

—  
Artikel 1.

Ord. No.  
15 van  
1933.

Artikel 1.

- (iii) niemand onder die ouderdom van een-en-twintig jaar behalwe 'n beampte van die lisensiehouer, mag toegelaat word om 'n windhond- of hondereisies by te woon nie, as daar 'n totalisator of totalisators in verband met so'n reisies gebruik word;
- (iv) geen persoon, hondereisiesklub of vereniging, behalwe die lisensiehouer, word toegelaat om reisies op die baan, vermeld in die lisensie, te hou nie;
- (v) die lisensie mag nie oorgedra word nie, behalwe met die spesiale vergunning van die Administrateur;
- (vi) die lisensie moet op aanvraag van 'n polisiebeampte bo die rang van sersant vertoon word;
- (vii) geen beroepswedder word toegelaat om op 'n reisisbaan sy bedryf uit te oefen nie.

(3) Behalwe die voorwaardes uiteengesit in sub-artikel (2) kan die Administrateur in 'n lisensie sulke ander voorwaardes oplê as hy goeddunk, mits nie met die bepalinge van hierdie Ordonnansie onbestaanbaar nie en hy kan verder voorwaardes (i), (ii) en (vii) van die gemelde voorwaardes verander of wysig ten opsigte van 'n lisensie vir hondereisies alleen; met dien verstande dat geen hondereisies gehou sal word op Kersdag of op Goeie Vrydag of op Hemelvaartsdag of in die aande van daardie dae nie.

(4) (a) Die Administrateur kan aan die houer van 'n lisensie, uitgereik kragtens subartikel (1) van hierdie artikel, op skriftelike versoek, 'n lisensie toeken om 'n totalisator of totalisators by 'n reisies op 'n plek op die baan, vermeld in die lisensie, te gebruik. So'n lisensie kan deur die Administrateur ingetrek word as een of ander van die bepalinge van hierdie artikel nie nagekom word nie.

(b) Elke transaksie aangegaan deur middel van die totalisator moet aangeteken word op 'n kaartjesbord wat in

**'N ORDONNANSIE**

Om die Hondereisies (Kontrole) Ordonnansie, 1926,  
te wysig.

Ord. No.  
15 van  
1933.

(Goedgekeur 6 November 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 15 November 1933.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**DIT WORD** deur die Provinsiale Raad van Trans-  
vaal as volg BEPAAL:—

1. Artikel drie van die Hondereisies (Kontrole) Ordonnansie 1926, (hierin verder die hoofwet genoem) word hierby herroep en vervang deur ondervermelde nuwe artikel:—

Herroeping  
van artikel  
3 van die  
hoofwet en  
vervanging  
deur nuwe  
artikel.

“3. (1) Iemand wat 'n lisensie wil uitneem, moet by die Administrateur daarom aansoek doen wat na goedvinde 'n lisensie geldig vir 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van uitneming, kan uitreik.

(2) Elke lisensie uitgereik kragtens die bepalings van hierdie artikel, moet—

(a) die getal reisies (hoogstens een per week) vermeld, wat gedurende die geldigheidstermyn daarvan gehou mag word, asook die baan waarop sodanige reisies toegelaat is;

(b) aan ondervermelde voorwaardes onderworpe word:—

(i) Geen reisies mag op 'n aangewese dag gedurende die tyd 6 v.m. tot 7 n.m. of van 11 n.m. van een dag tot 6 v.m. die volgende dag gehou word nie;

(ii) 'n reisies kan òf op 'n Woensdagaand òf 'n Vrydagaand tussen die ure 7 n.m. en 11 n.m. gehou word en op geen ander aand nie, dog op Krimisaand of Goeievrydagaand mag geen reisies gehou word nie;

Ord. No.  
14 van  
1933.

Artikel 7.

(2) Deur in subartikel (3) die woord „magistraat” te skrap en dit deur die woorde „inkomste amptenaar” te vervang.

(3) Deur die voorbehoudsbepaling te skrap en dit deur ondervermelde nuwe voorbehoud te vervang:—

„met dien verstande dat die inkomste amptenaar ’n vrystellingsertifikaat moet uitreik aan elkeen aan wie vrystelling kragtens subartikels (2) (c) en (3) van hierdie artikel verleen is.”

Die Administrateur kan van tyd tot tyd reëls maak vir die leiding van inkomste-amptenare by uitreiking van sertifikate kragtens hierdie bepaling.

Herroeping van artikel 12 van die hoofwet en vervanging deur ’n nuwe artikel.

8. Artikel *twaalf* van die hoofwet word hierby herroep en deur ondervermelde nuwe artikel vervang:—

„12. Vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie, kan die inkomste amptenaar van die distrik waarin so ’n persoon gewoonlik woonagtig is, na goeë dunde, iemand anders benoem tot agent van sodanige persoon. So ’n agent is verantwoordelik vir die betaling van belasting verskuldig deur diegene vir wie hy as agent benoem is; met dien verstande dat die agent nie aanspreeklik is nie vir ’n groter bedrag as dié van enige geld wat aan so ’n persoon behoort en wat hy bestuur, beheer of bewaar.”

Wysiging van artikel 13 van die hoofwet.

9. Artikel *dertien* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

(a) Deur na die woord „woon” die woorde „op of” in te voeg.

(b) Deur die woorde „die vervaldatum” te skrap en hulle te vervang deur die woorde „die voorgeskrewe betaaldag”.

(c) Deur ondervermelde verdere voorbehoudsbepaling daaraan toe te voeg:—

„en met dien verstande verder dat die inkomste amptenaar die bevoegdheid besit om van enige boete af te sien in gevalle waarvan hy oortuig is dat die belastingbetaler sonder sy eie toedoen nie in staat is om die voorwaardes, waarop sodanige verlof verleen is, streng na te kom nie.”

Kort titel.

10. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die „Persoonlike en Inkomstebelastings-Wysigingsordonnansie 1933”.

- (2) word 'n ongehuude persoon (met inbegrip van 'n weduwee, wewenaar, geskeie persoon of iemand wat kragtens 'n geregtelike order of skriftelike ooreenkoms van tafel en bed geskeie is) wat die enigste steun van 'n ouer is, as gehuud geag."

Ord. No.  
14 van  
1933.

—  
Artikel 3.

4. Subartikel (3) van artikel *vier* van die hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „betrekklike Unie normale en/of ekstra belasting-aanslag” daarin te skrap en hulle te vervang deur „aanslag in die desbetreffende Unie-normale en/of ekstra of addisionele belasting”.

Wysiging  
van  
artikel 4 (3)  
van die  
hoofwet.

5. Subartikel (2) van artikel *vyf* van die hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „inkomste belastingbetaler” daarin te skrap en hulle te vervang deur die woord „persoon”.

Wysiging  
van  
artikel  
5 (2) van  
die  
hoofwet.

6. Subartikel (1) van artikel *sewe* van die hoofwet soos gewysig by artikel *twee* van Ordonnansie No. 20 van 1930, word hierby gewysig deur die woorde „binne dertig dae vanaf sulke verlanse” daarin te skrap en hulle te vervang deur die woorde „binne sodanige tydperk as hy verlang”.

Wysiging  
van  
artikel 7 (1)  
van die  
hoofwet.

7. Artikel *ag*t van die hoofwet soos gewysig by artikel *drie* van Ordonnansie No. 20 van 1930, word hierby as volg gewysig:—

Wysiging  
van  
artikel 8  
van die  
hoofwet.

- (1) Deur subartikel (2) te herroep en dit deur ondervermelde nuwe subartikel te vervang:—

„(2) (a) 'n Ongehuude manlike volwassene wat die inkomste amptenaar oortuig dat sy inkomste gedurende die twaalf maande geëindig op die datum waarop die belasting betaalbaar was, minder as £50 bedra het.

(b) 'n Gehuude manlike volwassene wat die inkomste amptenaar oortuig dat sy inkomste gedurende die twaalf maande geëindig op die datum waarop die belasting betaalbaar was, minder as £100 bedra het.

(c) 'n Manlike volwassene wat deur die inkomste amptenaar van die distrik waarin hy woon verklaar word as iemand wat in behoeftige omstandighede verkeer en nie in staat is om die belasting of belastings deur hom verskuldig, te betaal nie.”



Ord. No.  
14 van  
1933.

## 'N ORDONNANSIE

Om die „Persoonlike en Inkomstebelastings Ordonnansie, 1928”, in sekere opsigte te wysig.

(Goedgekeur 6 November 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 15 November 1933.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**DIT WORD** deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAL**:—

Wysiging van artikel 2 (1) „Persoonlike en Inkomstebelastings Ordonnansie No. 10 van 1928.”

**1.** Subartikel (1) van artikel *twee* van die Ordonnansie 1928” (hierin verder die hoofwet genoem) word hierby as volg gewysig:—

- (1) Deur die woorde „bo die leeftyd van een-en-twintig jare” te skrap en hulle deur die woorde „van ’n leeftyd van een-en-twintig jaar en ouer” te vervang.
- (2) Deur in subartikel (i) en (ii) van paragraaf (c) die woord „belasbare” te skrap.

Invoeging van nuwe artikel 2A in hoofwet.

**2.** Ondervermelde nuwe artikel word hierby vasgestel en moet onmiddellik na artikel *twee* van die hoofwet onder nommer 2A. ingevoeg word:—

„2A. As iemand, woonagtig in die Provinsie wat kragtens hierdie Ordonnansie belasting moet betaal en wat voor die datum, waarop die belasting betaalbaar is, sterf, dan is die belasting deur die boedel van so ’n persoon verskuldig.”

Herroeping van artikel 3 van die hoofwet en vervanging deur ’n nuwe artikel.

**3.** Artikel *drie* van die hoofwet word hierby herroep en deur ondervermelde nuwe artikel vervang:—

„3. Vir die doeleindes van artikel *twee*—

- (1) word ’n weduwee, wewenaar, geskeie persoon of iemand wat kragtens ’n geregtelike order of skriftelike ooreenkoms van tafel en bed geskeie is, as ongehuud beskou, met dien verstande, dat so iemand wat ’n minderjarige kind onderhou, en ’n ongehuude persoon wat ’n aangenome kind onderhou, as gehuud geag word;

5. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel-<sup>Kort</sup>  
eindes aangehaal word as die Toeëienings<sup>titel</sup>  
(1933-1934) Ordonnansie, 1933.

Ord. No.  
13 van  
1933.

## Skedule.

No. van Pos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
		£	£
1	Algemene Administrasie. ....	82,729	—
2	Onderwys. ....	2,826,108	—
	Insluitende :—		
	Toelae aan Tandheelkundige Kliniek, Johannesburg. ....	—	1,000
	Toelae aan Tandheelkundige Kliniek, Pretoria. ....	—	600
	Toelae aan Bilharzia Komitee. .	—	250
	Toelae aan Ondersteunde Plaas- skole. ....	—	4,100
	Toelae aan Private Skole. ....	—	4,418
	Toelae vir Onderwys aan Eur- afrikaanse en Asiatiese Kin- ders. ....	—	398
	Onderwys van Naturelle Kinders	—	98,356
	Toelae aan Isipingo Strand Her- stellings Tehuis. ....	—	500
	Toelae aan Junior Rooie Kruis Vereniging. ....	—	50
3	Hospitale en Liefdadigheids- instellings, met inbegrip van Arme- sorg. ....	466,336	—
	Insluitende onderstaande toelae :		
	Hospitale wat val onder die be- palings van die Publieke Hos- pitale Ordonnansie, 1928. ....	—	352,624
	Hospitale wat nie val onder die bepalings van die Publieke Hospitale Ordonnansie, 1928.	—	7,142
	Liefdadigheidsinstellings. ....	—	33,244
4	Weë, Brûe en Plaaslike Werke. ....	513,737	—
	Insluitende :—		
	Toelae aan Plaaslike Autoriteite	—	800
	Betaling aan Weëfonds. ....	—	262,000
	Betaling aan Uitspanplekke en Weëfonds. ....	—	500
5	Diverse Dienste. ....	4,765	—
	Insluitende onderstaande toelae :		
	Nasionale Park. ....	—	3,000
	Vis-verenigings. ....	—	30
	Stadsaanleg Vereniging. ....	—	25
6	Rente en Aflossing. ....	331,440	—
7	Kapitaaluitgawe. ....	192,392	—
	Insluitende die onderstaande toe- lae :		
	Spesiale toelae van Unie-regering vir Padwerk. ....	—	569
	Warmbad Raad van Kuratore..	—	400
		£	
		4,417,507	
	Weëfonds. ....£	224,000	

Ord. No.  
13 van  
1933.

## 'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £4,417,507 vir die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1934.

(Goedgekeur 6 November 1933.)

(Datum van inwerktrading, 8 November 1933.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

Provinsiale  
Inkomste-  
fonds belas  
met  
£4,417,507.

1. Die Provinsiale Inkomstefonds word hierby belas met sulke geldsomme as mag nodig wees vir die diens van die Provinsie gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1934, in die geheel die som van viermiljoen vierhonderd en sewentien-duisend vyfhonderd-en-sewe pond nie te bowegaande, as volg:—

Vir bestryding van gewone of wederkerende uitgawe ... ..	£4,225,115
Vir bestryding van kapitaal of onwederkerende uitgawe ...	192,392

Aanwen-  
ding van  
gelde.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegeëien sal aangewend word vir die dienste wat omskryf is in bygevoegde skedule en meer in die besonder gespesifiseer in die Begroting van Uitgawe (Nos. T.P. 3 en 5 van 1933) soas deur die Provinsiale Raad goedgekeur en onderwerp aan artikel *drie* hiervan en vir geen ander doel nie.

Adminis-  
trateur mag  
wysigings  
magtig.

3. Met die goedkeuring van die Administrateur, wat handel met die toestemming van die Uitvoerende Komitee, kan 'n besparing op enige subhoof van 'n pos aangewend word tot dekking van meerdere uitgawe onder enige andere subhoof van uitgawe onder 'n nuwe subhoof van dieselfde pos mits dat geen meerdere uitgawe sal gemaak word op die somme wat voorkom in kolom 2 van bygevoegde skedule nie, ewenmin sal besparings daarop beskikbaar wees vir enige doel ander as daardie waarvoor die geld hierby toegestaan word.

Weëfonds-  
rekening  
belas met  
£224,000.

4. Die Weëfondsrekening word hierby belas met sulke geldsomme as mag nodig wees vir die finansiële jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1934, in die geheel die som van tweehonderd vier-en-twintigduisend pond nie te bowegaande nie.

**13.** Die bedrag van opgelegde belastinge en opgelope boetes is ingevolge die bepalinge van hierdie Ordonnansie aan die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal verskuldig, en sodra betaalbaar, kan die Kommissaris handelende namens die Administrateur daarvoor dagvaar en dit by wyse van 'n regsgeding in 'n hof met bevoegde jurisdiksie invorder.

Invordering van belasting. **Ord. No. 12 van 1933.**

**14.** Alle boetes ingevorder in verband met 'n oortreding van hierdie Ordonnansie, moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.

Storting van boetes in Provinsiale Inkomstefonds.

**15.** Die Kommissaris is met die toepassing van hierdie Ordonnansie belas en kan van tyd tot tyd vorms of verklaringe voorskryf wat vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie vereis word.

Voorgeskrewe vorms.

**16.** Om die oogmerke en bedoelinge van hierdie Ordonnansie beter te laat uitvoer, kan die Administrateur regulasies maak wat nie in stryd met die bepalinge daarvan is nie.

Regulasies.

**17.** Alle regulasies, uitgevaardig of opgestel volgens die bepalinge van enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep, wat nie met die bepalinge daarvan onbestaanbaar is nie, bly van krag totdat hulle ingevolge die bepalinge van hierdie Ordonnansie herroep of gewysig word.

Van krag blywende bepalinge.

**18.** Onderstaande Ordonnansies word hierby herroeping herroep:—

Die Maatskappye Belasting Ordonnansie, No. 8 van 1923.

Die Maatskappye Belasting Wysigingsordonnansie, No. 23 van 1925.

Die Maatskappye Belasting Wysigingsordonnansie, No. 3 van 1927.

Die Maatskappye Belasting Wysigingsordonnansie, No. 7 van 1931.

**19.** Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Maatskappye-Belasting-Ordonnansie, 1933.

Kort titel.

Ord. No.  
12 van  
1933.

—  
Artikel 10.

- (3) 'n maatskappy wat geen sake doen vir winsbejag of voordeel, wat onder die aandeelhouders of lede daarvan verdeel of waarmee hulle gekrediteer moet word;
- (4) enige gedeelte van 'n dividend deur 'n finansiële maatskappy uitgekeer uit dividende wat alreeds belas is as 'n dividend volgens hierdie Ordonnansie uitgekeer;
- (5) 'n dividend uitgekeer by die likwidasie van 'n maatskappy;
- (6) 'n onderlinge lewensversekeringsmaatskappy;
- (7) enige gedeelte van die belasbare inkomste van 'n nie-onderlinge lewensversekeringsmaatskappy, wat onder sy polishouders verdeel word;
- (8) 'n maatskappy wat op die datum, waarop die belasting verskuldig is, in 'n rustende toestand verkeer, geen inkomste het, en geen werksaamhede ten voordele van sy aandeelhouders uitvoer nie.

Spesiale  
vrystel-  
linge.

**11.** 'n Finansiële maatskappy onderworpe aan die belasting op verklaarde dividende, is nie aan die belasting op belasbare inkomste onderhewig nie.

Boete vir  
laat  
betaling.

**12.** (1) Iemand wat sonder gegronde rede versuim of nalaat om 'n belasting, wat volgens hierdie Ordonnansie verskuldig is, voor of op die datum of binne die tydperk voorgeskryf in artikel *ses* of in subartikel (4) van artikel *nege*, na gelang van die geval, te betaal, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens £10 (tien pond) of by gebreke van betaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

(2) As 'n belasting wat ingevolge hierdie Ordonnansie verskuldig is, nie voor of op die datum of binne die tydperk voorgeskryf in artikel *ses* of subartikel (4) van artikel *nege*, na gelang van die geval, betaal word nie, dan moet aan die betaalbare bedrag as 'n boete vir elke maand of gedeelte van 'n maand, gedurende welke die versuim voortduur, 'n bedrag toegevoeg word bereken teen 10 persent van die onbetaalde bedrag, met dien verstande dat die bedrag van die boete nie meer as die bedrag van die belasting mag wees nie.

van artikel *tien*, moet die Kommissaris die deel vasstel wat ingevolge hierdie Ordonnansie aan belasting onderworpe is.

Ord. No.  
12 van  
1933.

9. (1) Wanneer 'n dividend nie in geld uitgekeer word en die Kommissaris nie met die opgegewe waarde van so'n dividend akkoord gaan nie, moet hy so'n waarde vir die dividend vasstel as wat hom billik en redelik voorkom, en enige hoër belasting invorder wat op grond van sodanige verhoogde waardering betaalbaar is.

Waardering  
van  
dividend.  
Artikel 8.

(2) Waar 'n finansiële maatskappy buite die Provinsie sake doen, moet die dividend vir distribusie deur die Kommissaris verdeel word, en die belasbare persentasie moet volgens dieselfde verhouding bereken word as waarin die bruto-bate in die Provinsie staan tot die totale bruto-bate volgens die laaste balansstaat op datum van betaling. Met dien verstande dat die bruto-bate in die Provinsie alle besittinge in aandele, skuldbriewe of preferente aandele in 'n maatskappy moet insluit, wat sy vernaamste besigheid in die Provinsie doen, onverskillig waar bedoelde effekte gedeponeer is of die plek waar die dividende of rente betaal is of betaal moet word.

Verdeling  
van  
dividende.

(3) Waar 'n dividend verklaar word as vry van die belasting by hierdie Ordonnansie op dividende opgelê, moet die verskil tussen die soverklaarde bedrag en die bedrag wat verklaar sou gewees het as die dividend aan die belasting onderworpe was, by so'n dividend gevoeg word. Die bedrag wat op hierdie wyse verkry word, moet vir die doel van hierdie Ordonnansie as die uitgekeerde dividend beskou word.

(4) Die maatskappy moet binne 30 dae na die datum waarop 'n dividend verklaar is aan die Ontvanger van Inkomste die voorgeskrewe verklaring instuur en die belasting op die waarde van die verklaarde dividend betaal.

Wanneer  
betaalbaar.

(5) As 'n maatskappy 'n dividend uitkeer voordat die verskuldigde belasting betaal is, dan kan hy met hoogstens £100 beboet word.

10. Van belasting is vrygestel:—

Vrystel-  
linge.

- (1) Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *drie* van Wet No. 5 van 1921: enige gedeelte van 'n belasbare inkomste of enige gedeelte van 'n uitgekeerde dividend, wat uit delwery of regte in of op myne of minerale verkry word;
- (2) belasbare inkomste wat verkry word uit 'n bron buite die Provinsie;

Ord. No.  
12 van  
1933.

—  
Artikel 4.

(4) Iedere verklaring of ander dokument ingelewer vir die doel van hierdie Ordonnansie, moet as vertroulik behandel word en mag nie gebruik of op enigerlei wyse wat ook al openbaargemaak word nie, behalwe vir die toepassing van hierdie Ordonnansie of op las van 'n bevoegde geregshof en geen insage daarvan vir enige ander doel word geoorloof nie.

Straf-  
bepalings.

5. (1) Iemand wat in gebreke bly, versuim of weier om 'n verklaring of ander dokumentêre bewys te verstrek soos in voorafgaande artikel voorgeskryf, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens £50 of by gebreke van betaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(2) Iemand wat, met die doel om belasting te ontduik of om 'n maatskappy in staat te stel dit te ontduik, moedswillig en opsetlik 'n verklaring affê wat 'n verkeerde voorstelling bevat of 'n feit nodig vir die juiste belastingaanslag verberg of versuim om dit openbaar te maak, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens £100 of by gebreke van betaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(3) Ingeval iemand versuim om 'n verklaring af te lê wanneer daartoe versoek, moet die Ontvanger van Inkomste die belasting betaalbaar deur so'n maatskappy aanslaan en die bedrag aldus aangeslaan, is, ten aansien van die aanspreeklikheid van so'n maatskappy kragtens hierdie Ordonnansie, finaal en bindend.

Wanneer  
betaalbaar.

6. Die belasting is jaarliks deur ander maatskappye as finansiële maatskappye op 30 Junie verskuldig en moet voor of op die eenen-dertigste dag van Augustus in sodanige jaar betaal word, maar nie later as twee maande na die datum wanneer die betrokke Inkomstebelastingaanslag vir die Unie vasgestel is.

Aan wie  
betaalbaar.

7. Belasting wat kragtens hierdie Ordonnansie betaal moet word, is betaalbaar aan die Ontvanger van Inkomste van die distrik waarin die hoofkantoor of besigheidsplek in die Provinsie geleë is.

Verdeling.

8. Waar tot bevrediging van die Kommissaris bewys is dat 'n gedeelte van die belasbare inkomste of uitgekeerde dividend van belasting vrygestel is kragtens die bepaling

- „ belasbare inkomste ” die bedrag van belasbare inkomste aanslaanbaar jaarliks op enige maatskappy ooreenkomstig die wette van die Unie oor Inkomstebelasting vir die twaalf maande geëindig 30 Junie voorafgaande aan die jaar ten opsigte waarvan die belasting kragtens hierdie Ordonnansie betaalbaar is;
- „ uitgekeerde dividend ” ook ’n bedrag gelds, bonus, aandeel of ander bedrag gelds wat daarmee gelykstaan en betaal, toegewys, uitgekeer of gekrediteer is deur ’n finansiële maatskappy aan of onder sy aandeelhouers of lede as sodanig.

**Ord. No.  
12 van  
1933.**

**Artikel 2.**

**3.** Onderworpe aan ’n minimum jaarlikse <sup>Belasting-</sup>betaling van £5, is die belastingtarief waar- <sup>tarief.</sup>volgens maatskappye moet betaal—

ten opsigte van ander maatskappye as finansiële maatskappye vir elke pond belasbare inkomste, ses pennies;

ten opsigte van finansiële maatskappye vir elke pond aan dividende uitgekeer, een sjieling.

**4.** (1) Iedere maatskappy wat kragtens hierdie Ordonnansie belasting moet betaal, <sup>Verkla-</sup>moet aan die Ontvanger van Inkomste ’n <sup>rings.</sup>beëdigde verklaring verstrek op die voorgeskrewe vorm waarin vermeld word die bedrag van belasbare inkomste of verklaarde dividende, na gelang van die geval, en enige ander besonderhede wat nodig is om die aanspreeklikheid vir maatskappybelasting vas te stel, en geen belasting mag aangeneem word nie, tensy dit van voornoemde verklaring vergesel is.

(2) Die plig om opgawes te verstrek en om gelde vereis kragtens hierdie Ordonnansie te betaal, rus op die persoon wat die pos van publieke amptenaar van so’n maatskappy beklee ingevolge die bepalings van Wet No. 40 van 1925, of wysiginge daarvan, of ’n later Wet oor Inkomstebelasting of op sodanige ander persoon as die Kommissaris aanwys.

(3) Vir die doel om die bedrag van belasting, wat ’n maatskappy moet betaal, na te gaan, kan die Ontvanger van Inkomste verlang dat so’n maatskappy vir sy insage moet voorlê alle aanslae in inkomstebelasting van die Unie of ander dokumente wat nodig is om die bedrag van betaalbare belasting kragtens hierdie Ordonnansie vas te stel.



Ord. No.  
12 van  
1933.

## 'N ORDONNANSIE

Tot samevatting en wysiging van die wette betreffende di oplegging van 'n Belasting op Maatskappye.

(Goedgekeur 1 November 1933.)

(Datum van inwerktrading, 15 November 1933.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

**Hefing van belasting.** 1. Ten behoeve van die Provinsiale Inkomstefonds moet daar 'n belasting op maatskappye gehef, of in verband daarmee bereken en ingevorder word teen die tarief en op die wyse hierin verder vermeld.

**Woord-bepalings.** 2. In hierdie Ordonnansie, tensy teenstrydig met die sinsverband, beteken—

- „Administrateur” die amptenaar benoem kragtens artikel *ag-en-sestig* van die „Zuid-Afrika Wet, 1909”, of wysiging daarvan, handelende op gesag van die Uitvoerende Komitee;
- „Kommissaris” die Kommissaris van Binnelandse Inkomste of enigeen wat in dié hoedanigheid of namens hom wetlik optree;
- „maatskappy” 'n vereniging, wat ingevolge 'n wet van krag in die Unie of elders ingelyf of geregistreer is en besigheid dryf of 'n kantoor of besigheidsplek in die Provinsie Transvaal het of wat inkomste ontvang of aan wie gelde toekom uit bronne binne die Provinsie gedurende die tydperk van twaalf maande geëindig op 30 Junie voorafgaande aan die jaar ten opsigte waarvan belastings kragtens hierdie Ordonnansie betaalbaar is;
- „finansiële maatskappy” 'n maatskappy waarvan die waarde van sy besittinge, volgens sy laaste balansstaat verteenwoordig deur aandele, skuldbriewe of preferente aandele in ander maatskappye, met inbegrip van buitelandse maatskappye, tesame met lenings aan ander maatskappye, meer is as die helfte van die waarde van die totale bruto-bate van so'n maatskappy volgens sodanige balansstaat;

- (2) sodanige formaliteite en vereistes voorgeskryf in genoemde Hoofstuk verontagsaam as hy gerade ag, indien hy oortuig is dat daar redelike grond bestaan en dat die belange van ander persone nie daardeur benadeel sal word nie. Enige opmeting of verdeling van grond goedgekeur kragtens hierdie artikel word as 'n uitbreiding van so 'n dorp geag.

Ord. No.  
11 van  
1933.  
—  
Artikel 3.

4. Subartikel (1) van artikel *vier-en-twintig* van die hoofwet word gewysig deur na die woorde „moet die applikant” in te voeg „wanneer die Administrateur dit verlang”.

Wysiging  
van artikel  
24 van die  
hoofwet.

5. Artikel *ses-en-vyftig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

Wysiging  
van  
artikel 56  
van die  
hoofwet.

- (1) deur na die woorde „glo dat” die woorde „die opmeting of verdeling van grond bestem is vir een of meer van die doeleindes vermeld in paragraaf (d) van die definisie van „dorp” of dat” in te voeg;
- (2) deur na die woord „Administrateur” waar dit die tweedemaal voorkom die woorde „die opmeting of verdeling van 'n stuk grond bestem is soos voor- noemd of dat” in te voeg.

6. Artikel *een-en-sestig* van die hoofwet word hierby gewysig deur ondervermelde nuwe paragrafe daaraan toe te voeg:—

Wysiging  
van  
artikel 61  
van die  
hoofwet.

- „(c) die onderverdeling van 'n erf in 'n dorp soos in hierdie Ordonnansie omskryf, mits so 'n onderverdeling nie met die bepalings van hierdie Ordonnansie of 'n vorige wet of voorwaarde van eiendomsbewys in stryd is nie;
- (d) 'n stuk grond wat vir landbouhoewes opgemeet is kragtens die „Landbou hoeven (Transvaal) Registratie Wet’ No. 22 van 1919 of wysiginge daarvan”.

7. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Dorpe- en Dorpsaanleg Verdere Wysigingsordonnansie 1933, en moet saam met die hoofwet en wysiginge daarvan vertolk word.

Kort titel.

Ord. No,  
11 van  
1933.

# 'N ORDONNANSIE

Om die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931,  
in sekere opsigte te wysig.

(Goedgekeur 27 Oktober 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 8 November 1933.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAL**:—

Wysiging  
van  
artikel 1  
van die  
hoofwet

1. Artikel *een* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie 1931 (hierin verder die hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf (*d*) in die definisie van dorp te skrap en dit deur ondervermelde nuwe paragraaf te vervang:—

„ (*d*) enige grond wat geregistreer is as een of meer stukke, hetsy aanmekaar of naby mekaar, en wat opgemeet of verdeel word of opgemeet of verdeel moet word in boupersele vir wonings, besighede, nywerhede, geboue, be-drywe of soortgelyke doeleindes of vir stedelike nedersetting gerangskik op so 'n manier dat dit deur strate, verkeersweë en deurgange deurkruis word of in verbinding staan met of grens aan pleine of ope ruimtes.”

Wysiging  
van  
artikel 2  
van die  
hoofwet.

2. Artikel *twee* van die hoofwet word hierby gewysig deur aan die einde van subartikel (1) daarvan ondervermelde voorbehoudsbepaling toe te voeg:—

„ met dien verstande dat die Administrateur 'n plaasvervanger in die plek van enige lid kan benoem om as lid van die raad in die afwesigheid van so 'n persoon op te tree.”

Bevoegd-  
hede  
van die  
Adminis-  
trateur ten  
aansien van  
verdeling in  
persele van  
hoogstens  
15 in  
getal.

3. Nieteenstaande andersluidende bepalings in Hoofstuk III van die hoofwet, kan die Administrateur op aanbeveling van die Raad by kennisgewing in die *Offisiële Koerant*—

(1) die opmeting of verdeling in hoogstens vyftien stukke van ander grond as 'n erf op die dorpsgrond in die nabyheid van 'n dorp, goedkeur en sodanige voorwaardes oplê as hy nodig ag; en

is sal ten opsigte van dié jaar sodanige gedeelte van die belasting betaal as wat die proporsie uitmaak in verhouding tot die onafgelope gedeelte van die jaar, gereken vanaf die datum van die van die handsitting, oor die gehele jaar.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 28.

29. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Minerale Baaie (Toesig en Beheer) Ordonnansie, 1933, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* vasstel.

Kort titel  
en datum  
van inwerk-  
kingtre-  
ding.

### Eerste Skedule.

#### WETTE WAT HERROEP WORD.

(Artikel een.)

Nummer en jaartal van wet.	Titel van wet of onderwerp waaroor dit handel.	Vir hoever herroep.
Ordonnansie No. 5 van 1929	Die Warmbad (Toesig en Beheer) Ordonnansie, 1929	In sy geheel.
Ordonnansie No. 7 van 1930	Die Publieke Gesondheidsoorde Ordonnansie, 1930	In sy geheel.
Ordonnansie No. 9 van 1930	Die Warmbad (Toesig en Beheer) Wysigings Ordonnansie, 1930	In sy geheel.
Ordonnansie No. 8 van 1931	Die Warmbad (Toesig en Beheer) Wysigings-Ordonnansie, 1931	In sy geheel.

### Tweede Skedule.

#### STREKE WAT ONDER DIE BEHEER EN BESTUUR VAN DIE RAAD VAN KURATORE VIR WARMBADPLASE GESTEL WORD.

[Artikel vyf (2).]

- I. *Gedeeltes van die plaas Het Bad No. 832, distrik Waterberg.*
  - (a) Gedeelte „ H ”, groot 26 morg 64,987 vierkantvoet.
  - (b) Gedeelte „ J ”, groot 93 morg 74,777 vierkantvoet.
- II. *Persele in die Dorp Warmbad, distrik Waterberg.*
  - (a) Perseel No. 261, Warmbad, groot 10 morg 234 vierkantroede 20 vierkantvoet.
  - (b) Perseel No. 262, Warmbad, groot 11 morg 457 vierkantroede 123 vierkantvoet.
- III. *Gedeeltes van die plaas Doornpoort No. 29, Distrik Carolina.*
  - (a) Gedeelte B, groot 1,000 morg.
  - (b) Resterende gedeelte van gedeelte C, groot as sodanig 398 morg 53 vierkantroede.
  - (c) Gedeelte „ D ”, groot 498 morg 410 vierkantroede.
- IV. *Die plaas Honnet No. 1190, distrik Zoutpansberg, groot 2,194 morg 120 vierkantroede.*
- V. *'n Gedeelte van die plaas „ Warmbad ” No. 105, distrik Piet Retief, groot ongeveer 926 morg.*

**Ord. No.  
10 van  
1933**

Beskikking  
oor boetes.

**24.** Alle boetes wat vir 'n oortreding van een of ander regulasie van die raad of vir enige ander oortreding van hierdie Ordonnansie verhaal word, of borgtoggelde verbeur vanweë die versuim van die beskuldigde om te verskyn om homself op sodanige aanklag te verantwoord moet in die kas van die raad gestort word.

Bestaande  
regulasies.

**25.** Die regulasies opgestel deur die raad kragtens een of ander van die wette wat ingevolge hierdie Ordonnansie herroep word, is vanaf die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie, net so regsgeldig asof hulle kragtens hierdie Ordonnansie opgestel is.

Ekstra  
bevoegd-  
hede kan  
aan raad  
verleen  
word.

**26.** Voordat daar kragtens die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie van 1926”, of wysiging daarvan 'n plaaslike bestuur ingestel word vir een of ander streek wat onder die beheer en bestuur van die raad staan, kan die Administrateur van tyd tot tyd, by wyse van 'n proklamasie in die *Offisiële Koerant*, een of ander van of al die bevoegdhede en pligte, wat kragtens Hoofstuk IX van genoemde Ordonnansie aan gesondheidskomitees verleen is of verleen kan word, aan die raad oordra.

Verslae,  
ens., moet  
aan  
Adminis-  
trateur  
verstrek  
word.

**27.** Die raad moet aan die Administrateur 'n gewaarmerkte afskrif stuur van alle notule van hulle verrigtinge in die gewone loop van sake, of van die verrigtinge van een of ander komitee wat die raad aangestel het, of van 'n staat van die rekeninge van die raad, of die verslae, statistieke en stukke wat die Administrateur van tyd tot tyd nodig het.

Vrystelling  
van  
belasting.

**28.** (1) Geen plaaslike bestuur mag op grond of verbeteringe, wat aan die raad behoort, eiendomsbelastinge hef nie.

(2) Nieteenstaande die bepaling vervat in subartikel (1) van hierdie artikel, sal, telkens wanneer onroerende eiendom van die raad van die hand gesit is, sodanige eiendom belasbaar word van die datum van sodanige van die handsitting af as of die eiendom op dié datum oorgedra was aan die persoon ten gunste van wie sodanige van die handsitting gemaak was en vanaf die datum sal deur sodanige persoon belasting daarop verskuldig wees. Ten opsigte van die jaar waarin die van die handsitting gemaak is kan die plaaslike bestuur belasting hef op sodanige eiendom op dieselfde basis as dié waarop belasting op andere eiendom binne die gebied van sodanige plaaslike bestuur vir die jaar gehef was en die persoon ten gunste van wie die van die handsitting gemaak

- (11) vir die aanplanting en beskerming van bome, blomme en struikgewasse op die eiendom van die raad, asook vir die versorging, afkap of verwydering van sodanige bome en vir die voorkoming van die verwydering of beskadiging daarvan;
- (12) vir die verkoop van onopgeëiste verlore goedere wat op die eiendom van die raad gevind word;
- (13) vir die handhawing van tug en welvoeglikheid onder die besoekers by die badplase en vir die weiering van toegangsverlof aan of uitsetting van persone wat dit nie nakom nie;
- (14) oor die algemeen vir die doelmatige beheer oor en bestuur van die badplase.

Alle regulasies wat die raad opstel en wat die goedkeuring van die Administrateur wegdra, moet in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word.

**20.** In die regulasies van die raad kan voorsiening gemaak word vir 'n boete of ander strawwe vir 'n oortreding daarvan, asook vir verskillende boetes of ander strawwe vir agtereenvolgende of voortdurende oortredings, dog geen boete mag meer as vyftig pond bedra nie.

Bevoegdheid om strawwe vir oortredinge van hierdie regulasies op te lê.

**21.** Dit word beskou dat 'n oortreding van een of ander van die regulasies van die raad, 'n oortreding van hierdie Ordonnansie is en elkeen wat skuldig is aan so 'n oortreding of aan 'n oortreding van een of ander van die bepalings van hierdie Ordonnansie, is vir elke sodanige oortreding strafbaar met die straf wat uitdruklik in die betrokke regulasie opgelê is en as daar geen straf voorgeskryf word nie, dan met 'n boete van hoogstens tien pond.

Strawwe waar nie anders bepaal nie.

**22.** Alle boetes en ander gelde betaalbaar in verband met 'n oortreding van hierdie Ordonnansie of een of ander regulasie, kan in enige bevoegde hof verhaal word.

Verhaal van boetes.

**23.** Waar daar kragtens hierdie Ordonnansie of een of ander regulasie 'n boete opgelê is en die veroordeelde persoon dit nie onmiddellik betaal nie, kan die hof wat die boete oplê, gelas dat sodanige persoon gevangenisstraf van hoogstens een maand, met of sonder harde arbeid, moet ondergaan, as die opgelegde boete nie meer as vyf pond bedra nie, of gevangenisstraf van hoogstens drie maande as die opgelegde boete meer as vyf pond bedra, en sodanige persoon moet die gevangenisstraf soos voornoem ondergaan tensy hy eerder die boete betaal.

Wanbetaling van boete.

Ord. No.  
10 van  
1933.

Artikel 19.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 19.

- (3) vir die benoeming van plaaslike bestuurskomitees en die voorskrywing van hulle bevoegdhede, werkzaamhede en pligte (met inbegrip van enige of alle van die bevoegdhede en pligte aan die raad toegeken deur Proklamasie kragtens artikel *ses-en-twintig*);
- (4) vir die beheer en beskikking oor reserwefondse wat die raad kragtens hierdie Ordonnansie geopen het;
- (5) vir die reëling van die badplase, die toegang daartoe, die voorkoming van onveroorloofde toegang daartoe, die openings- en sluitingsure en oor die algemeen die voorwaardes waaronder die badplase gebruik kan word en om te verhoed dat persone by 'n badplek ingaan of dit gebruik terwyl hulle aan aansteeklike, besmetlike of huidsiektes ly;
- (6) vir die reëling van die toevoer van water na die badplase en vir die voorkoming van die vermorsing, buitensporige gebruik, misbruikmaking of verontreiniging daarvan;
- (7) om, behoudens die betaling van skadevergoeding ten aansien van bestaande boorgate of putte, die gebruik van water uit, of die daarstelling, boor of grawe van, boorgate of putte op een of ander eiendom te verbied in gevalle waar dit tot bevrediging van die magistraat bewys kan word dat sodanige gebruik, daarstelling, boor of grawe watervoorrade, wat aan die raad behoort of onder sy beheer staan, op 'n nadelige wyse affekteer of verminder, of dit moontlikerwyse so kan affekteer of verminder.
- (8) vir die beskerming van eiendom, wat onder die toesig en beheer van die raad staan, teen beskadiging daarvan of bemoeiing daarmee en vir die verhaling van voldoende skadevergoeding ten aansien van beskadigde eiendom;
- (9) om voorsiening te maak vir die hou van behoorlike en doelmatige toesig oor al die grond wat aan die raad behoort of onder sy beheer staan, en om weiding daarop te reël of te verbied en om 'n tarief voor te skryf wat betaal moet word vir die aanhouding of weiding van vee;
- (10) vir die beskerming van flora en fauna op grond wat aan die raad behoort;

- verstande egter dat daar behalwe die voorgeskrewe reis- en verblyfstoelaes vir reise onderneem met die oog op die sake van die komitee, geen ander toelaes aan 'n lid van die plaaslike komitee betaal mag word nie;
- (24) voor die instelling van 'n plaaslike bestuur vir een of ander gebied wat onder die toesig en beheer van die raad gestel is, al die bevoegdhede uitoefen en pligte nakom wat spesiaal by proklamasie, uitgevaardig kragtens artikel *ses-en-twintig* van hierdie Ordonnansie, verleen of opgelê kan word;
- (25) alle produkte en neweprodukte wat vervaardig kan word deur middel van werke of ondernemings, wat die raad bevoeg is om uit te voer, verkoop teen pryse wat deur die raad vasgestel kan word;
- (26) vliegbane en staanplekke aanlê en in stand hou;
- (27) parke en tuine aanlê, daarstel in stand en aan die gang hou;
- (28) oor die algemeen alles doen wat nodig is ter verwesenliking van al die doeleindes waarvoor of in verband waarmee die raad bevoeg is om van tyd tot tyd regulasies op te stel, te wysig of te herroep en vir die toepassing van alle regulasies.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 18.

**19.** Die raad kan, mits dit die goedkeuring van die Administrateur wegdra, van tyd tot tyd regulasies opstel, wysig of herroep wat nie met hierdie Ordonnansie in stryd is nie en wat een of ander van of al die navolgende aangeleenthede aangaan:—

Regulastes.

- (1) Vir die reëling van alles wat die raad kragtens hierdie Ordonnansie bevoeg is om te doen, daar te stel, in stand en aan die gang te hou en die betaling wat daarvoor gevra kan word, asook vir die invordering daarvan;
- (2) vir die reëling van die verrigtinge van die raad, die benoeming van 'n visevoorsitter as die voorsitter van die raad afwesig is, die aanstelling, bevoegdhede, pligte, betaling, verlof en ander voorregte van sy vol- en deelydse beamptes en bediendes en die betaling van reis- en verblyfstoelaes aan lede van die raad, asook aan lede van die plaaslike komitee en aan sy beamptes en bediendes;



Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 18.

- (16) afsonderlike badplekke uithou vir die onderskeidelike gebruik van blanke persone, en van naturelle of Asiate of ander kleurlinge of enige ander persone, van welke ras ook al wat onder naturelle, Asiate of kleurlinge ingetroud is of met hulle saamwoon en die gebruik van genoemde badplekke tot sodanige persone beperk;
- (17) uit sy kas en onder voorwaardes deur hom gestel, aan sy beamptes en bediendes gratifikasies toestaan by hulle finale aftreding uit die diens van die raad;
- (18) die voordele, wat daar aan die badplase verbonde is, adverteer en rugbaar maak;
- (19) reserwefondse open vir kapitaaluitgawes of ander doeleindes;
- (20) betaling vra of 'n tarief vasstel in verband met die badplase of enige ander inrigting, onderneming, verkoping, artikel of diens wat kragtens hierdie Ordonnansie bevoeg is om daar te stel, te verskaf, te onderneem of in stand te hou;
- (21) met die toestemming van die Administrateur, uit sy kas aan raadslede toelaes betaal wat hyself kan vasstel, met dien verstande egter dat daar, behalwe die gewone reis- en verblyfstoelaes, geen toelaes vir bywoning van vergaderings van komitees van die raad betaal mag word nie;
- (22) alle nodige onkoste maak in verband met die verwesenliking van een of ander van die doeleindes van hierdie Ordonnansie wat die raad by magte is om te verwesenlik, of enige doel waarvoor daar nie in hierdie Ordonnansie spesiaal voorsiening gemaak is nie en in verband waarmee die Administrateur kan bepaal dat dit 'n doel is wat in verband staan met die uitoefening van sy bevoegdhede en pligte kragtens hierdie Ordonnansie;
- (23) mits dit die goedkeuring van die Administrateur wegdra, plaaslike bestuurskomitees benoem en aan hulle die bevoegdhede, werksaamhede en pligte (met inbegrip van enige of alle van die bevoegdhede en pligte aan die raad toegeken deur Proklamasie kragtens artikel *ses-en-twintig*) opdra wat by regulasie voorgeskryf word; met dien

- (7) by die badplase vermaaklikheidsplekke verskaf in stand en aan die gang hou of dit aan 'n persoon of persone verhuur onder voorwaardes deur die raad gestel;
- (8) by die badplase biblioteke en leeskamers verskaf, in stand en aan die gang hou;
- (9) op grond wat aan die raad behoort of onder sy beheer staan, kampplekke daarstel, verskaf, in stand hou, bestuur en aan die gang hou; en geboue vir besoekers daarop bou en dit verhuur onder voorwaardes deur die raad gestel;
- (10) gesondheidsdienste in verband met die badplase instel, in stand hou en uitvoer met die doel om nagvuil, urine, vuilwater, vuilgoed, dooie diere en alle ander soort afval te verwyder en onskadelik te maak of om op 'n ander manier daarvan ontslae te raak;
- (11) op grond wat onder sy beheer staan publieke gemakhuisies, private en urinale aanbring, oprig, verskaf en in stand hou;
- (12) (a) geboue wat die raad vir sy doeleindes nodig het, oprig in stand hou en repareer;
- (b) vir sy beamptes en bediendes woonhuise met hulle bybehorende buitegebou oprig, instand hou en repareer;
- (13) by die badplase bome of struikgewas aanplant, snoei of afkap;
- (14) in verband met die badplase kwekerie en boomaanplantingswerke daarstel, uitrus, instand en aan die gang hou met die doel om sierbome, plante of hout te produseer en van die hand te sit;
- (15) (a) roerende eiendom van die raad, met inbegrip van water of mineraalprodukte afkomstig uit mineraalbronne, of artikels wat die besoekers aan die badplase nodig het of begeer, verhuur, verkoop of op 'n ander manier van die hand te sit;
- (b) onroerende eiendom van die raad vir kort tydperke, van hoogstens tien jaar, verhuur onder voorwaardes en stipulasies deur die raad gestel;

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 18.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 18.

- (2) Gimnastiekinrigtings of dergelike inrigtings in verband met die badplase daarstel, oprig, in stand en aan die gang hou en sodanige inrigtings bestuur of dit verhuur onder voorwaardes en stipulasies wat die Administrateur moet goedkeur;
- (3) ontspanningsterreine daarstel, in stand en aan die gang hou op grond wat aan die raad behoort of onder sy beheer staan en in verband met sodanige ontspanningsterreine, akwariums, pawiljoens, kledkamers en gemakhuisies oprig, aanbring, daarstel, in stand en gaande hou, asook ander geriewe en enige ander geboue en bouwerke, van welke aard en vir welke doel ook al, wat die raad nodig en gerieflik ag, en die algemene bestuur daarvan en toesig en beheer daarvoor berus by die raad wat van tyd tot tyd—
- (a) die koste vir die gebruik daarvan kan vasstel; of
- (b) genoemde plekke of gedeeltes daarvan of regte daarop aan iemand, 'n klub of 'n ander liggaam kan verhuur en so iemand, klub of liggaam die reg kan gee om 'n tarief in verband daarmee vas te stel;
- (4) Mits dit die goedkeuring van die Administrateur wegdra, die gebruik van een of ander van genoemde ontspanningsterreine en/of die geboue wat daarby tuis hoort of enige gedeelte van sodanige terreine of geboue, aan 'n skool, sportklub of vereniging verhuur of afstaan onder voorwaardes wat die raad kan stel, en sodanige skool, sportklub of vereniging verlof gee om betaling vir toegang tot sodanige ontspanningsterrein te vra:
- (5) by sodanige ontspanningsterreine enige soort apparaat verskaf vir speletjies en ontspanning;
- (6) by een of ander van genoemde ontspanningsterreine of openbare badplase, wat kragtens subartikel (1) van hierdie artikel daargestel is, verversingskamers, kafees en restaurants oprig en in stand hou en sodanige verversingskamers, kafees en restaurants self bestuur of dit aan iemand, 'n klub of 'n ander liggaam verhuur onder voorwaardes deur hom gestel:

15. Die raad kan met die toestemming van die Administrateur, grond, deurgangsregte, waterregte of enige ander eiendom of serwi-tuut, wat vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie nodig of wenslik is, verkry deur dit vrywillig aan te koop of te huur.

Raad kan  
grond  
verkry.

Ord. No.  
10 van  
1933.

16. Die raad kan met die toestemming van die Administrateur, onroerende eiendom van die raad verhuur, verkoop of op 'n ander manier vervreem of van die hand sit, met dien verstande dat al die geld wat die raad uit die verkoop van sodanige eiendom bekom, vir die aflossing en vereffening van bestaande skuld aangewend moet word, of waar daar nie sulke skuld bestaan nie, dan moet dit bestee word aan kapitaaluitgawes wat deur die finansiële komitee aanbeveel en deur die raad goedgekeur word. Waar daar nie sodanige skuld bestaan nie, kan die raad in plaas van sodanige geld vir kapitaaluitgawes te gebruik, dit in 'n reserwefonds stort, wat kragtens hierdie Ordonnansie vir toekomstige kapitaaldoel-eindes in verband met die badplase geopen kan word.

Raad kan  
grond  
vervreem.

Die uitdrukking „verhuur” wat in hierdie artikel en in artikel *seventien* gebesig word, beteken verhuur onder huurkontrak vir 'n tydperk van meer as nege jaar en elf maande.

17. Die raad kan, behoudens die bepalinge van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie van 1931 of enige wysiging daarvan, of dié van enige ander wet betreffende die registrasie van landbouhoewes, dorpe stig op grond wat aan hom behoort, of kan sodanige grond in erwe opсны of op 'n ander manier onderverdeel om te dien as tuingronde, kleinhoewes of landbouhoewes en kan, behoudens dié bepalinge van artikel *sestien*, erwe of persele wat daarop geleë is, verhuur, verkoop of op 'n ander manier vervreem.

Raad kan  
dorpe  
stig, ens.

18. Die raad kan van tyd tot tyd—

- (1) openbare badplase van verskillende soorte daarstel, in stand en aan die gang hou met die doel om dit meer diensbaar vir die publiek te maak, en warmbronne op grond wat aan hom behoort, of onder sy beheer staan, uithou, ontwikkel en afskut; met dien verstande dat die raad by badplase soveel badplek gratis moet verskaf as wat die Administrateur nodig het vir die gebruik en voordeel van nooddruftiges wat deur die Provinsiale Sekretaris of 'n magistraat as sulks verklaar is;

Algemene  
bevoegd-  
hede van  
die raad.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 10.

(2) Die raad moet voor of op die 31ste dag van Mei in elke kalenderjaar 'n verslag van sy bedrywighede gedurende die afgelope boekjaar aan die Administrateur instuur, welke verslag aan die Provinsiale Raad voorgelê moet word.

Begrotings. **11.** Die finansiële komitee moet minstens veertien dae voor die einde van elke boekjaar 'n volledige begroting van die inkomste en uitgawes van die raad vir die volgende boekjaar opmaak en dit op 'n gewone of buitengewone vergadering van die raad voorlê. Sodanige staat moet in die notule van die raad opgeneem en vir goedkeuring aan die Administrateur voorgelê word. Die geraamde uitgawe mag nie sonder die toestemming van die Administrateur oorskry word nie.

Auditering. **12.** (1) Die rekeninge van die raad moet deur die Provinsiale Auditeur nagesien word.

(2) Vir die doeleindes van sodanige auditering in die bepalings van artikels *nege-en-vyftig* en *sestig* van die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie van 1926 ” of wysiginge daarvan, *mutatis mutandis* van toepassing.

#### BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE RAAD.

Aanstelling  
van  
beamptes  
en  
bediendes.

**13.** (1) Die raad kan na gelang hy nodig ag, beamptes en bediendes (voltyds of deelttyds) aanstel en kan aan sodanige beamptes en bediendes die salarisse en toelaes betaal wat hy vasstel, met dien verstande dat niemand wat lid van die raad is, of gedurende die vorige ses maande lid was, hiervolgens aangestel mag word nie.

(2) Die raad kan te eniger tyd sodanige beamptes en bediendes op kennisgewing van minstens een maand voor die tyd, of in die geval van wangedrag onmiddellik sonder kennisgewing skors, ontslaan of uit hulle poste uitsit.

Bevoegdheid om  
kontrakte  
aan te  
gaan.

**14.** Die raad kan die werke of dienste wat hy kragtens hierdie Ordonnansie bevoeg is om te onderneem of uit te voer, van departementsweë laat verrig of kan kontrakte in verband daarmee aangaan. Alle sodanige kontrakte wat wettiglik aangegaan is, is regsgeldig en stel die raad sowel as sy opvolgers en alle partye daarby, hulle opvolgers, erfgename of regsverteenvoerders (na gelang van omstandighede) onder geregtelike verbintenis.

item 5 van die Tweede Bylae van die Finansiële Verhoudingswet van 1913, of wysiginge daarvan, aan die Provinsie Transvaal opgedra is; en

(b) enige ander eiendom wat die raad ooreenkomstig artikel *vyftien* aanskaaf.

(2) Die stukke grond wat in die Tweede Skedule van hierdie Ordonnansie opgenoem word, word hierby onder die toesig en beheer van die raad gestel.

**6.** Dit is die werk en plig van die raad om terwille van die nut, voordeel en genot van die publiek, toesig oor die badplase te hou, dit te bestuur, te ontwikkel, uit te brei, te verbeter, te verander, in stand te hou en om die inkomste daardeur opgelewer te vermeerder, en mag die geld wat die Provinsiale Raad van tyd tot tyd tot sy beskikking stel, asook ander inkomste van die raad kragtens hierdie Ordonnansie, na gelang van noodsaaklikheid, alleen vir dié doel gebruik.

Werksaam-  
hede en  
pligte van  
die raad.

GELDSAKE, INKOMSTE, LENINGSBEVOEGDHEDE,  
REKENINGE EN AUDITERING.

**7.** Die inkomste van die raad bestaan uit fooie en ander gelde wat hy ontvang of geld wat hy kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie opneem en boetes wat hy vir oortredings van hierdie Ordonnansie of die regulasies ingevolge daarvan ontvang of verhaal.

Inkomste  
van die  
raad.

**8.** Die raad kan van tyd tot tyd deur middel van 'n bankdebit by enige bank geld opneem of lenings sluit tot sulke bedrae en onder sodanige voorwaardes as die Administrateur goedkeur. Sodanige voorskotte of lenings kan na willekeur opgeneem word op waarborg van al die grond, huur, goedere en inkomste van die raad.

Leningsbe-  
voegdhede.

**9.** Die raad moet 'n behoorlike stel boeke verskaf en sorg dat juiste rekeninge van alie somme geld wat vir rekening van en namens die raad ontvang en uitbetaal word gereeld daarin ingeboek word, asook die verskillende doeleindes waarvoor sodanige somme geld ontvang en uitbetaal is.

Boekhou.

**10.** (1) Die jaarlikse rekeninge van die raad moet voor of op 31 Mei van elke boekjaar opgemaak en 'n uittreksel daarvan in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word, en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie is die boekjaar die twaalf maande tot en met die 31ste dag van Maart van elke kalenderjaar.

Boekjaar.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 5.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 4.

debit of 'n lening op te neem. Die voorsitter van die raad is ampshalwe lid van elke sodanige komitee.

(b) Elke komitee moet van hulle verrigtinge aan die raad verslag doen, dog behalwe vir sover die raad opdrag gee, vereis die optrede en verrigtinge van die komitee nie die goedkeuring van die raad nie.

(c) Elke komitee wat die raad benoem kan deur 'n meerderheid van stemme van die volligtige raad ontbind word nadat daar op 'n vorige vergadering te dien effekte kennis van voorstel gegee is, met dien verstande egter dat die finansiële komitee, wat in subartikel (7) genoem word nie sonder die toestemming van die Administrateur ontbind kan word nie.

(7) (a) Die raad moet 'n finansiële komitee benoem om die geldsake van die raad te reël en te beheer.

(b) Die raad mag geen uitgawe beloop nie, tensy daarvoor voorsiening gemaak is op 'n volledige begroting wat ooreenkomstig artikel *elf* deur die finansiële komitee voorgelê en deur die Administrateur goedgekeur moet word, en alle uitbetalings uit die fondse van die raad moet deur die finansiële komitee geskied, wat op elke gewone vergadering van die raad 'n lys van alle uitbetalings sedert die laaste vergadering ter insage moet voorlê.

(8) (a) Elke order, kennisgewing of ander stuk wat deur die raad gewaarmerk moet word, is voldoende gewaarmerk as dit onderteken is deur twee lede van die raad, of deur die sekretaris of deur 'n beampste van die raad wat behoorlik by besluit of regulasie van die raad daartoe gemagtig is.

(b) Elke kontrak en alle stukke en dokumente wat die raad wettiglik kan aangaan en teken word beskou dat dit behoorlik deur of namens die raad aangegaan of geteken is as dit onderteken is deur die voorsitter of deur een of meer van die lede van die raad of deur die sekretaris daarvan by besluit van die raad gemagtig.

(9) Behalwe soos hierin bepaal, kan die raad sy eie prosedure reël.

Bevoegdheid van die Administrateur om sekere stukke grond onder die toesig en beheer van die raad te stel.

5. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by wyse van 'n proklamasie in die *Offisiële Koerant*, ondervermelde stukke grond onder die toesig en beheer van die raad stel—

(a) Kroongrond wat die Goewerneur-generaal as 'n openbare gesondheidsoord uitgehou het en waarvoor die toesig en beheer ooreenkomstig artikel *twalf* (1) (a) en

(2) Die voorsitter van die raad (hierin verder die voorsitter genoem) kan te eniger tyd en moet, op skriftelike versoek van drie lede van die raad 'n buitengewone vergadering byeenroep; met dien verstande dat daar in die kennisgewing in verband met 'n buitengewone vergadering melding gemaak moet word van die doel van die vergadering.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 4.

(3) Aan elke lid van die raad moet vooraf kennis gegee word in verband met die tyd waarop en die plek waar elke vergadering van die raad gaan plaasvind. Sodanige kennisgewing kan aan die lid persoonlik afgelewer of na sy gewone verblyfplek of sy besigheidsadres gestuur word en moet deur die voorsitter en die sekretaris van die raad onderteken wees. As daar per abuis nagelaat word om aan een of ander lid van die raad die kennis te gee, waarna in hierdie artikel verwys word, dan sal dit nie die regsgeldigheid van 'n vergadering affekteer nie.

(4) (a) 'n Meerderheid van die lede van die raad vorm 'n kworum.

(b) Die voorsitter het 'n gewone stem, en in die geval van 'n staking van stemme, nog boonop 'n beslissende stem.

(c) Die beslissing van die meerderheid van die stemme op 'n vergadering, is die beslissing van die raad en is finaal en afdoende.

(5) Die notule van die verrigtings op elke vergadering van die raad en die verskillende komitees daarvan, moet gereeld in boeke, vir die doel aangehou, opgeteken word en moet op dieselfde of die eersvolgende gewone vergadering bekragtig word. Alle notule op hierdie manier genotuleer en onderteken deur 'n lid van die raad wat homself die voorsitter noem of die voorsitter skyn te wees van die vergadering waarop die notule bekragtig is, word by gebreke van bewys dat dit foutief is, beskou as 'n juiste verslag van die verrigtinge op die vergadering waarvoor dit bedoel is om as notule te dien.

(6) (a) Die raad kan onder sy eie lede permanente komitees van 'n algemene of spesiale aard benoem vir sake wat na sy oordeel beter deur 'n komitee behartig kan word en kan, behoudens die bepalinge van die hieropvolgende subartikel aan enigeen van hierdie komitees met of sonder beperkings of voorwaardes na goedvinde, een of ander van sy bevoegdhede of pligte opdra, behalwe die bevoegdheid om geld deur middel van 'n bank-



Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 3.

hierdie Ordonnansie en waar dit nodig is terwille van die doelmatiger vervulling van sy werksaamhede en pligte ingevolge daarvan, alles kan doen wat liggame met regsbevoegd-hede volgens wet geregig is om te doen; met dien verstande egter dat die raad geen lenings mag sluit nie, tensy dit ooreenkomstig die bepalings van artikel *agt* die goedkeuring van die Administrateur wegdra.

(9) Die raad wat kragtens hierdie Ordonnansie ingestel word, moet vir alle doeleindes beskou word as die opvolger van die Warmbadse Raad van Kuratore wat kragtens artikel *twee* van die „Warmbad (Toesig en Beheer) Ordonnansie van 1929” ingestel is, met dien verstande egter dat die ampstyd van die lede van genoemde raad op die inwerkingtredingsdatum van hierdie Ordonnansie beëindig, wanneer die Administrateur dan die lede van die nuwe raad ooreenkomstig subartikel (1) van hierdie artikel moet aanstel.

(10) Niks wat die raad doen of nalaat om te doen [behalwe waar dit in stryd is met subartikel (6) van hierdie artikel] of geen kontrak wat die raad aangaan en niks wat 'n lid, beampte of bediende van die raad, of iemand anders wat in opdrag van die raad handel, doen of nalaat om te doen, kan, as dit te goeder trou en terwille van die doeleindes van hierdie Ordonnansie gedoen of nagelaat is of as die kontrak te goeder trou en terwille van die doeleindes van hierdie Ordonnansie aangegaan is, so iemand persoonlik aan vervolging, aanspreeklikheid, 'n eis of 'n vordering, van welke aard ook al, blootstel nie; en die onkoste waarin die raad of so iemand soos vermeld verval, moet die raad uit sy inkomste betaal; met dien verstande dat niks in hierdie artikel daartoe dien om so 'n lid, beampte of bediende of iemand anders soos voornoem te onthef van die aanspreeklikheid om gedebiteer te word met die bedrag van enige uitbetaling wat die auditeur, aangestel deur die Administrateur kragtens artikel *twaalf* van hierdie Ordonnansie, afkeur en wat sodanige lid gemagtig het of met die magting waarvan hy hom vereenselwig het.

#### VERGADERINGE EN VERRIGTINGE VAN DIE RAAD.

Vergade-  
ringe en  
verrigtinge  
van raad.

4. (1) Die raad moet, vir die afhandeling van sake, so dikwels as wat nodig is of deur die raad of voorsitter bepaal word, 'n gewone vergadering hou, dog nie minder as eenkeer elke drie maande nie.

sulks aanbly, gereken vanaf die datum van die bekendmaking van hulle aanstelling in die *Offisiële Koerant* deur die Administrateur, maar kan weer benoem en aangestel word.

(4) 'n Lid van die raad moet sy ampsbediening op die raad neerlê as hy—

- (a) insolvent raak of sy boedel ten gunste van sy skuldeisers oormak;
- (b) swaksinnig word of weens 'n oortreding tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete veroordeel word;
- (c) sonder die verlof van die raad, van drie agtereenvolgende raadsvergaderinge wegbly, welke verlof nie vir 'n tydperk van langer as ses maande in een jaar toegestaan mag word nie;
- (d) sy pos bedank per brief aan die Administrateur gerig;
- (e) weens ampsversuim of wangedrag of om enige voldoende of gegronde rede deur die Administrateur uit sy pos ontslaan word.

(5) Ingeval 'n raadslid, om een of ander van die redes vermeld in subartikel (4), of vanweë sy afsterwe, sy ampsbediening op die raad neerlê, moet sy plek deur die Administrateur opgevolg word met inagneming van die bepalinge van subartikel (1) van hierdie artikel, en die persoon wat aangestel word in die plek van 'n lid wat sy ampsbediening op hierdie manier neerlê, moet dan vir die orige gedeelte van die tydperk, waarvoor sy voorganger aangestel was, as sulks optree.

(6) 'n Lid van die raad mag nie op of tydens 'n raadsvergadering of 'n vergadering van een of ander van die komitees daarvan, teenwoordig wees op of deelneem aan 'n bespreking van, of stem oor aangeleenthede waarby hyself, sy eggenote, sy vennoot of iemand in wie se diens hy of sy vennoot werksaam is of vir wie hy of sy vennoot as prokureur of agent optree, regstreeks of onregstreeks, geldelike belang het nie. As daar sulke sake te herde gebring word, moet hy die raad onmiddellik van sy belange daarby verwittig.

(7) Die ontstaan van 'n vakature onder die ledetal van die raad, raak nie die bevoegdhede van die raad niet.

(8) Die raad is 'n liggaam met regsbevoegdheid wat kan dagvaar en ook gedagvaar kan word, wat grond kan aankoop, besit en vervreem en wat, behoudens die bepalinge van

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 3.

Ord. No.  
10 van  
1933.

—  
Artikel 1.

Woord-  
bepaling.

gevaardig of opgestel is, tensy in stryd met die bepalings daarvan, van krag bly tot tyd en wyl dit kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie herroep of gewysig word.

2. Tensy in hierdie Ordonnansie klaarblyklik 'n ander uitleg aan die woord gegee moet word, beteken—

„Administrateur” die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *aght-en-sestig* van die „Zuid-Afrika Wet van 1909,” of wysiginge daarvan, handelende op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie Transvaal;

„staatsbadplase” of „die badplase” of „badplase”, 'n stuk grond wat ooreenkomstig artikel *vyf* onder die toesig en beheer van die raad gestel is;

„raad”, die raad van kuratore wat kragtens artikel *drie* ingestel is;

„*Offisiële Koerant*”, die *Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal*;

„plaaslike bestuur”, 'n stadsraad, dorpsraad of 'n gesondheidskomitee wat kragtens die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie van 1926”, of wysiginge daarvan, ingestel is;

„voorgeskrywe”, iets voorgeskryf by hierdie Ordonnansie of by die regulasies ingevolge daarvan opgestel.

Instelling  
van Raad.

3. (1) Ongeag die bepalings van enige wet, moet daar 'n raad van kuratore, met name die Raad van Kuratore vir Warmbadplase, ingestel word met die doel om, namens die Administrateur, die beheer oor en bestuur van die Staatsbadplase waar te neem. Genoemde raad moet bestaan uit minstens vyf en hoogstens sewe lede wat deur die Administrateur aangestel moet word, met dien verstande dat die Minister van Lande een van hierdie lede moet benoem en met dien verstande verder dat ingeval die benoempligtige owerheid versuim of weier om iemand te benoem, die Administrateur so iemand kan aanstel.

(2) Die Administrateur moet een van die lede van die raad tot voorsitter van die raad benoem en kan iemand anders aanstel om as sekretaris van die raad op te tree, wat egter nie 'n lid van die raad mag wees nie, tensy hy spesiaal as sulks aangestel word.

(3) Behoudens die bepalings van subartikels (1) en (4) van hierdie artikel, moet die raadslede vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar as

<i>Naam van Raad.</i>	<i>Regegebied uitgesonderd Munisipaliteite.</i>	<b>Ord. No. 9 van 1933.</b>
Die Heidelberg „Wegenkommisie”	Maigstraatsdistrik Heidelberg.	—
„ Johannesburg	„ Johannesburg.	<b>Tweede</b>
„ Klerksdorp	„ Klerksdorp.	<b>Bylae.</b>
„ Krugersdorp	„ Krugersdorp.	
„ Letaba	„ Letaba.	
„ Lichtenburg	„ Lichtenburg.	
„ Lydenburg	„ Lydenburg.	
„ Marico	„ Marico.	
„ Middelburg	„ Middelburg.	
„ Nelspruit	„ Nelspruit.	
„ Pietersburg	„ Pietersburg.	
„ Piet Retief	„ Piet Retief.	
„ Pelgrimsrust	„ Pelgrimsrust.	
„ Potchefstroom	„ Potchefstroom.	
„ Potgietersrust	„ Potgietersrust.	
„ Pretoria	„ Pretoria.	
„ Rustenburg	„ Rustenburg.	
„ Schweizer Rencke	„ Schweizer Reneke.	
„ Standerton	„ Standerton.	
„ Springs	„ Springs.	
„ Ventersdorp	„ Ventersdorp.	
„ Vereeniging	„ Vereeniging.	
„ Wakkerstroom	Magistraatsdistrikte Volksrust en Wakkerstroom.	
„ Waterberg	Magistraatsdistrik Waterberg.	
„ Witbank	„ Witbank.	
„ Wolmaransstad	„ Wolmarans- stad.	
„ Zoutpansberg	„ Zoutpansberg.	

## ’N ORDONNANSIE

**Ord. No.  
10 van  
1933.**

Om die Ordonnansies betreffende die Toesig en Beheer oor Openbare Gesondheidsoorde (Warmbronne en Badplase) te Konsolideer en te Wysig en om Voorsiening te Maak vir Aangeleenthede in verband daarmee.

(Goedgekeur 27 Oktober 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 1 Desember 1933.)\*

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal  
geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAL**:—

1. Die Ordonnansies wat in die Eerste Herroeping van wette met voorbehoud. Skedule van hierdie Ordonnansie opgenoem word, word hierby herroep vir sover in die derde kolom van genoemde Skedule uiteengesit, met dien verstande dat alle proklamasies, kennisgewings en regulasies wat kragtens die bepaling van een of ander van die Ordonnansies, wat hierby herroep word, uit-

\*. Proklamasie No. 56, *Provinsiale Koerant* van 8 November 1933, bladsy 156.

Ord. No. Kort titel. **103.** Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Pad-Ordonnansie 1933, en tree in werking op 'n datum wat deur die Administrateur by Proklamasie in die *Offisiële Koerant* vasgestel word.

**Eerste Bylae.**

**WETTE HERROEP.**

(Artikel een.)

Nommer en Jaar van Aanneming.	Titel of Onderwerp van Wet.	In hoever herroep.
Ordonnansie No. 5 van 1912	„ De Wegen Ordonnantie,” 1912..	Geheel. *
Ordonnansie No. 8 van 1913	„ De Wegen Wyzigings Ordonnantie,” 1913	„
Ordonnansie No. 3 van 1914	„ De Wegen en Uitspanningen Wyzigings-Ordonnantie,” 1914	„
Ordonnansie No. 10 van 1923	„ De Wegen Wysigings-Ordonnantie,” 1923	„
Ordonnansie No. 13 van 1926	„ Die Munisipale Hoofweë Ordonnansie,” 1926	„
Ordonnansie No. 11 van 1927	„ Die Weë-Wysigings Ordonnansie,” 1927	„
Ordonnansie No. 19 van 1927	„ Die Weëfonds - Ordonnansie,” 1927	„
Ordonnansie No. 7 van 1928	Die Weë Wysigings Ordonnansie, 1928	„
Ordonnansie No. 14 van 1928	„ Die Weëfonds Wysigings Ordonnansie,” 1928	„
Ordonnansie No. 6 van 1930	„ Die Prowinsiale Paaie in Munisipaliteite Ordonnansie,” 1930	„
Ordonnansie No. 10 van 1931	„ Die Weë-Wysigings Ordonnansie,” 1931	„
Ordonnansie No. 15 van 1931	„ Die Weë (Uitspanning) Wysigings-Ordonnansie,” 1931	„

\* Behalwe artikels *vyf-en-veertig*, *ses-en-veertig*, *sewe-en-veertig*, *agt-en-veertig*, en *nege-en-veertig* en Skedule II.

**Tweede Bylae.**

(Artikel twaalf.)

„ WEGENKOMMISSIES ” INGESTEL VOLGENS DIE „ WEGEN ORDONANTIE,” 1912, WAT AS PADRADE INGESTEL KRAGTENS HIERDIE ORDONNANSIE, BESKOU MOET WORD.

<i>Naam van Raad.</i>	<i>Regsgebied uitgesonderd Munisipaliteite.</i>
Die Barberton	„Wegenkommissie ” Magistraatsdistrik Barberton.
„ Bethal	„ Bethal.
„ Belfast	„ Belfast.
„ Benoni	„ Benoni.
„ Bloemhof	„ Bloemhof.
„ Brits	„ Brits.
„ Carolina	„ Carolina.
„ Christiana	„ Christiana.
„ Ermelo	„ Ermelo.
„ Germiston	„ Germiston, Boksburg, en Brakpan.

**98.** Wanneer in die loop van die opening, aanleg of onderhoud van publieke paaie of aanbring van 'n pont deur of namens die Administrateur, enige direkte skade aan boorde, tuine of plantasies of aan gesaaides of gekweekte bome aangebring word (maar in geen ander geval nie), is die eienaar daarvan geregtig tot skadevergoeding soos deur die partye ooreengekom word; of by gebreke van so 'n ooreenkoms soos deur arbitrasie ooreenkomstig artikel *honderd* bepaal word.

Skadevergoeding weens beskadiging van boord tuine, bome en gesaaides.

Ord. No.  
9 van  
1933.

**99.** Geen regs-vordering kan teen die Transvaalse Provinsiale Administrasie ingestel word nie vir of ten opsigte van gelede of beeerde skade, weens versuim of nalatigheid van die Administrasie in verband met aangeleenthede betreffende die toestand van paaie en brugge onder sy toesig, of ten gevolge van dae deur 'n beampite van die Administrasie verrig in die uitoeftening van sy pligte in verband met sulke paaie of brugge, tensy—

Beperking van eise tot skadevergoeding.

- (a) skriftelike kennisgewing daarvan, duidelik en nadruklik die grond van regs-vordering en besonderhede van die eis vermeldende, binne 'n tydperk van dertig dae nadat die oorsaak van die geding ontstaan het op die Provinsiale Sekretaris gedien word; en
- (b) so 'n proses binne negentig dae nadat die oorsaak van die geding ontstaan het, ingestel word.

**100.** Wanneer in hierdie Ordonnansie bepaal word dat geskille of verskille deur arbitrasie geskik moet word, moet sodanige arbitrasie gereël word op 'n wyse in die „Expropriation of Lands and Arbitration Clauses Proclamation ” 1902, uiteengesit.

Beslegting van geskille deur arbitrasie.

**101.** Iemand wat weens 'n oortreding van hierdie Ordonnansie of die regulasies in verband daarmee uitgevaardig, veroordeel word, of versuim om 'n daarin voorgeskrewe verpligting na te kom, is, wanneer geen straf spesiaal daarvoor vasgestel is nie, by veroordeling onderworpe aan 'n boete van hoogstens vyftig pond, of by gebreke van betaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Strawwe.

**102.** Alle proklamasies, kennisgewinge en regulasies gemaak en afgekondig kragtens die bepalinge van enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep, bly, wanneer nie onbestaanbaar met die bepalinge hiervan nie, van krag totdat hulle ingevolge die bepalinge van hierdie Ordonnansie herroep of gewysig word.

Proklamasies, ens., wat van krag bly.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 92.

(g) die reëling van en beheer oor die aansluiting van privaat-paaie op publieke paaie;

(h) in die algemeen om 'n noukeurige uitvoering van die doeleindes van hierdie Ordonnansie te bevorder.

(2) Alle regulasies kragtens hierdie Ordonnansie gemaak, moet in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word.

Ondermynde grond.

**93.** Waar dit in die belang van die veiligheid van die publiek nodig word om 'n bestaande publieke pad te verlê of te hernu, omdat die grond na die aanleg van die publieke pad ondermyn is, het die Administrateur die reg om die mynmaatskappy of eienaar van die betrokke myneiendom of ander persoon verantwoordelik vir so 'n ondermyning, te gelas om die ou pad te herstel of om 'n nuwe pad aan te lê op koste van so 'n persoon of maatskappy, en by versuim om binne 'n redelike tyd aan sodanige instruksies te voldoen het die Administrateur die reg om die werk self te laat uitvoer op koste van die mynmaatskappy of eienaar of ander persoon, soos voornoemd.

Boomaanplanting, en algemene verbeteringe.

**94.** Die Administrateur het die reg, of kan eienaars magtig, om bome te plant of om in die algemeen die grond binne die gebied van 'n publieke pad op ander wyse te verbeter. Iemand wat opsetlik sulke bome of verbeteringe beskadig, is skuldig aan 'n oortreding en onderworpe aan die strawwe, voorgeskrywe in artikel *honderd-en-een*.

Aanleg en onderhoud van kruispaaie oor vore, ens.

**95.** Die Administrateur is nie aanspreeklik vir die aanbring of onderhoud van brugge of kruispaaie van enige aard oor riole en waterlope wat vir afvoer van stormwater of vir die beskerming van publieke paaie gemaak is nie.

Paaie ens. bestaande voor hierdie Ordonnansie.

**96.** Nieteenstaande die bepalinge van hierdie Ordonnansie, moet alle paaie en omheininge, voorheen aangelê of opgerig ooreenkomstig die wette van krag voor die afkondiging van hierdie Ordonnansie, beskou word as volgens wet aangelê of opgerig.

Administrateur sluit plaasvervanger in.

**97.** Wanneer in hierdie Ordonnansie regte of bevoegdhede aan die Administrateur toegeken word, sluit die term „Administrateur” alle persone in wat behoorlik deur die Administrateur gemagtig is, of wat regmatig namens hom optree.

## HOOFSTUK XI.

## ALGEMEEN.

Ord. No.  
9 van  
1933.

**92.** (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd regulasies maak (nie teenstrydig met hierdie Ordonnansie nie) met betrekking tot alle of enige van die volgende doeleindes, nl. :— Regulasies.

- (a) vir die voorskrywing van die bevoegd- hede, verpligtinge en funksies van rade, ingestel ingevolge artikel *elf* en vir die bepaling van die bedrag betaal te word aan lede van die raad ander as *ex-officio* lede vir reis- en persoonlike onkoste terwyl vir die raad werksaam;
- (b) onderworpe aan die bepalinge van arti- kel *twaalf*, van Wet No. 10 van 1911, vir die beheer oor, bestuur van en werk met ponte en 'n tarief van koste in ver- band daarmee;
- (c) onderworpe aan die bepalinge van die Staatsdienswet 1923, of wysiginge daar- van, vir die voorskrywing van verplig- tinge en diensvoorwaardes van beamptes van die Administrasie, belas met die toepassing of uitvoering van die bepa- linge van hierdie Ordonnansie of die regulasies in verband daarmee uitge- vaardig;
- (d) vir die voorskrywing van die wyse waar- op kennisgewinge, deur hierdie Ordon- nansie vereis, gegee of gedien moet word en die aard en duur van sulke kennisgewinge, en om van eienaars van plase wat die opening, sluiting of ver- legging van publieke paaie verlang te vorder om kennisgewinge te dien effekte in die voorgeskrewe vorm te plaas en te vertoon op of in voorgeskrewe plekke en gedurende voorgeskrewe tydperke;
- (e) vir die voorskrywing van die metode om 'n register van uitspanplekke aan te hou, en die besonderhede wat daarin opge- neem moet word, en die regte van die publiek in verband met inspeksie daar- van, en om grondeienaars te verplig om uitspanplekke op hulle grond aan te wys deur middel van kennisgewingborde;
- (f) om geboue, werke of eiendom van die Administrasie, met inbegrip van bome, boorgate, putte en verbeteringe binne, onder of bo publieke paaie of uitspan- plekke teen skade of bemoeiing daarmee te beskerm;



Ord. No.  
9 van  
1933.

Uit-  
grawinge in  
publieke  
paaie.

**89.** Ingeval 'n gat of uitgrawing in 'n publieke pad gemaak is met die doel om 'n voertuig daaruit te trek, moet die verantwoordelike persoon van daardie voertuig die beskadiging van die pad onmiddellik herstel en die pad in goeie orde agterlaat.

Links hou  
uitgeson-  
derd in  
gevalle  
waar pad  
langs  
berghel-  
linge loop

**90.** (1) Alle reisigers op publieke paaie moet, wanneer hulle 'n voertuig teëkom, links van die pad hou, uitgesonderd waar die pad langs berghellinge loop, in welke geval 'n dalende voertuig deur diere getrek by die verbygaan van 'n ander voertuig, aan die binne- of bergkant moet hou.

(2) Iemand wat in stryd met die bepalinge van hierdie of van die twee voorafgaande artikels, of van regulasies uitgevaardig ingevolge artikel *sewe-en-tagtig* handel, is skuldig aan 'n oortreding en onderworpe aan die strawwe voorgeskrywe in artikel *honderd-en-een*.

Straf by  
gemis aan  
leier in  
sekere  
gevalle.

**91.** 'n Drywer of ander persoon, met die toesig oor 'n wa of ander voertuig belas wat deur osse of ander diere getrek en nie met leisels gestuur word nie, is wanneer hy geen leier vir die span by die wa of ander voertuig het nie, skuldig aan 'n oortreding en onderworpe aan die strawwe voorgeskryf in artikel *honderd-en-een*, in onderstaande gevalle:—

- (a) Wanneer hy deur die strate van 'n dorp of stad of ander streek gaan, vir die doel van hierdie artikel deur die Administrateur in die *Offisiële Koerant* by kennisgewing voorgeskrywe; mits so 'n gebied nie binne 'n munisipaliteit geleë is nie;
- (b) wanneer hy 'n ander voertuig nader, verbygaan of daardeur ingehaal word; met dien verstande dat die drywer van die inhalende voertuig voldoende waarskuwing van sy nadering gegee het;
- (c) wanneer hy deur 'n hek of drif of oor of onder 'n brug of spoorbaan gaan of daarby kom;

met dien verstande dat ten opsigte van so 'n ander gebied soos vermeld in paragraaf (a) hiervan, niemand weens oortreding van hierdie artikel veroordeel mag word nie, tensy die hof oortuig is dat die Administrateur in een of meer opvallende plekke in of naby so 'n streek 'n waarskuwing of waarskuwinge omtrent die bedoelde beperking vir die publiek laat opplak of ophang het en die waarskuwinge in leesbare toestand gehou word.

- (4) die reëling van die wiele en van die wydte van wielbande van voertuie wat oor publieke paaie gaan ;
- (5) die beperking van die snelheid van voertuie ;
- (6) onderworpe aan die bepalings van die „ Marskramers en Ventersordonnansie, ” No. 4 van 1930, of wysiginge daarvan : die gebruik van publieke paaie deur marskramers, venters en ander rondreisende handelaars ;
- (7) die apparaat wat gebruik moet word vir die rem en vasset van die wiele van voertuie ;
- (8) die wyse waarop 'n voertuig of diere oor of op 'n publieke pad of gedeelte van 'n publieke pad gedryf of gelei mag word ;
- (9) die aanhouding van voertuie, ten einde na te gaan of hierdie Ordonnansie of die regulasies daaronder nagekom word en om drywers en ander te dwing om die informasie te verstrek wat vir daardie doel vereis word ;
- (10) die skilder van name en adresse van eienaars op waens of ander voertuie ;
- (11) die reëling oor die algemeen van alle aangeleenthede wat nodig geag word vir die behoorlike toepassing en stiptelike nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Ord. No.  
9 van  
1933.

Artikel 87.

**88.** Dit is verbode—

Oor-  
tredinge.

- (1) om die wiele van 'n voertuig vas te sit wanneer op 'n publieke pad gereis word ;
- (2) om 'n slee of 'n aanhangsel wat buite die ryvlak van die wiele uitsteek, op publieke paaie te gebruik of te trek ;
- (3) om gebruik te maak van metaalplate of van remskoene op publieke paaie, tensy volstrek nodig vir veiligheid op besonder steil hellings, en in geen geval tensy die plate of remskoene minstens 6 duim breed is nie ;
- (4) om gebruik te maak van remme wanneer oor brugge op publieke paaie gegaan word.

Ord. No.  
9 van  
1933.

Besikiking  
oor  
stormwater.

**86.** (1) Die Administrateur is geregtig om in oorleg met die eienaar stormwater van of onder publieke paaie na privaateiendom af te lei, mits op die grond geen geboue, boorde of tuine, of ander verbeteringe staan of aangebring is nie, en hy is nie vir skade ten gevolge van bedoelde afleiding veroorsaak aanspreeklik nie. Ingeval dit nodig blyk om genoemde water af te lei op grond onder bebouing, behalwe soos hierbo aangegee, en daardeur skade veroorsaak word, is die eienaar van bedoelde grond geregtig tot sodanige skadevergoeding as deur partye ooreengekom word, of, by gebreke van 'n ooreenkoms, soos deur arbitrasie op die wyse hierin verder omskrywe, beslis word.

(2) Die bepalinge van hierdie artikel is nie van toepassing op provinsiale paaie wat binne 'n munisipaliteit geleë is nie.

## HOOFSTUK X.

### KONTROLERING VAN VERKEER.

Verkeers-  
regulasies  
publieke  
paaie.

**87.** Onderworpe aan die bepalinge van die „Motorvoertuie-ordonnansie” 1931, of wysiginge daarvan, en van hierdie Ordonnansie, kan die Administrateur van tyd tot tyd regulasies maak vir alle of een of meer van die volgende doeleindes:—

- (1) Die reëling, veiligheid en kontrolering van die verkeer op publieke paaie met inbegrip van die beperking van die gebruik van al sulke paaie of gedeeltes daarvan vir bepaalde voertuie in die algemeen of op vaste tye of seisoene; en die bepaling dat 'n genoemde publieke pad in gebruik beperk moet word tot verkeer in een bepaalde rigting; en in die algemeen vir die beter uitvoering van die doeleindes van hierdie hoofstuk van hierdie Ordonnansie;
- (2) die kontrolering van swaar voertuigverkeer, en die verbod in die algemeen of in 'n sekere seisoen op die gebruik van voertuie van 'n bepaalde soort, wat besonder nadelig is vir paaie; en ook vir die beperking van die gebruik van publieke paaie tot 'n bepaalde soort voertuig;
- (3) die vasstelling van die gewig wat oorbrugge vervoer mag word, en die tye wanneer en die snelheid waarmee 'n voertuig vergun kan word om daaroor te gaan;

**81.** (1) Dit is verbode—

(a) om op 'n publieke pad 'n hek te plaas op 'n plek waar dit ongeskik is om stil te hou;

(b) 'n hek te plaas wat nie vry oor die pad beweeg nie;

(c) om aan 'n hek oor 'n publieke pad penne of projeksies te heg wat, volgens die mening van die Administrateur, gevaarlik is of waarskynlik persone of diere kan beseer of eiendom kan beskadig.

Hekke moet nie op ongeskikte plekke geplaas word nie.

Ord. No.  
9 van  
1933.

(2) Iemand wat in stryd met hierdie artikel handel is skuldig aan 'n oortreding en onderworpe aan die strawwe voorgeskrywe in artikel *drie-en-veertig*.

**82.** Alle hekke wat in bestaande omheininge nodig is weens verlegging van paaie of aanleg van nuwe paaie deur die Administrateur, moet deur die Administrasie aangeskaf en opgerig word.

Hekke nodig by verlegging.

**83.** Iemand wat opsetlik 'n omheining of hek, behorende aan die Administrasie, of ander toestel of apparaat wat daarvan deel uitmaak, beskadig of verwyder, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-sewentig pond, of by gebreke van betaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of tot genoemde gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete.

Oortredinge.

## HOOFTUK IX.

### VORE EN WATERLOPE.

**84.** Iemand wat graag bo-oor of onder deur 'n publieke pad water wil lei, moet dit op sy eie koste doen en na verkryging van die goedkeuring van die Administrateur, wat oor die soort deurlaat of ander geleiding wat gebruik moet word, kan besluit.

Aanleg van vore oor publieke paaie.

Met dien verstande, dat in geval van vore of ander kanale bestaande op die agtiende dag van Oktober 1912, vir die doel om water te lei, alle deurlate of ander werk nodig om die pad oor die vore en kanale te voer op koste van die Administrasie aangelê en verrig moet word.

**85.** Sonder toestemming van die Administrateur is niemand geregtig om op die een of ander wyse die waterpeil van 'n rivier, stroom of spruit te verhoog nie waardeur 'n publieke pad, brug of drif beskadig kan word.

Verhoging van waterpeil in driewe.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 79.

'n deurgang, beskadig of verwyder, is skuldig aan 'n oortreding en onderworpe aan die straf, voorgeskrywe in artikel *drie-en-veertig*.

(8) Iemand, wat opsetlik 'n deurgang ingevolge hierdie artikel gemaak, belemmer of moedswillig beskadig, is skuldig aan 'n oortreding en onderworpe aan die straf voorgeskrywe in artikel *honderd-en-een*.

(9) Die persoon, deur wie 'n deurgang gemaak word na aanleiding van hierdie artikel is nie aanspreeklik vir vergoeding van skade in verband met die deurgang veroorsaak, tensy aangetoon word dat bedoelde persoon by die aanleg, onderhoud of herstel van die deurgang of kennisgewingborde of in die uitvoering van 'n bepaling van hierdie artikel nalatig was.

Die beskerming in hierdie subartikel toegeken, strek sig ook uit tot die opvolger in eiendomsreg, van die persoon wat die deurgang gemaak het, en so 'n opvolger is alleen aanspreeklik vir vergoeding van skade, voortvloeiende uit sy eie nalatigheid, handelwyse of versuim in verband met die herstel of toestand van die deurgang of kennisgewingborde of by die uitvoering van die vereistes van die Administrateur.

(10) Die Administrateur wat vergunning verleen om ingevolge hierdie artikel 'n deurgang te maak is hoegenaamd nie vir vergoeding van skade, in verband met 'n deurgang gely, aanspreeklik nie.

(11) Vir die doel van hierdie artikel beteken 'n deurgang, 'n karspoor deur 'n opening in, of oor 'n omheining, langs of naas die baan van 'n publieke pad, gemaak of aangelê met die doel om vrye deurgang vir selfgedrewe voertuie te gee, terwyl dié van diere belet word. 'n Deurgang kan aangelê word deur 'n oprit te maak sodat motorvoertuie oor die top van die omheining gery kan word, of deur middel van 'n uitholling in of langs die pad en gedek met 'n oop rooster sodat motorvoertuie daaroor kan gaan, maar die deurtog van diere verhinder word.

Admini-  
strateur  
kan  
verwyde-  
ring van  
omheining,  
ens., gelas.

**80.** Die Administrateur kan gelas dat omheininge, hekke of ander afskuttinge of versperringe oor of langs publieke paaie verwyder word, indien aangelê in stryd met die bepalinge van hierdie Ordonnansie of van die Omheiningswet 1912 of wysiginge daarvan; of hy kan dit laat verwyder op koste van die eenaar of persoon wat die versperring veroorsaak het.

(2) Elke deurgang moet ingevolge die bepalinge van hierdie artikel gemaak word ooreenkomstig 'n plan wat aan die Administrateur voorgelê en deur hom goedgekeur moet word. Wanneer hy sy goedkeuring daaraan heg, kan hy voorwaardes stel waaronder die deurgang gemaak en onderhou moet word.

(3) Die persoon, wat 'n deurgang volgens die goedgekeurde plan maak, moet naby elke einde van die waspoor wat na so'n deurgang lei, 'n wit kennisgewingbord van so'n grootte en in so'n stand oprig, dat dit aan naderende persone onmiddellik in die oog val. Die woorde „Motor-deurgang” moet in swart letters op so'n bord geskilder word.

(4) Die eienaar wat so'n deurgang maak, moet dit op sy eie koste behoorlik onderhou en aan alle voorwaardes, deur die Administrateur kragtens subartikel (2) opgelê, voldoen.

(5) Die Administrateur kan per kennisgewing, in 'n opvallende plek by of naby elke einde van 'n deurgang tentoongestel, iedereen verbied om met 'n voertuig oor die deurgang te ry, as die gewig van die voertuig saam met die vrag daarop, meer is as die gewig in die kennisgewing genoem.

Iemand, wat oor 'n deurgang ry met 'n voertuig waarvan die gewig saam met die vrag meer is as die gewig in die kennisgewing genoem, maak hom skuldig aan 'n oortreding en is onderworpe aan die straf, voorgeskrywe in artikel *honderd-en-een* en is bowendien aanspreeklik vir skadevergoeding in verband met die koste van herstel van die deurgang veroorsaak deur sodanige gebruik en ten gevolge van verwonding of skade, deur persone gely, voor bedoelde herstelling aangebring is.

(6) 'n Deurgang kan gesluit en die kennisgewinge verwyder word as die publieke hek in verband waarmee die deurgang gemaak is, uit die pad verwyder word.

Kennisgewing van die sluiting van 'n deurgang moet aan die Administrateur gestuur word.

Die persoon wat die deurgang sluit, moet ooreenkomstig die vereistes van die Administrateur maatreëls neem ter beveiliging van persone wat van die pad gebruik maak.

(7) Iemand wat sonder wettige verontskuldiging 'n deurgang volgens hierdie artikel gemaak, vir 'n ander doel gebruik dan vir deurgang met 'n motorvoertuig, of wat moedswillig 'n kennisgewing in verband met

Ord. No.  
9 van  
1933.  
—  
Artikel 79.

Ord. No.  
9 van  
1933.

Hingste  
en bulle  
moet opge-  
pas word.

**75.** Die eienaar of persoon belas met die toesig oor 'n perde- of donkiehings ouer as twee jaar, of 'n bul ouer as agtien maande, of 'n ram ouer as 8 maande, is verplig om sodanige diere op 'n uitspanplek op te pas, tensy dit onmoontlik is om dit te doen, waarvan bewys deur die aangeklaagde persoon gelewer moet word. Iemand wat hierdie artikel oortree is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig pond of by gebreke van betaling, met gevangenisstraf (met of sonder harde arbeid) van hoogstens drie maande. Hierdie artikel is nie van toepassing op die eienaar, huurder of bewoner van die plaas, waarop die uitspanplek geleë is nie.

Uitspan-  
plekke in  
munisipali-  
teite  
is nie be-  
lasbaar nie.

**76.** (1) Belang in grond, bestaande uit 'n uitspanserwituut wat binne 'n munisipaliteit geleë is, is vrygestel van die bepalings van die „Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie ” 1928, of wysiging daarvan.

(2) Die uitdrukking „munisipaliteit,” soos dit in hierdie artikel gebruik word, beteken die gebied of distrik onder die beheer en regsbevoegdheid van 'n plaaslike bestuur, wat volgens wet by magte is om belasting op onroerende eiendom te hef.

## HOOFSTUK VIII.

### OMHEINING EN HEKKE.

Omheining  
oor publieke  
paaie.

**77.** Alle eienaars van plase of gedeeltes van plase is geregtig om 'n omheining of muur oor 'n publieke pad te maak wat sy grond deurkruis, op voorwaarde dat so 'n omheining ooreenkomstig die bepalinge van artikel *agt-entwintig* van die Omheiningswet 1912, gemaak word.

Waarsku-  
wingsbord  
op hekke.

**78.** Iedereen wat verantwoordelik is vir die onderhoud van hekke oor 'n publieke pad, moet in die middel van so 'n hek 'n plaat vasmaak van twee vierkant-voet, wit geverf, en moet dit wit oorverf wanneer dit nodig is.

Motor-  
deurgange.

**79.** (1) Die eienaar van grond waardeur 'n nie-omheinde publieke pad loop, of die eienaar of verskillende eienaars van grond, begrens deur 'n nie-omheinde publieke pad, mag met toestemming van die Administrateur, 'n deurgang vir motorvoertuie op so 'n pad maak, op 'n plek waar die pad 'n omheining kruis, wat bedoelde grond insluit of daarvan die grens vorm.

onnodig, en ewemin is dit nodig dat die Registrateur van Aktes 'n aantekening in verband daarmee op die transportakte moet maak, steeds met dien verstande dat, ingeval 'n uitspanplek later aangewys word, so 'n uitspanplek op die volle grootte van die plaas bereken moet word, met inbegrip van enige gedeelte wat op bogemelde wyse aangewerf is.

Ord. No.  
9 van  
1933.

Artikel 72.

**73.** Iedereen wat op 'n publieke pad reis, is daartoe geregtig om sy vee op alle uitspanplekke te laat wei en te laat suip. As daar geen voldoende water op 'n uitspanplek is nie, mag die Administrateur redelike maatreëls neem om voldoende water daarop te verskaf, en solank geen drinkgeleentheid bestaan nie, is reisigers geregtig om, in oorleg met die eienaar, hulle vee uit enige rivier, stroom of ander natuurlike waterbron, wat naaste aan so 'n uitspanplek geleë is, te laat suip. Alvorens 'n uitspanplek ooreenkomstig hierdie Ordonnansie afgebaken is, het die eienaar van 'n plaas die reg om 'n plek vir uitspanning aan te wys.

Welding en watergee op uitspanplekke.

**74.** (1) Niemand mag langer as vier-en-twintig agtereenvolgende uur op 'n uitspanplek vertoef nie, behalwe met toestemming van die eienaar, huurder of ander persoon, wat geregtig is tot die weiregte op die grond waarop so 'n uitspanplek geleë is, of tensy hy daar opgehou word deur teenspoed, oorstromings of ander onvoorsiene omstandighede. Behalwe strawwe wat vir oortreding van hierdie artikel opgelê kan word, kan die diere van reisigers wat langer as vier-en-twintig uur oorbly, geskut word.

Hoelank reisigers op uitspanplekke mag vertoef en hoe gou hulle weer daarvan moet vertrek.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), mag niemand, wat met vee op publieke paaie trek, stadiger as 5 myl in elke vier-en-twintig uur trek nie, behalwe met die toestemming van die eienaar, huurder of ander persoon wat geregtig is tot die weiregte op die grond waarvoor hy trek, of tensy hy deur teenspoed, oorstromings of ander onvoorsiene omstandighede op trek vertraag word.

(3) By die berekening van die tyd ingevolge hierdie artikel, moet Sondae buite beskouing bly.

(4) Iemand wat in stryd met die bepalinge van hierdie artikel handel, maak homself skuldig aan 'n oortreding en is, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf pond, of by gebreke van betaling, met gevangenisstraf (met of sonder harde arbeid) van hoogstens een maand.



Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 70.

dit oorspronklik deel uitgemaak het, dan mag die oppervlakte van so 'n uitspanplek nie verminder word nie, behalwe deur die Administrateur, wat, nadat die Registrateur van Aktes ondersoek ingestel en verslag uitgebring het, sy beslissing kan gee oor die aangeleentheid, naamlik of die uitspanplek groter is as die stuk grond waaruit sodanige onderdele bestaan.

(3) Wanneer twee of meer stukke grond, waarvan een of meer kragtens hierdie Ordonnansie onderworpe is aan 'n uitspanserwituut, saamgevoeg word, moet die oppervlakte van die uitspan ten opsigte van die saamgevoegde grond in grootte gelyk staan aan die totale oppervlakte van die uitspanplekke van daardie stukke grond wat aan so 'n serwituut onderworpe is, met dien verstande dat die oppervlakte van die uitspanplek in verband met die saamgevoegde grond hoogstens een vyf-en-sewentigste deel van die totale voorgestelde saamgevoegde grond mag bedra, maar in elk geval minstens vyf morg moet wees, en dat die ligging van die uitspanplek binne enige gedeelte van die bedoelde saamgevoegde grond kan aangewys word.

Toon en  
registrasie  
van  
sertifikate.

**71.** (1) Voordat die transport van 'n gedeelte van 'n plaas, soos omskrywe in die voorafgaande artikel, geregistreer kan word, moet daar eers aan die Registrateur van Aktes 'n sertifikaat van die Provinsiale Sekretaris getoon word, ten effekte dat die uitspanserwituut wat oorspronklik op die hele plaas was, slegs van toepassing is op dié gedeelte waarop die uitspanplek afgebaken is; of ingeval daar geen uitspan afgebaken is nie, op dié gedeelte daarvoor aangewys ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van die onmiddellik-voorafgaande artikel; met dien verstande egter dat die oppervlakte van die uitspangrond in elke geval eweredig moet wees aan die hele oppervlakte van die plaas voordat dit onderverdeel is.

(2) Sodra die transport van die gedeelte geregistreer is ooreenkomstig die sertifikaat genoem in subartikel (1) van hierdie artikel, moet die Registrateur van Aktes op die transportaktes van dié gedeeltes van die daarby betrokke plaas aantekene dat hulle onderworpe is aan 'n uitspanserwituut, of daarvan vry is, na gelang van die geval.

Wanneer  
sertifikate  
nie vereis  
word nie.

**72.** Wanneer grond vir publieke doeleindes aangewerf is deur onteiening of ander middels, is 'n sertifikaat, soos omskrywe in subartikel (1) van die onmiddellik-voorafgaande artikel,

(3) Wanneer 'n uitspanserwituut deur die Administrateur ooreenkomstig artikel *vyf-en-sestig* aangekoop is, kan die Administrateur sodanige stuk grond laat omhein en die wei van vee, wat nie aan reisigers op publieke paaie behoort of deur hulle opgepas word nie, daarop by wyse van regulasie verbied.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 68.

69. Die Administrateur moet van alle uitspanplekke, wat soos hierbo bepaal afgebaken is, 'n register laat hou met vermelding van die plase waarop sulke uitspanplekke geleë is, die oppervlakte van die uitspanplekke en sodanige ander besonderhede as voorgeskrywe word.

Registrasie van uitspanplekke deur Administrateur.

70. (1) Wanneer, na die agtiende dag van Oktober 1912, die gehele plaas of 'n gedeelte daarvan wat aan 'n uitspanserwituut onderworpe is, opgemeet word vir transportdoeleindes of vir die uitreiking van 'n eiendomsbewys van 'n gedeelte of gedeeltes daarvan, dan is onderstaande bepalinge van toepassing:—

Waar uitspanplekke op onderverdeling van plaas moet kom.

(a) Ingeval 'n uitspanplek behoorlik ooreenkomstig hierdie Ordonnansie afgebaken is, moet die geregistreerde eienaar of sy regmatige verteenwoordiger die Administrateur skriftelik kennis gee dat so 'n opmeting gemaak is, en daarby aanstip op welke gedeelte van die opgemete plaas genoemde uitspanplek geleë is;

(b) Ingeval daar egter geen uitspanplek afgebaken is nie, moet die geregistreerde eienaar of sy wettige verteenwoordiger die Administrateur in verband daarmee skriftelik in kennis stel, wat daarna in oorleg met die eienaar moet bepaal op welke gedeelte van die plaas die uitspanserwituut moet kom.

(2) (a) Wanneer twee of meer stukke grond onderworpe aan 'n uitspanserwituut volgens hierdie Ordonnansie, gekonsolideer word, moet die oppervlakte van die uitspangrond ten opsigte van die konsolidasie een vyf-en-sewentigste deel van die totale voorgestelde gekonsolideerde grond beslaan, en die uitspanperseel kan dan uitgekies word sonder ag te slaan op die binne-grense van die verskillende onderdele, met dien verstande dat die oppervlakte van so 'n uitspanplek in geen geval minder as vyf morge mag wees nie.

(b) In gevalle waar daar op een of meer van sulke onderdele 'n uitspanplek bestaan ten opsigte van 'n groter stuk grond waarvan

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 64.

hierdie artikel bepaal word, aan die Administrateur te betaal nie.

(3) Vir die doel van artikels *drie-en-sestig* en *vier-en-sestig* sluit die term „eenaar” ook huurders of lisensiehouers in wat huurkontrakte of lisensies op Kroongrond hou met die reg op aankoop, mits sulke huurders hulle reg op aankoop uitgeoefen het en met goedkeuring van die verantwoordelike Minister handel.

Aankoop  
van  
uitspan-  
serwitute.

**65.** Die Administrateur kan van tyd tot tyd 'n serwitut op grond vir uitspandoeleindes aankoop teen 'n prys wat by ooreenkoms met die eenaar bepaal moet word.

Provinsiale  
Sekretaris  
moet  
sertifikate  
uitreik.

**66.** Wanneer die Administrateur een van die bevoegdhede uitgeoefen het, wat hom kragtens paragraaf (a), (b) of (c) van artikel *drie-en-sestig* of kragtens artikel *vier-en-sestig* (1) verleen word, en as die aangeleentheid ten opsigte waarvan sodanige bevoegdheid uitgeoefen is, behoorlik afgehandel is, moet die Landmeter-Generaal en die Registrateur van Aktes, by lewering deur die Provinsiale Sekretaris van 'n sertifikaat waaruit blyk dat so 'n aangeleentheid wel afgehandel is, die nodige aantekeninge onderskeidelik op die betrokke kaarte en transportaktes maak.

Flekkie  
waar geen  
uitspan-  
nings mag  
kom nie.

**67.** Geen uitspanning mag op grond waarop 'n gebou staan geleë wees nie, (en behoudens alle regte verkry kragtens enige Wet betreffende prospekter of delf vir edele of onedele metale of edelgesteentes) is iemand ewemin daartoe geregtig om op uitspangrond te bou, te ploeg of sig op 'n ander wyse met die weiregte van uitspanplekke, wat ingevolge hierdie Ordonnansie afgebaken is, te bemoei; met dien verstande dat, behoudens soos bepaal in die onmiddellik hieropvolgende artikel, dit geensins beskou mag word dat die bepalinge van hierdie artikel die eenaar verbied om sy vee op die uitspanplek te laat wei nie.

Afkamp  
van uit-  
spanplekke.

**68.** (1) Enige eenaar is daartoe geregtig om, desverkieende, sy uitspanplek te omhein, mits hy voldoende toegang daartoe aan die reisende publiek verskaf.

(2) Die eenaar wat graag 'n uitspanplek wil omhein, kan by die Administrateur om 'n bydrae tot die koste van omheining aansoek doen. Die Administrateur kan dan met die eenaar ooreenkom wat betref die aard van die omheining wat opgerig gaan word, die hekke daarin asook die koste daarvan en word die omheining en hekke volgens die ooreenkoms opgerig, dan moet die Administrateur die helfte van die koste van die materiaal vir die omheining en hekke bydra.

deponeer as wat die Administrateur voldoende ag om die uitgawes wat in verband met so 'n aansoek gemaak moet word, te dek; en hy moet ook 'n waarborg gee om alle uitgawes bo die gedeponeerde bedrag te betaal; en in geval van 'n vermindering kragtens paragraaf (b) moet hy nog 'n bedrag betaal soos ooreengekom word, gelykstaande aan die waarde van daardie gedeelte van die serwituut wat soos voorgestel ten gunste van die eienaar van die grond afgestaan moet word.

(2) Behoudens die voorafgaande, is iedereen wat die ligging van 'n uitspanplek (ooreenkomstig hierdie Ordonnansie afgebaken), verander of die bakens versit, skuldig aan 'n oortreding en onderworpe aan die strawwe in artikel *eenhonderd-en-een* voorgeskrywe.

64. (1) Wanneer 'n uitspanplek volgens die mening van die Administrateur in sy geheel of gedeeltelik nie meer vir uitspandoeleindes gebruik word of daarvoor nodig is nie, of in spesiale gevalle waar die Administrateur meen dat dit in die belang van die publiek sou wees om dit te doen, is hy geregtig om, op aansoek van die grondeienaar betrokke by so 'n serwituut en in oorleg met die raad, so 'n uitspanserwituut geheel of gedeeltelik te kanselleer; met dien verstande dat die eienaar aan die Administrateur 'n billike en redelike bedrag moet betaal vir die ontheffing van sy grond, hetsy geheel of gedeeltelik, van so 'n serwituut; en verder met dien verstande dat, by die berekening van so 'n bedrag, verbeteringe op so 'n uitspan aangebring, in geen geval in aanmerking geneem mag word nie. Steeds met dien verstande dat kennisgewing van die voorneme van die Administrateur om stappe ingevolge hierdie artikel te doen, minstens eenkeer in die *Offisiële Koerant* en in een of meer nuusblaaië, wat in die distrik sirkuleer, gepubliseer moet word; en verder met dien verstande dat die Administrateur daarvan oortuig moet wees dat daar binne een maand vanaf die eerste publikasie van so 'n voorneme, geen voldoende redes teen sodanige stappe aangevoer is nie. Alle gelde wat ingevolge hierdie artikel ontvang word, en bedrae ooreenkomstig die slotsin van subartikel (1) van artikel *drie-en-sestig* betaal, moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.

Kansellasië,  
ongebruikte  
uitspanplekke.

(2) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie artikel aangaande die kansellering van 'n uitspanserwituut op onvervreemde Kroongrond, is dit nie nodig om sodanige bedrag as wat in subartikel (1) van

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 63.

Ord. No.  
9 van  
1933.  
—  
Artikel 61.

(5) Waar 'n onderverdeling van 'n plaas of gedeelte daarvan opgemeet is voor die agtiende dag van Oktober 1912, maar die transport daarvan nie voor genoemde datum geregistreer is nie, word so 'n onderverdeling beskou as 'n plaas vir die doel van hierdie hoofstuk van hierdie Ordonnansie.

Grootte  
van  
uitspan-  
plek.

**62.** (a) Die bedoelde uitspanserwituut beslaan 'n oppervlakte van een vyf-en-sewentigste gedeelte van die grootte van al sulke plase; met dien verstande dat die oppervlakte in geen geval uit minder as vyf morge mag bestaan nie.

(b) Alle publieke uitspanplekke staan onder die beheer en bestuur van die Administrateur en kan, onderworpe aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie, gebruik word vir die doel van uitspanplekke met inbegrip van uitkamp en parkeer van motorvoertuie.

Adminis-  
trateur kan  
uitspan-  
serwituute  
bepaal en  
verander.

**63.** (1) As dit van tyd tot tyd met toestemming of op aansoek van die grondeienaar wenslik blyk, of, indien daar nie by wyse van arbitrasie ingevolge artikel *honderd* met die eienaar tot 'n ooreenkoms geraak kan word nie, dan is die Administrateur geregtig om, in oorleg met die raad—

(a) enige onbepaalde of algemene uitspanserwituut op plase te omskryf, af te baken en te beperk tot 'n bepaalde stuk grond;

(b) die oppervlakte van 'n opgemete of gedomarkeerde uitspanserwituut in te perk;

(c) die ligging van 'n opgemete of gedomarkeerde uitspanserwituut te verander;

steeds met dien verstande dat kennisgewing van die Administrateur om volgens hierdie artikel te handel, eenkeer in die *Offisiële Koerant* en in een of meer nuusblaaië wat in die distrik in omloop is, gepubliseer moet word; en verder met dien verstande dat die Administrateur oortuig is dat binne een maand van die publikasie van sodanige voorneme, geen voldoende rede teen so 'n handelswyse aangevoer is nie; en verder met dien verstande dat, in geval van enige verandering hieronder van die ligging van 'n uitspanserwituut wat alreeds opgemeet en geregistreer is, sodanige opmeting en registrasie gekanselleer en die nuwe uitspanserwituut in die plek daarvan opgemeet en geregistreer moet word; en verder met dien verstande dat, alvorens op aansoek van bedoelde grondeienaar voornoemd ingevolge hierdie artikel gehandel word, laasgenoemde by die Provinsiale Sekretaris sodanige bedrag moet

(3) As gedeeltes van 'n pad na 31 Maart 1934 as 'n provinsiale pad geproklameer is, dan word die onkoste in verband met die aanleg van sodanige gedeeltes beskou as gemaak gedurende die boekjaar waarin sodanige pad as 'n provinsiale pad geproklameer is.

Ord. No.  
9 van  
1933.  
—  
Artikel 60.

## HOOFSTUK VII.

### UITSPANPLEKKE.

**61.** (1) Elke plaas in hierdie Provinsie wat op die agtiende dag van Oktober 1912, in die kantoor van die Registrateur van Aktes geregistreer was, en elke plaas voorheen nog nie as sodanig opgemeet nie, wat deur die Kroon na daardie datum toegeken is (uitgesonderd plase van honderd morge of kleiner) is onderworpe aan 'n uitspanserwituut ten gunste van die publiek.

(2) Elke plaas soos voornoemd, wat groter is as drie-duisend-sewe-honderd-en-vyftig morge, is onderworpe aan twee afsonderlike uitspanserwituute, steeds met dien verstande dat die totale oppervlakte van die twee uitspanplekke nie meer as een vyf-en-sewentigste deel van die oppervlakte van so 'n plaas mag wees nie.

(3) Ingeval 'n plaas soos bogenoemd, na die agtiende dag van Oktober 1912, of na die grondbrief soos hierbo bedoel, na gelang van die geval, onderverdeel is in twee of meer gedeeltes, rus die serwituute alleen op een gedeelte van die aldus onderverdeelde plaas, waaroor besluit moet word op die wyse hierin verder bepaal. Of anders, in gevalle waar dit gerieflik is om 'n uitspanplek te maak op twee of meer gedeeltes van 'n plaas, kan genoemde reg op sulke gedeeltes rus, met dien verstande dat die gedeeltes van die uitspanplek aanmekaar grens, en verder met dien verstande dat die vereiste kaarte, aantonende die bedoelde uitspanplek, getoon en geregistreer word op koste van die eienaar of eienaars van die gedeeltes van die plaas wat aldus onderverdeel is.

(4) Voordat transport van 'n gedeelte van 'n plaas, onderworpe aan 'n uitspanserwituut ooreenkomstig hierdie Ordonnansie, geregistreer word, moet die registrateur van aktes hom oortuig, hetsy deur middel van skriftelike bewys of andersins, dat die eienaar kennis gekry het dat genoemde serwituut op sy gedeelte van die plaas kom.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 58.

bedrag van die gelde deur alle plaaslike besture gedurende die boekjaar ontvang vir lisensies ingevolge genoemde Ordonnansie aan persone uitgereik wat buite die regsbevoegdheid van 'n plaaslike bestuur woon, oortref met meer as die bedrag wat kragtens subartikel (1) van hierdie artikel in die fonds, ten opsigte van daardie boekjaar, gestort moet word, dan moet 'n bedrag gelykstaande aan bedoelde saldo uit die Provinsiale Inkomstefonds in die fonds gestort word.

(3) Ongeag andersluidende bepalings in hierdie artikel vervat, bly die bepalings van die Weëfonds (Opskorting van Betaling, 1932-1933) Ordonnansie, 1932, hierby regsgeldig.

Betalinge  
uit fonds,

59. (1) Die fonds moet in elke boekjaar gedebiteer word met—

- (a) die bedrae nodig vir rente en aflossing op leninge, spesiaal gesluit vir die aanleg van provinsiale paaie op 'n aflossingstermyn van twintig jaar;
- (b) 'n bedrag van agt persent op die totale uitgawes vir aanleg van sulke paaie gedurende die onmiddellik voorafgaande boekjaar.

(2) Enige bedrae wat in die fonds oorbly nadat die gelde vereis ooreenkomstig subartikel (1) van hierdie artikel, verskaf is, kan aangewend word vir die aanleg van provinsiale paaie; met dien verstande dat in elke boekjaar 'n bedrag van agt persent op die totale uitgawes vir die aanleg van sulke paaie gedurende die onmiddellik voorafgaande boekjaar teen die fonds gedebiteer moet word.

(3) Die totaal van die bedrae van agt persent op die uitgawes in verband met die aanleg van provinsiale paaie, waarmee die fonds ooreenkomstig die bepalinge van die twee voorafgaande subartikels gedebiteer is, moet in die algemeen aangewend word vir die onderhoud van die paaie wat aldus aangelê is en mag nie vir ander doeleindes bestee word nie.

Onkoste in  
verband  
met die  
maak van  
sekere  
provinsiale  
paaie.

60. (1) Die koste in verband met die maak van enige gedeelte van 'n provinsiale pad, wat uit 'n ander bron as die fonds bestry is, word beskou as uit die fonds bekostig, en die onkoste in verband met die aanleg van sodanige gedeeltes word op £600 per myl bereken.

(2) As gedeeltes van 'n pad voor of op 31 Maart 1934 as 'n provinsiale pad geproklameer is dan word die onkoste in verband mee die aanleg van sodanige gedeeltes beskou as gedurende die boekjaar 1933-34 gemaak.

rente teen vyf persent per jaar deur die Administrateur van die plaaslike bestuur ingevorder kan word op dieselfde wyse asof die aldus uitgegewe bedrag 'n lening was, gewaarborg deur die eiendom en inkomste van die plaaslike bestuur ooreenkomstig die bepalinge van artikel *een-en-vyftig* van die „ Plaaslike Bestuur Ordonnansie.”

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 54.

## HOOFSTUK VI.

### OPENING VAN 'N PADFONDS.

55. Vir die doel van hierdie hoofstuk van hierdie Ordonnansie beteken—

Definisie.

„ provinsiale pad,” enige publieke pad wat deur die Administrateur ooreenkomstig artikel *nege*, of artikel *sewe-en-veertig* of die onmiddellik daarop volgende artikel tot 'n provinsiale pad geproklameer is.

56. Die Administrateur kan van tyd tot tyd by proklamasie in die *Offisiële Koerant* 'n publieke pad vir die doel van hierdie hoofstuk tot 'n provinsiale pad verklaar.

Proklamasie  
provinsiale  
paaie.

57. (1) Daar moet 'n padfonds geopen word (hierin verder die fonds genoem) wat gebruik moet word vir die aanleg en onderhoud van provinsiale paaie en vir die betaling van rente en aflossingsbedrae op kapitaalfondse wat vir die aanleg van sulke paaie aangewend is. Die totaal van sulke kapitaalfondse wat in 'n bepaalde jaar geleen word, mag die bedrag van £60,000 nie oorskry nie.

Padfonds  
geopen.

(2) Die Administrateur word met die beheer van die fonds belas.

58. (1) Onderstaande minimum-bedrae in verband met die genoemde boekjare moet uit die Provinsiale Inkomstefonds in die Padfonds gestort word:—

Geld vir  
fonds.

1933-34	...	...	...	£140,000
1934-35	...	...	...	147,500

Gedurende die finansiële jare 1935-36 en 1936-37, en in die volgende boekjare moet die bedrag £155,000 wees, totdat 'n ander reëling deur die Provinsiale Raad getref word.

(2) Indien die gedeelte van die gelde ontvang ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-vyftig* van die „ Motorvoertuie-Ordonnansie,” 1931, of wysiginge daarvan, deur alle plaaslike besture gedurende enige boekjaar, waartoe die Administrateur kragtens genoemde artikel geregtig is, die helfte van die



Ord. No. Same-  
9 van stelling  
1933. van raad.

53. (1) As die Administrateur van mening is dat 'n plaaslike bestuur versuim het om 'n grootpad of gedeelte daarvan aan te lê, te onderhou, of te herstel, kan hy oorgaan tot die samestelling van 'n raad, om aanbevelinge te maak betreffende die maatreëls wat geneem moet word vir die aanleg of herstel van so 'n pad of gedeelte daarvan, ten einde aan die behoeftes van die reisende publiek te voldoen.

(2) Genoemde rade moet bestaan uit—

(a) 'n lid, benoem deur die padraad wat regsbevoegdheid besit oor die grootpad buite die munisipale grense as 'n verlenging van die grootpad binne die munisipaliteit;

(b) 'n lid, benoem deur die betrokke plaaslike bestuur;

(c) 'n lid, omtrent wie die twee lede, benoem deur bedoelde padraad en die betrokke plaaslike bestuur, ooreengekom het, met dien verstande—

(i) dat ingeval die twee lede betreffende die benoeming van 'n derde lid nie ooreen kan kom nie, so 'n lid deur die Administrateur genoeminee moet word;

(ii) dat as die plaaslike bestuur in gebreke bly om binne een maand na kennisgewing deur die Administrateur 'n lid van die raad te benoem, die raad moet bestaan uit 'n lid deur genoemde padraad en 'n lid deur die Administrateur benoem.

(3) Die Administrateur kan op 'n besluit van die raad, wat by meerderheid van stemme aangeneem is, die plaaslike bestuur skriftelik versoek om so 'n pad of gedeelte daarvan binne 'n tydperk wat deur hom bepaal moet word, aan te lê of te herstel.

Adminis-  
trateur se  
bevoegd-  
heid by  
versuim  
van plaas-  
like  
bestuur om  
nodige werk  
uit te voer.

54. Indien die plaaslike bestuur in gebreke bly om die vereiste werksaamhede binne die aangegewe tydperk uit te voer, of indien die Administrateur oortuig is dat die plaaslike bestuur binne die genoemde tydperk nie die nodige maatreëls vir die voltooiing van die vereiste werk neem nie, kan hy 'n persoon of persone magtig om die vereiste werk te doen of uit te voer, en om in verband daarmee, of vir die uitvoering van die werk of maatreëls, soveel uit te gee as hy nodig oordeel; met dien verstande dat alle gelde deur die Administrateur kragtens hierdie artikel uitgegee met

49. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd provinsiale paaie aanlê, onderhou, en herstel vir sower fondse dit veroorloof.

Konstruksie en onderhoud provinsiale paaie.

Ord. No. 9 van 1933.

(2) Alle plaaslike besture is bevoeg om met die Administrasie ooreenkomste aan te gaan om oor 'n bepaalde afstand 'n beter klas provinsiale pad aan te lê en te onderhou, as die Administrateur voorstel om te laat maak, en om die geskatte verskil in die koste van die aanleg van so 'n beter klas pad uit hulle inkomste by te dra. So'n ooreenkoms kan bepaal dat die werk deur die Plaaslike Besture self, namens en ten behoeve van die Administrasie, onderneem en uitgevoer word.

50. (1) Die plaaslike bestuur en nie die Administrateur nie, is verantwoordelik vir die verspreiding van alle stormwater wat op enige plek van 'n provinsiale pad afgevoer word, en moet 'n behoorlike reëling maak vir die verspreiding daarvan ter bevrediging van die Administrateur, en is verantwoordelik vir alle koste wat in verband daarmee gemaak word.

Stormwater.

(2) Die Administrateur is hoegenaamd nie aanspreeklik vir enige skade wat deur of vanweë sodanige stormwater veroorsaak is nie.

## HOOFTUK V.

### GROOTPAAIE IN MUNISIPALITEITE.

51. Tensy klaarblyklik 'n ander menig daaraan geheg word, beteken in hierdie hoofstuk van hierdie Ordonnansie—

Definisies,

„raad,” 'n raad ingestel kragtens die bepalinge van artikel *drie-en-vyftig*;

„grootpad,” 'n pad wat deur 'n munisipaliteit loop en aansluit op en 'n verlenging is van 'n grootpad (soos omskrywe in artikel *twee*) buite die grense van so 'n munisipaliteit, maar sluit nie in enige gedeelte van die pad nie, wat bekend staan as die Hoofrifpad en in die eerste bylae van Ordonnansie No. 17 van 1928, of wysiginge daarvan omskrywe is, nog 'n provinsiale pad as sodanig geproklameer kragtens die bepalinge van artikel *sewe-en-veertig*; en sluit in brugge of driewwe waaroor so 'n grootpad loop.

52. Die bepalinge van hierdie Hoofstuk van hierdie Ordonnansie is op alle munisipaliteite van toepassing.

Toepassing van Hoofstuk.

Ord. No.  
9 van  
1933.

## HOOFTUK IV.

### PROVINSIALE PAAIE IN MUNISIPALITEITE.

- Definieie** 45. In hierdie hoofstuk van hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking „provinsiale pad” ’n pad of gedeelte van ’n pad in ’n munisipaliteit, wat—
- (i) aansluit op en ’n verlenging is van ’n provinsiale pad buite ’n munisipaliteit en as sodanig geproklameer kragtens artikel *ses-en-vyftig*; en
  - (ii) op die grens van ’n munisipaliteit aanvang en ongeveer op ’n punt eindig (of vice versa) waar persele, erwe of standplase begin, waarop eiendomsbelasting gehef kan word kragtens enige wet betreffende die heffing van belastinge deur Plaaslike Besture; en
  - (iii) by proklamasie in die *Offisiële Koerant* kragtens artikel *sewe-en-veertig* deur die Administrateur vasgestel en omskrywe is.
- Toepassing van hoofstuk.** 46. Die bepalinge van hierdie hoofstuk van hierdie Ordonnansie is op alle munisipaliteite van toepassing.
- Proklamasie, provinsiale paaie.** 47. Die Administrateur kan van tyd tot tyd by proklamasie in die *Offisiële Koerant*—
- (a) bepaal op welke punt in ’n munisipaliteit ’n provinsiale pad vir die doel van hierdie hoofstuk van hierdie Ordonnansie sal eindig;
  - (b) enige bepaling van hierdie Ordonnansie na goedvinde *mutatis mutandis* ten opsigte van so ’n pad toepas;
- met dien verstande dat, sonder die toestemming van die Minister van Mynwese geen pad volgens hierdie bepaling tot ’n provinsiale pad verklaar mag word nie, op grond wat ingevolge die Edele en Onedele Metalenwet, 1908 (Transvaal), of wysiginge daarvan geproklameer is; of grond, wat iemand kragtens mynbrief besit, soos by so ’n wet omskrywe, tensy die loop van daardie pad kragtens die bepalinge van daardie wet of bedoelde wysiginge uitgehou is vir die doel van ’n pad; of op grond, wat as ’n alluviale delwery kragtens die bepalinge van die „Edelgesteente-wet” van 1927 of wysiginge daarvan, of enige vorige wet, geproklameer is.
- Beheer provinsiale paaie.** 48. Die kontrole en beheer van alle provinsiale paaie berus by die Administrateur vanaf die datum van ’n proklamasie ingevolge die bepalinge van die voorafgaande artikel, waarby die grense van so ’n pad vasgestel word.

**42.** (1) Behoudens die bepalinge van wette betreffende die oprigting van waarskuwings-  
 tekens op publieke paaie, mag niemand in, bo of op 'n publieke pad 'n bord, kennisgewing, raamwerk, omheining, stellasio of ander toestel oprig, aanlê, plaas of vertoon deur middel waarvan 'n advertensie van enige soort vertoon kan word (hierin verder in die onderhawige artikel 'n versperring genoem).

Advertensie op publieke paaie belet.

Ord. No. 9 van 1933.

(2) Die Administrateur word hierby gemagtig om sonder kennisgewing al sulke versperrings wat in stryd met hierdie artikel op of bo bedoelde paaie opgerig of geplaas is, te laat verwyder en te vernietig, en om van die persoon wat vir so 'n oortreding verantwoordelik is, die onkoste in te vorder waarin hy in verband met so 'n verwydering of vernietiging verval het.

(3) Iemand wat in stryd met hierdie artikel handel, maak homself skuldig aan 'n oortreding en is by veroordeling onderworpe aan die strawwe voorgeskrywe in artikel *drie-en-veertig*.

**43.** Behoudens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, is iemand wat—

Oortredinge.

- (a) 'n publieke pad gebruik terwyl dit aangelê of herstel word; of
- (b) wat 'n publieke pad sluit, verlê, versteur, versper of op enige wys daarop inbreuk maak; of
- (c) moedswillig of voorbedagtelik water oor sulke paaie laat loop;

skuldig aan 'n oortreding en kan hy by veroordeling gestraf word met 'n boete van hoogstens tien pond (£10), of by gebreke van betaling tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens een maand, en in geval van 'n tweede of volgende veroordeling tot 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond (£25), en by gebreke van betaling tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

**44.** Iemand wat uitspan, uitkamp of vuur maak op 'n straatweg, is skuldig aan 'n oortreding, en by veroordeling onderworpe aan die strawwe in die voorafgaande artikel voorgeskrywe.

Uitspan en vuurmaak op straatweë verbied.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 38.

die streek inspekteer en 'n ondersoek instel, en daarna sy aanbevelinge met dokumente en sketskaart van die streek die Administrateur vir sy beslissing toestuur.

OORSKRYDING, BELEMNERING, ENS., OP  
PUBLIEKE PAAIE.

Verbod  
ongemag-  
tigde  
handelinge,  
ens.

39. (1) Tensy gemagtig kragtens hierdie Ordonnansie of ander wette, mag niemand—

- (a) op 'n publieke pad inbreuk maak deur geboue, bouwerke, omheininge, vore, kanale, slote of ander belemmeringe te maak of op te rig of deur pypleidinge, draad of kables op, oor of onder so 'n pad te lê;
- (b) op 'n straatweg hout, klippe, rotsblokke, boomstompe, afval, puin, ashope of ander gevaarlike belemmeringe agterlaat; of glas, erdewerk, blikke, spykers of ander stukke metaal, of ander materiaal of voertuie, ten einde die verkeer te belemmer, of die persone wat so 'n straatweg gebruik in gevaar te bring, of te veroorsaak dat hulle eiendom beskadig word;
- (c) die grond, dekking, gruis, uitgrawinge, erdwalle of rirole van publieke paaie, opgrawe, verplaas, of op enigerlei manier verander.

(2) Iemand wat in stryd met hierdie artikel handel, is skuldig aan 'n oortreding, en by veroordeling onderworpe aan die strawwe voorgeskrywe in artikel *drie-en-veertig*.

Adminis-  
trateur kan  
handelwyse  
magtig wat  
in Artikel  
39 verbied  
is.

40. Die Administrateur kan, onder voorwaardes deur hom vasgestel, 'n handelwyse skriftelik magtig wat in die voorlaaste artikel verbied is, indien hy oortuig is dat daaruit geen materiële skade vir die publieke pad of nadeel vir die publiek kan voortvloei nie.

Lê van  
trein-,  
trem- of  
trollie-  
spore, ens.

41. (1) Niemand mag sonder skriftelike vergunning van die Administrateur:—

- (a) 'n trein-, trem-, of trolliespoor oor 'n publieke pad lê nie; of
- (b) 'n brug oor, of 'n deurlaat of duikweg onder so 'n pad aanbring; of
- (c) enige elektriese of ander drade oor, of enige ondergrondse kables onder 'n publieke pad of uitspanplek aanlê nie.

(2) Vir elke vergunning volgens hierdie artikel toegestaan kan die Administrateur 'n vaste of jaarlikse bedrag eis teen so 'n tarief as wat hy in elke geval kan vasstel.

en uitgawes as hy redelik vind, deur die applikant of beswaarmakers aan die Administrasie betaal moet word, in so 'n verhouding as hy billik ag, met inagneming van die uitslag van die ondersoek, en nadat so 'n order gegee is, kan sodanige bedrag in enige hof met die nodige regsbevoegdheid ingevorder word.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 35.

**36.** Nieteenstaande andersluidende bepalinge in die voorafgaande vyf artikels:—

Verlegging  
binne  
grense van  
eiendom.

- (1) is die geregistreerde eienaar van enige grond wat graag 'n ander publieke pad as 'n grootpad, binne die grense van sy eiendom wil verlê, geregtig om skriftelik daarom by die Voorsitter aansoek te doen, wat, nadat hy hom deur ondersoek oortuig het dat die belange van die reisende publiek daardeur nie benadeel sal word nie, so 'n aansoek aan die Administrateur moet deurstuur met sy aanbeveling;
- (2) is die Administrateur bevoeg om bedoelde eienaar te magtig om die pad in so 'n rigting te verlê as die Padinspekteur aandui; altyd met dien verstande dat bedoelde eienaar, voordat hy die ou pad sluit, die nuwe pad in behoorlike orde bring ter bevrediging van die Administrasie;
- (3) mag so 'n verlegging nie uitgevoer word nie, tensy kennisgewing van sy voorneme om dit te doen minstens een-en-twintig dae van tevore deur bedoelde eienaar in die *Offisiële Koerant* gepubliseer is.

**37.** Nieteenstaande andersluidende bepalinge in hierdie Ordonnansie, is, in ieder geval van verlegging of sluiting van 'n publieke pad op grond, wat iemand kragtens mynbrief besit, die bepalinge van Deel III van die „Local Authorities Roads Ordinance” van 1904, of wysiginge daarvan, *mutatis mutandis* van toepassing.

Sluiting of  
verlegging  
van pad op  
myngrond.

#### OPENING VAN NUWE PUBLIEKE PAAIE.

**38.** 'n Nuwe publieke pad kan geopen word op versoek van minstens vyf-en-twintig eienaars, wat in die distrik woon waardeur die pad verlang word. Die versoek moet gerig word aan die Administrateur, wat na ontvangs daarvan die petisie na 'n Kommissie, ingestel ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig*, moet verwys. Die Kommissie moet na behoorlike kennisgewing, soos by regulasie voorgeskrywe,

Opening  
nuwe  
publieke  
paaie.

Ord. No.  
9 van  
1933.

VERLEGGING VAN GROOTPAAIE.

Verlegging  
van groot-  
paaie.

**30.** Die eienaar van 'n plaas wat 'n grootpad daarop wil verlê, kan daarom aansoek doen by die Administrateur, wat na oorleg met die Raad, en na sodanige verder ondersoek as hy nodig oordeel, so 'n verlegging kan toestaan op sulke voorwaardes as hy goedvind.

VERLEGGING VAN ANDER PUBLIEKE PAAIE; EN  
BENOEMING VAN KOMMISSIES.

Sluiting  
Publieke  
paaie, uit-  
gesonderd  
grootpaaie.

**31.** Die eienaar van 'n plaas wat graag 'n ander publieke pad as 'n grootpad, wil sluit, verlê of andersins die verkeer daaroor belemmer, moet skriftelik daarom aansoek doen by die Voorsitter van die Raad (hierna „die Voorsitter ” genoem) van die distrik waarin die plaas geleë is.

Kommissie  
van  
ondersoek.

**32.** As volgens die mening van die Voorsitter 'n aansoek ingevolge die bepalinge van die voorafgaande artikel gemaak, redelik is, moet hy so 'n aansoek aan die Administrateur deurstuur, wat dan 'n kommissie kan benoem van hoogstens drie belangelose persone om 'n ondersoek na die meriete van genoemde aansoek in te stel, en daarvoor rapport aan hom uit te bring.

Ondersoek  
na kennis-  
gewing.

**33.** Bedoelde Kommissie moet, nadat hy soos by voorgeskrewe regulasie kennis gegee het, waarin van iedereen wat beswaar het teen die toestaan van bedoelde aansoek, verlang word om sy beswaar binne een-en-twintig dae na die eerste publikasie van so 'n kennisgewing skriftelik by die Voorsitter in te dien, die streek wat by die aansoek betrokke is, so nodig, inspekteer en 'n volledige ondersoek instel na die verdienste daarvan en die besware daarteen, en moet daarna so spoedig moontlik daarvoor sy rapport aan die Administrateur instuur.

Adminis-  
trateur kan  
volgens  
kommissie-  
rapport  
handel.

**34.** Die Administrateur kan, na oorweging van die rapport van die Kommissie, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat genoemde publieke pad gesluit is of verlê word, soos uiteengesit in bedoelde kennisgewing, en so 'n kennisgewing moet 'n sketskaart van die publieke pad wat aldus gesluit of verlê word, insluit.

Betref-  
fonde  
koste.

**35.** Alle koste en uitgawes van die Kommissie moet in die eerste instansie deur die Administrasie gedra word, maar na afloop van die ondersoek, kan die Administrateur gelas dat die gehele of sodanige gedeelte van die koste

word; met dien verstande dat dit nie sonder toestemming van die eienaar uit 'n gemaakte dam of put of boorgat geneem mag word nie;

- (4) om bome of kreupelhout af te kap en te verwyder waar dit vir die aanleg van publieke paaie nodig is; met dien verstande dat sulke bome na afkapping aan die eienaar van die grond waar bedoelde bome gekap is, sal toebehoor.

**28.** Die regte toegestaan aan die Administrateur ooreenkomstig die bepalinge van die laaste vyf voorafgaande artikels kan deur die kontrakteurs, wat die paaie, brugge en driewwe namens hom aanlê, bou of herstel, uitgeoefen word; met dien verstande dat in geval van skade deur 'n kontrakteur veroorsaak, vergoeding volgens hierdie Ordonnansie betaalbaar, op die Administrateur verhaal kan word, wat op sy beurt skadeloosstelling van die kontrakteur kan eis; en verder met dien verstande dat enige kontrakteur vir die lewering van diere aan die Administrasie vir of in verband met sodanige aanleg, bou of herstel soos hierbo genoem, die regte kan uitoefen, toegestaan kragtens subartikel (2) van die voorafgaande artikel, as sulke regte spesifiek by skriftelike ooreenkoms tussen die genoemde kontrakteur en die Administrateur toegestaan is.

Kontrakteurs kan regte toegestaan aan Administrateur uitoefen.

#### PONTE.

**29.** (1) Die Administrateur het die reg om ponte op riviere aan te bring en te onderhou en om die nodige landings- en ankerplekke binne en buite die grense van die pad, en die nodige aannaderingswerke daartoe te maak. Onderworpe aan die bepalinge van artikel *twaalf* van Wet No. 10 van 1911, besit hy ook die reg om vir vervoer van voertuie, reisigers en vee daarmee 'n sekere bedrag te vra wat van tyd tot tyd vasgestel word. Hy is verder geregtig om kontrakte te sluit vir die bou, onderhoud, verhuur of huur van ponte op sulke voorwaardes met betrekking tot tariewe as hy goedvind.

Aanbring en onderhoud van ponte, ens.

(2) Die Administrateur kan met die Administrasie van naburige geweste saamwerk vir die aanbring van ponte op riviere, wat hierdie Provinsie van so 'n gewes skei, en kan ooreenkomste met so 'n Administrasie sluit betreffende alle aangeleenthede in verband met die kontrole, bestuur en onderhoud van sulke ponte.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 27.



Ord. No.  
9 van  
1933.

Opening  
van  
omheininge  
en aanleë  
van paaie  
na steen-  
groewe.

**26.** Om bedoelde materiaal te verkry het die Administrateur die reg om so-nodig openinge in omheininge en paaie na steengroewe en ander plekke te maak: met dien verstande dat sulke openinge deeglik toegemaak moet word teen oorskryding of afdwaling van vee gedurende die werksaamhede, en dat die omheining na affloop van die werk weer behoorlik herstel word, en dat enige steengroef of ander uitgraving, in die loop van die werksaamhede gemaak, wat gevaar kan oplewer, na voltooiing van die werksaamhede of deeglik omhein, of opgevol, of op ander wyse veilig gemaak moet word; en verder met dien verstande dat geen skade aan bewerkte landerye, bome, omheininge en ander bouwerke of verbeteringe van die eienaar van sulke privaatgronde waaroor die materiaal vervoer word, veroorsaak mag word nie.

VERDER REGTE VAN DIE ADMINISTRATEUR, MET BETREKKING TOT OPRIGTING VAN TENTE, ENS.

Oprigting  
van tente,  
ens., op  
privaat-  
grond.

**27.** Die Administrateur besit verder die reg:—

- (1) Waar geen ander geleentheid beskikbaar is nie:—
  - (a) Om tente of ander tydelike woninge op te rig vir die gerief van beamptes of arbeiders wat diens doen of werksaam is op paaie of wat ander werk in verband daarmee verrig of vir opberging van goedere, gereedskap en uitrusting; of
  - (b) om masjinerie en uitrusting op privaatgrond te plaas en te bère; met dien verstande dat die grond vir sulke doeleindes vereis, in oorleg met die eienaar uitgekies moet word.
- (2) om, wanneer daar binne die grense van die pad of uitspanplek geen voldoende weiveld beskikbaar is nie, op enige privaatgrond, op 'n plek deur hom met inagneming van die belange van die eienaar aangewys, die diere te laat wei wat vir die uitvoering van die werksaamhede nodig is; met dien verstande dat die diere op so 'n wyse en plek moet wei dat hulle nie die gesaaides, tuine of boorde kan beskadig of met die vee van die eienaar deurmekaar kan raak nie;
- (3) om die nodige water te neem of andersvoorsiening daarin te maak, wat vir 'n behoorlike uitvoering van die werksaamhede en vir diere en arbeiders vereis

herstel van so 'n pad moet laat beraam, en in geval die herstelwerk deur sulke plaaslike inwoners uitgevoer word, kan hy toestem om tot op die helfte van die werklike koste daarvan by te dra, of anders kan die Administrateur die werk self laat uitvoer as die Raad hom bewys lewer dat die plaaslike inwoners bygedra het, of goedgekeurde waarborg gestel het dat hulle minstens die helfte van die aldus geskatte bedrag sal bydra, hetsy kontant, by wyse van arbeid of op 'n ander manier, soos deur die Administrateur goedgekeur.

Ord. No.  
9 van  
1933.  
—  
Artikel 22.

#### VERKRYGING VAN MATERIAAL.

**23.** Die Administrateur besit die reg om van 'n plaas alle materiaal te neem en weg te voer of te laat neem en te laat wegvoer wat nodig is vir die aanleg, onderhoud of herstel van die publieke paaie binne die grense van so 'n plaas (met inbegrip van brugge buite die loop van sulke paaie).

Verkryging  
van  
materiaal.

**24.** As 'n plaas nie voldoende of geskikte materiaal besit nie, is die Administrateur geregtig om dit van die aangrensende grond of van ander plase of van enige dorpsgrond (uitgesonderd van opgemete erwe) waar die materiaal wel verkrygbaar is, te neem en weg te voer.

Verkryging  
van  
materiaal  
van plase  
of aangren-  
gende  
grond.

**25.** (1) Die Administrateur is geregtig om 'n plek of plekke uit te kies wat hy op so 'n plaas of dorpsgrond, na gelang van omstandighede, geskik ag vir verkryging van sodanige materiaal, met dien verstande dat die eienaar desverlangd geregtig is om 'n ander plek of plekke aan te wys vir genoemde doel en as laasgenoemde plek of plekke deur die Administrateur ewe bereikbaar bevind word met betrekking tot die afstand en ewe geskik wat hoeveelheid en hoedanigheid van materiaal betref as die plek deur hom uitgekies dan moet die materiaal van die plek of plekke, deur die eienaar aangewys, geneem word.

Adminis-  
trateur kan  
terrein vir  
verkryging  
van  
materiaal  
uitkies.

(2) Die Administrateur is nie geregtig om besit te neem van materiaal waaraan die eienaar handarbeid bestee het nie, of om klippe of ander materiaal van 'n huis, kraal of mure of werf te neem, en hy is nie geregtig om die materiaal oor 'n groter omtrek as vier myl van die plek of plekke, gekies volgens subartikel (1) van hierdie artikel, te vervoer nie, sonder vergoeding, waarvan die bedrag in geval van geskil deur arbitrasie, soos omskrywe in artikel *honderd* vasgestel moet word.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 20.

openbaar, soos hierby vereis, kan by veroordeling gestraf word met 'n boete van hoogstens vyf-en-sewentig pond en by gebreke van betaling tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en die hof wat hom veroordeel het, kan sy setel vakant verklaar en sy setel moet daarop vakant word; met dien verstande egter dat die hof so 'n order nie mag maak nie as bewys gelewer word dat die versuim van so 'n lid om die verklaring te maak aan siekte, afwesigheid van die distrik of die een of ander oorsaak van soortgelyke aard te wyte is, en nie die gevolg van gebrek aan goeder trou was nie.

(4) Dit is die plig van die Provinsiale Auditor om aan die Administrateur alle gevalle te rapporteer waarin daar volgens sy mening versuim is om aan die bepalinge van hierdie artikel te voldoen.

### HOOFTUK III.

#### AANLEG, ONDERHOUD, OPENING, SLUITING EN VERLEGGING VAN PUBLIEKE PAAIE.

Algemene  
bevoegd-  
hede van  
Adminis-  
trateur.

**21.** Onderworpe aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie en van die „Motorvoertuie-Ordonnansie,” 1931 of wysiginge daarvan, en wanneer fondse dit veroorloof, besit die Administrateur bevoegdheid en gesag in die navolgende sake en aangeleenthede:—

- (1) Die aanleg, onderhoud en kontrole van alle groot- en distrikspaaie, en, onderworpe aan die bepalinge van artikel vier, die vasstelling van die breedte daarvan;
- (2) die aanskaffing en onderhoud van sulke mylpale, seinpale, padwysers en waarskuwingstekens, as nodig geag word vir die voorligting van persone of veiligheid van diere en voertuie op alle publieke paaie;
- (3) die verskaffing en onderhoud van uitspanplekke, putte en drinkplekke, vir gebruik van die publiek op sulke paaie;
- (4) die oprigting, konstruksie en onderhoud aan die padkant of elders van geboue en wonings vir die doel van hierdie Ordonnansie.

Herstelling  
van dis-  
triks- en  
voetpaaie.

**22.** Ingeval 'n distrikspad of voetpad herstel moet word, kan die inwoners in die onmiddellike nabyheid van bedoelde pad, deur die Raad daarom by die Administrateur aansoek doen, wat daarop die geskatte koste van

met, of werkzaam is aan paaie, brugge en uit-spanplekke kragtens hierdie Ordonnansie aangelê, gebou of onderhou, aanstel en ontslaan.

Ord. No.  
9 van  
1933.

19. (1) Geen lid van die raad mag stem in verband met, of deelneem aan, of in sy hoedanigheid van lid teenwoordig wees by, die bespreking van enige aangeleentheid deur die Raad, waarby hy self, sy eggenote, sy vennote of sy naaste bloedverwante direk of indirek geldelike belang het.

Stemming  
van belang-  
hebbende  
lede.

Artikel 18.

(2) 'n Lid wat met voorkennis die bepalinge van hierdie artikel oortree maak hom skuldig aan 'n oortreding en sy setel op die raad word by veroordeling *ipso facto* vakant.

20. (1) Aan 'n lid van 'n raad is uithoofde van sy amp nie verbied om met die Administrasie of die raad te kontrakteer nie, hetsy as verkoper, koper of andersins, nog sal 'n kontrak of ooreenkoms, gesluit deur of namens die Administrasie of namens die raad, of 'n subkontrak of later ooreenkoms in verband met so 'n kontrak, waarin 'n lid van die raad op enige wyse direk of indirek belang het, weens genoemde rede ongeldig beskou of verwerp word.

Kontrak-  
tering  
toegestaan.

(2) Waar 'n lid van 'n raad, op ander wyse dan as aandeelhouer by 'n maatsakppy met beperkte aanspreeklikheid, belang het in 'n kontrak of ooreenkoms met die Administrasie of die raad, of subkontrak of later ooreenkoms in verband met sulke kontrakte of ooreenkoms, waarmee volgens die voorwaardes daarvan uitgawes of ontvangste van een-honderd pond of meer, deur die Administrateur of raad, gegaar gaan, dan is dit die plig van so 'n lid om voordat so 'n kontrak of ooreenkoms deur die Administrasie of die raad vasgestel of goedgekeur word (as sy belang daarby dan bestaan of indien sy belang daarby later verkry word, om dan binne 'n redelike tyd en in iedere geval minstens een maand na die verkryging van sodanige belange) die ware toestand aan die Administrateur sowel as aan die Raad te openbaar, en sodanige blootlegging moet op 'n vergadering van die raad gemaak en per brief aan die Provinsiale Sekretaris meegedeel word, wat dit aan die Administrateur moet rapporteer, en so 'n openbaarmaking moet in die notule van die raadsvergadering genoteer word wanneer die verklaring deur die betrokke raadslid gemaak word.

(3) 'n Raadslid wat hierdie artikel oortree deur te versuim om sy belang by enige kontrak of ooreenkoms met die Administrasie of die raad, of subkontrak of later ooreenkoms te

Ord. No.  
9 van  
1933.

Skorsing en  
ontslag van  
lede.

14. Die Administrateur kan 'n raadslid in sy amp skors of ontslaan weens onbekwaamheid om as sodanig te fungeer, of weens wangedrag, of ander gegronde en geldige redes.

Ampstyd.

15. Onderworpe aan die bepalinge van subartikel (2) van artikel *sestien* en behoudens die bepalinge van subartikel (2) van artikel *elf*, moet elke raadslid vir 'n tydperk van drie jaar dien vanaf die datum van sy benoeming.

Opvulling  
van  
vakatures.

16. (1) As 'n lid van die Raad gedurende sy ampstyd sterf, bedank, of kragtens bestaande wetgewing onbevoeg bevind word, of op ander wyse sy setel op die raad neerlê, kan die Administrateur 'n opvolger benoem om die aldus ontstane vakature op te vul.

(2) Die lid wat ooreenkomstig hierdie artikel benoem word, sal slegs gedurende die onafgelope ampstermyn van sy voorganger, fungeer.

Kworum.

17. Drie lede van 'n raad met inbegrip van die voorsitter vorm 'n kworum, met dien verstande dat, waar die lidmaatskap van 'n raad minder as vyf is, met inbegrip van die voorsitter, die kworum uit twee lede sal bestaan, waarvan een die voorsitter moet wees; en verder met dien verstande dat gedurende sy afwesigheid van die setel van die magistraatsdistrik, die voorsitter die senior-amptenaar op die personeel van die magistraat skriftelik kan benoem om gedurende sodanige afwesigheid as voorsitter op te tree.

Bevoegd-  
hede en  
verpligting  
van  
padrade.

18. (1) Die Raad:—

- (a) Besit sodanige bevoegdhede, verpligtinge en funksies as voorgeskryf word;
- (b) moet die Administrateur help en adviseer in verband met alle aangeleenthede betreffende publieke paaie en uitspanplekke binne sy distrik;
- (c) moet alle informasie insamel en deurstuur wat deur die Administrateur vereis word in verband met die toepassing van hierdie Ordonnansie of van die regulasies ingevolge daarvan uitgevaardig; en
- (d) moet in die algemeen al daardie werksaamhede uitvoer wat die Administrateur van tyd tot tyd aan die Raad opdra.

(2) Indien daartoe gemagtig volgens regulasie deur die Administrateur gemaak en in die *Offisiële Koerant* gepubliseer, kan 'n raad in oorleg met die padinspekteur, ploegbase, blanke arbeiders en padwerkers, wat by die dag betaal word, en wat nodig is in verband

hoogstens ses ander persone, wat deur die Administrateur benoem kan word met inagneming van die bepalinge van artikel *twaalf*; mits dat die Administrateur behalwe sodanige persone ander persone as *ex-officio* lede van 'n raad kan benoem—'n aldus benoemde *ex-officio* lid is geregtig om deel te neem aan die werksaamhede van die raad, dog is nie geregtig om te stem nie. Die Administrateur kan van tyd tot tyd die bedrag bepaal aan 'n *ex-officio* lid betaal te word vir reis- en persoonlike onkoste terwyl hy vir die raad werksaam is;

- (b) die regsgebied van rade, ingestel kragtens hierdie artikel, uitbrei, wysig of inperk, en te eniger tyd bedoelde rade ophef of ontbind as voldoende redes daarvoor aangevoer word.

(2) Die rade, ingestel kragtens 'n wet wat by hierdie Ordonnansie herroep word en in die tweede bylae hiervan opgeneem is, word beskou as padrade kragtens hierdie Ordonnansie ingestel, en die lede daarvan as kragtens hierdie Ordonnansie benoem, en hulle bly in funksie vir die tydperke waarvoor hulle benoem is, onderworpe aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie.

**12.** Niemand mag tot lid van 'n raad vir 'n distrik benoem word of as lid fungeer nie:— Diskwalifikasies.

- (a) Wat te eniger tyd veroordeel is tot gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete, tensy aan hom gracie verleen is, of tensy sy straf tyd minstens drie jaar voor sy benoeming uitgedien is; of
- (b) wat swaksinnig is of onder kuratele staan; of
- (c) wie se boedel in likwidatie of in trus is vir sy krediteure; of
- (d) wat 'n ongerehabiliteerde bankroetier is; of
- (e) wat 'n uitlander is.

**13.** 'n Lid van die Raad moet sy amp neerlê:— Omstandighede in verband met aftrede van lede.

- (a) In een van die omstandighede omskrywe in die voorafgaande artikel; of
- (b) as hy deur die Administrateur ooreenkomstig artikel *veertien* uit sy amp ontslaan is; of
- (c) as hy veroordeel is weens 'n oortreding van artikel *negentien*.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 11.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 9.

streek of gebied; en verder met dien verstande dat sonder toestemming van die Minister van Mynwese, geen pad volgens hierdie artikel tot 'n Provinsiale Pad verklaar mag word nie op grond, wat geproklameer is krachtens die „Edele en Onedele Metalen-Wet” 1908 (Transvaal), of wysiging daarvan; of op grond, wat iemand krachtens mynbrief besit, soos in genoemde wet omskrywe, tensy die loop van daardie pad uitgehou is vir die doel van 'n pad ingevolge die bepalinge van daardie wet of bogenoemde wysiging; of op grond, geproklameer as 'n alluviale delwery krachtens die bepalinge van die „Edelgesteente-Wet” 1927, of wysiging daarvan, of ingevolge vorige wette.

(2) Vanaf en na die datum van 'n proklamasie, uitgevaardig ingevolge subartikel (1) hiervan, word en bly die aldus geproklameerde pad 'n publieke pad, onderworpe aan die bepalinge van die onmiddellik-hieropvolgende subartikel, en die Administrateur kan van tyd tot tyd sulke paaie laat regmaak, onderhou en herstel vir sover fondse dit veroorloof.

(3) 'n Proklamasie ingevolge die bepalinge van hierdie artikel uitgevaardig, kan te eniger tyd, as voldoende redes daarvoor aangevoer word, deur die Administrateur na goedvinde ingetrek, gewysig of aangevul word.

Beskikking  
oor en be-  
sitting  
van grond  
vir publieke  
paaie.

10. Die Administrateur of iemand wat op sy gesag in daardie opsig handel, kan na kennisgewing aan die eienaar of eienaars oor soveel grond beskik as vereis word en dit in besit neem vir die opening of aanleg van publieke paaie, of vir enige ander bykomstige doeleinde in verband met die uitoefening van die verpligtinge of bevoegdhede in hierdie Ordonnansie verleen of opgelê ten opsigte van sodanige pad, met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op persele, erwe, hoewe of standplase, geleë in 'n landstreek of gebied, genoem in subartikel (1) van die voorafgaande artikel.

## HOOFSTUK II.

### SAMESTELLING EN BEVOEGDHEDE EN VERPLIGTINGE VAN PADRADE.

Same-  
stelling van  
padrade.

11. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by proklamasie in die *Offisiële Koerant*:—

(a) Vir 'n landstreek buite 'n munisipaliteit 'n raad instel, 'n padraad genoem, bestaande uit 'n magistraat wat as voorsitter moet optree, en minstens drie en

bestaan het maar gesluit is, en die loop van so 'n pad bepaal na ondersoek en rapport deur die Raad;

- (c) 'n publieke pad tot 'n grootpad, distriks- of voetpad verklaar, na gelang van omstandighede; met dien verstande dat sonder die toestemming van die Minister van Mynwese, geen pad tot 'n publieke pad verklaar mag word nie op grond, geproklameer kragtens die „Edele en Onedele Metalen-Wet” 1908 (Transvaal) of wysiginge daarvan; of op grond wat iemand kragtens mynbrief besit soos in genoemde Wet omskrywe, tensy die loop van daardie pad uitgehou is vir die doel van 'n pad ingevolge die bepalinge van daardie Wet of bogenoemde wysiginge; of op grond, geproklameer as 'n alluviale delwery kragtens die bepalinge van die „Edelgesteente-Wet” van 1927 of wysiginge daarvan, of ingevolge vorige Wette;
- (d) onderworpe aan die bepalinge van artikel *sewe-en-dertig*, publieke paaie na ondersoek en rapport deur die raad, sluit of verlê.

8. (1) Onderworpe aan die bepalinge van die „Motorvoertuie-Ordonnansie” 1931, of wysiginge daarvan, kan die Administrateur te allen tyde, en na sodanige kennisgewing as hy goed ag, publieke paaie tydelik of vir goed sluit vir enige bepaalde soort vervoer of tydelik vir alle vervoer; of tydelik so 'n pad verlê vir herstel of ander doeleindes, na goedvinde van die Administrateur, en hy kan op ander wyse die vervoer op al sulke publieke paaie reël.

Tydelike  
sluiting  
van  
publieke  
paaie.

(2) Iemand wat van so 'n publieke pad gebruik maak wanneer dit tydelik of gedeeltelik kragtens die bepalinge van hierdie artikel gesluit is, maak homself skuldig aan 'n *oortreding* en is by veroordeling strafbaar met die strawwe voorgeskrywe in artikel *drie-en-veertig*.

9. (1) Nieteenstaande enige teenstrydige bepalinge in hierdie Ordonnansie, is die Administrateur geregtig om by proklamasie in die *Offisiële Koerant* 'n pad, lopende deur 'n landstreek of gebied, genoem in subparagrafe (i), (ii), en (iii) van paragraaf (b) van die definisie van „publieke pad” in artikel *twee* tot 'n Provinsiale Pad te verklaar; mits dat bedoelde pad in verbinding staan met en 'n verlenging is van 'n grootpad buite so 'n land-

Bevoegd-  
hede van  
Adminis-  
trateur om  
paaie in  
sekere  
streek as  
provinsiale  
paaie te  
proklameer.

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 7.



Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 2.

van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, maar wat nog geen regspersoonlikheid daar- onder verkry het nie;

- geregistreerde eienaar," die persoon wat in die kantoor van die Registrateur van Aktes as die eienaar van 'n eiendom geregistreer is of sy regmatige verteenwoordiger;
- „ padkant," daardie gedeelte van 'n publieke pad wat nie die straatweg uitmaak nie;
- „ straatweg," daardie gedeelte van 'n publieke pad wat gemaak en vir voertuig-verkeer bestem is of gebruik word, of op daardie tydstip vir voertuig-verkeer in die algemeen redelikerwyse bruikbaar is.

## HOOFSTUK 1.

### PUBLIEKE PAAIE.

Klassifika-  
sie van  
publieke  
paaie.

3. Vir die doel van hierdie Ordonnansie word die publieke paaie in hierdie Provinsie in die navolgende klasse verdeel:—

- (a) Grootpaaie.
- (b) Distrikspaaie.
- (c) Voetpaaie.

Breedte  
van  
publieke  
paaie.

4. Die breedte van publieke paaie, met inbegrip van die padkant moet as volg wees:—

- (a) Grootpaaie, een-honderd Kaapse voet;
- (b) distrikspaaie, vyftig Kaapse voet;
- (c) voetpaaie, hoogstens vyftien Kaapse voet;

met dien verstande dat die Administrateur die breedte kan verminder wanneer hy van die noodsaaklikheid daarvan oortuig is.

Brugge en  
driewe  
gedeeltes  
van  
publieke  
paaie.

5. Vir die doel van hierdie Ordonnansie moet brugge en driewe in die loop van 'n publieke pad as gedeeltes van dié publieke pad beskou word.

Beheer oor  
publieke  
paaie berus  
by Admini-  
strateur.

6. Alle publieke paaie binne hierdie Provinsie staan en bly onder die kontrole en toesig van die Administrateur.

Bevoegd-  
hede van  
Adminis-  
trateur  
betreffende  
opening,  
sluiting of  
verlegging  
van paaie.

7. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd na gelang van omstandighede by proklamasie in die *Offisiële Koerant*:—

- (a) 'n Pad tot 'n publieke pad verklaar;
- (b) afkondig dat 'n publieke pad sal loop oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie, of waar 'n pad voorheen

*honderd-nege-en-veertig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie verkry het nie;

„eienaar,” die eenaar, huurder of bewoner van ’n eiendom of sy regmatige verteenwoordiger;

„voorskryf,” voorgeskryf by hierdie Ordonnansie of deur die Administrateur by regulasie ingevolge hierdie Ordonnansie;

„Provinsie,” die Provinsie Transvaal;

„publieke pad”—

(1) paaie as sodanig geproklameer kragtens hierdie Ordonnansie, of wat volgens hierdie of enige ander Ordonnansie as publieke paaie aangewys is;

(2) alle weë of paaie, hoe ook ontstaan (nie lopende oor grond wat ingevolge of vir die doel van wette betreffende die delf van edele en onedele metale of edelgesteentes geproklameer is nie, of oor grond wat iemand kragtens mynbrieffbesit, soos in bedoelde wette omskrywe), wat in die ongestoorde gebruik van die publiek was of waaroor die publiek die reg van verkeer gedurende ’n tydperk van minstens vyftien jaar gehad het;

(3) alle paaie wat in terme van artikel *nege* of *sewe-en-veertig* tot provinsiale paaie geproklameer word, so lank so ’n proklamasie van krag is;

met dien verstande dat behalwe soos in artikel *nege* en in Hoofstukke IV en V hiervan bepaal, geen bepaling van hierdie Ordonnansie op ’n pad van toepassing is nie—

(a) binne ’n munisipaliteit; of

(b) in ’n landstreek buite ’n munisipaliteit wat bestaan uit—

(i) grond, in verband waarmee ’n dorpsregister in ’n registrasiekantoor van aktes geopen is; of

(ii) grond, wat gesertifiseer is as ’n landbouhoeve volgens die bepalinge van artikel *een* van die „Landbouhoeven (Transvaal) Registratiewet” 1919, of wysiginge daarvan; of

(iii) die regsgebied van ’n gesondheidskomitee, ingestel kragtens artikel *honderd ses-en-veertig*

Ord. No.  
9 van  
1933.

—  
Artikel 2.

**Ord. No.  
9 van  
1933.**

**Artikel 2.**

- of voorgestelde pad en alle nodige aan-naderingswerke, uitgrawinge, walle, duikweë, deurlate, slote, riole, damme, randstene, omheinings, parapette, afskuttinge en enige ander werk of ding wat deel uitmaak van, of in verband staan met, of tot so 'n pad behoort;
- „ distrik,” die distrik of landstreek onder die regsbevoegdheid van 'n raad;
- „ distrikspad,” 'n publieke pad, wat geen grootpad of voetpad is nie;
- „ plaas,” ook stukke grond geregistreer as 'n plaas of gedeelte van 'n plaas in die kantoor van die Registrateur van Aktes, onderworpe aan die bepalinge van sub-artikel (5) van artikel *een-en-sestig*;
- „ Offisiële koerant,” die *Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal*;
- „ plaaslike bestuur,” 'n stadsraad, dorpsraad of 'n gesondheidskomitee, ingestel kragtens die bepalinge van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie as 'n liggaam met regspersoonlikheid;
- „ Plaaslike Bestuur Ordonnansie,” die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, No. 11 van 1926 of wysiginge daarvan;
- „ magistraat,” die magistraat van 'n Magistraatsdistrik met inbegrip van amptenare wat volgens wet as sodanig optree;
- „ grootpad,” 'n publieke hoofweg of straatweg waaroor of waarop die algemene verkeer plaasvind en wat ooreenkomstig hierdie Ordonnansie as 'n grootpad geproklameer is;
- „ onderhou,” „, onderhoud,” ook om die pad, met inbegrip van alle brugge, ponte, vere, driwwe en sementdriwwe in die loop van so 'n pad, en alle aan-naderingswerke, uitgrawinge, walle, duikweë, deurlate, slote, riole, damme, randstene, omheinings, parapette, afskuttinge en enige ander werksaamhede of dinge wat 'n gedeelte uitmaak van, of in verband staan met, of behoort tot, so 'n pad in goeie orde en herstel te hou, en verder ook enige rekonstruksie, verandering, verlegging, verwyding of verbetering van so 'n pad;
- „ munisipaliteit,” die gebied of distrik wat onder die regsbevoegdheid van 'n plaaslike bestuur gestel is, maar sluit nie in die regsgebied van 'n gesondheidskomitee wat geen regspersoonlikheid ingevolge subartikel (3) van artikel

# 'N ORDONNANSIE

Ord. No.  
9 van  
1933.

Vir die Konsolidasie en Wysiging van die wette betreffende  
Publieke Paaie en Uitspanplekke in hierdie Provinsie en  
om alle ander sake in verband daarmee te reël.

(Goedgekeur 24 Oktober 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 1 Desember 1933.)\*

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal  
geteken.)

**DIT** WORD deur die Provinsiale Raad van Trans-  
vaal as volg BEPAAL:—

## INLEIDING.

1. Die wette in die Eerste Bylae van hierdie <sup>Herroeping</sup> Ordonnansie opgenoem, word hierby herroep <sup>van Wette.</sup> vir sover uiteengesit in die derde kolom van genoemde bylae, saam met die bepalinge van alle ander wette wat in stryd is met hierdie Ordonnansie; met dien verstande dat geen een van die bepalinge wat in hierdie Ordonnansie vervat is, so vertolk kan word dat dit die bepalinge van die „Edele en Onedele Metalen-Wet,” 1908 (Transvaal), of wysiginge daarvan, of regte ingevolge daarvan verkry, kan herroep, wysig of andersins verander of affekteer.

2. Tensy klaarblyklik 'n ander betekenis <sup>Definisies.</sup> bedoel word, beteken in hierdie Ordonnansie:—

- „Administrateur,” die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-sestig* van die „Zuid-Afrika Wet,” 1909, of wysiginge daarvan, handelende op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie.
- „Administrasie,” die Provinsiale Administrasie van Transvaal;
- „raad,” die padraad, ingestel ingevolge artikel *elf*;
- „brug,” ook 'n deurlaat en/of sementdrijf;
- „voetpad,” publieke paaie wat bestaan of aangelê word vir verkeer te voet, te perd en met pakkdiere;
- „aanlê” en „aanleg,” ook opmeting, afbakening, uithaal van boomstompe, vorming en maak van paaie en die aanleg van brugge, ponte, vere, driwwe of sementdriwwe ten dienste van so 'n pad

\* Proklamasie No. 59, *Provinsiale Koerant* van 15 November 1933, bladsy 203.

Ord. No.  
8 van  
1933.  
—  
Artikel 2.

ingesteld krachtens een Provinsiale Ordonnantie, proklamatie of regulatie waarop de Administrateur bij Proklamatie in de *Officiële Koerant* de bepalingen van deze Ordonnantie toegepast heeft;

„municipale beampte” insluit een beampte van het bestuur;

(2) Deur onderstaande woorde aan die woordbepaling van „municipaliteit” toe te voeg:—

„en ten aanzien van een bestuur betekenen het dorp of de plaats waarin de hoofdkwartieren van het bestuur gelegen zijn”.

(3) Deur onderstaande woorde aan die woordbepaling van „stadsraad” toe te voeg:—

„of een bestuur”.

(4) Deur onderstaande woorde aan die woordbepaling van „stadsraadslid” toe te voeg:—

„of van een bestuur”.

(5) deur onderstaande woorde aan die woordbepaling van „stadsklerk” toe te voeg:—

„en voorts insluit een superintendent of sekretaris van een bestuur”.

Wysiging  
van artikel  
2 van die  
hoofwet.

3. Subartikel (1) van artikel twee van die hoofwet soos gewysig deur artikel een van Ordonnansie No. 5 van 1918, word hierby gewysig deur onderstaande woorde na die woord „Unie” in te voeg:—

„met dien verstande dat, wanneer een kennisgeving deur een stadsraad moet worden gepubliceerd in een nuwsblad in omloop in de municipaliteit, die gepubliceerd moet worden zowel in Afrikaans in zodanig Afrikaans blad als in Engels in zodanig Engels blad. Waar beide de ambtelike talen echter geregeld als voertaal in een nuwsblad gebruik word hetwelk de Administrateur op aanzoek van een stadsraad, bij kennisgeving in die *Officiële Koerant* voor het doel van dit artikel geklassifiseer heeft als een nuwsblad hetwelk in twee talen verskijnt, kan zodanige kennisgeving in beide ambtelike talen gepubliceerd word”.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Plaaslike Autoriteite (Taal) Wysigingsordonnansie 1933.

- (h) om boete of ander strawwe voor te skryf vir die oortreding van een of ander regulasie wat die Administrateur of sodanige rade kragtens hierdie Ordonnansie gemaak het;
- (i) om oor die algemeen voorsiening te maak vir alle aangeleenthede wat nodig geag word vir die behoorlike toepassing en deeglike nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie."

Ord. No.  
7 van  
1933.

Artikel 1.

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doel- <sup>Korttitel</sup>  
eindes aangehaal word as die „Liefdadige  
Instellings (Kontrole) Wysigings-ordonnansie  
1933."

## 'N ORDONNANSIE

Om die „Plaatselike Autoriteite (Taal) Ordonantie,  
1916", in sekere opsigte te wysig.

Ord. No.  
8 van  
1933.

(Goedgekeur 27 September 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 18 Oktober 1933.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Trans-  
vaal as volg **BEPAAL**:—

1. Die lang titel van die „Plaatselike <sup>Wysiging</sup>  
Autoriteite (Taal) Ordonantie, 1916" <sup>van die</sup>  
(hierin verder die hoofwet genoem) word <sup>aanhef</sup>  
hierby gewysig deur na die woord „Municipaliteite" <sup>van die</sup>  
die woorde „Hospitaalbesturen, <sup>hoofwet.</sup>  
de Warmbad-Raad van Kuratoren en andere  
publieke lichamen" in te voeg.

2. Artikel een van die hoofwet word hierby <sup>Wysiging</sup>  
as volg gewysig:— <sup>van artikel</sup>  
<sup>1 van die</sup>  
<sup>hoofwet.</sup>

(1) Deur onderstaande woordbepalings daar-  
aan toe te voeg:—

„bestuur" beteken een hospitaal-  
bestuur, ingesteld kragtens de  
„Publieke Hospitale Ordonnansie  
1928", of wijzigingen ervan en in-  
sluiten de Warmbad-Raad van Kura-  
toren ingesteld kragtens de „Warm-  
bad (Toesig en Beheer) Ordonnansie  
1929", of wijzigingen ervan en  
voorts insluiten enige ander bestuur,  
raad, komitee of publieke lichaam

DORPE- EN DORPSAANLEG WYSIGINGS.  
8 LIEFDADIGE INSTELLINGS (KONTROLE) WYSIGINGS.

---

Ord. No.  
6 van  
1933.

—  
Artikel 4.

(6) Die koste van 'n gemeenskaplike komitee moet deur die konstituerende plaaslike besture of deur een of meer van hulle, na gelang van ooreenkoms, bestry word, en as 'n geskil ontstaan aangaande watter plaaslike besture of bestuur sodanige koste moet betaal of die verdeling daarvan, moet die Administrateur oor die geskil beslis."

Kort titel. 5. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Dorpe- en Dorpsaanleg-Wysigings-ordonnansie 1933.

---

Ord. No.  
7 van  
1933.

## 'N ORDONNANSIE

Om die „ Liefdadige Instellings (Kontrole) Ordonnansie 1926", in sekere opsigte te wysig.

---

(*Goedgekeur 27 September 1933.*)

---

(*Datum van inwerkingtreding, 18 Oktober 1933.*)

---

(*Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.*)

---

**DIT WORD** deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie No. 5 van 1926 soos gewysig by Ordonnansie No. 21 van 1931.

1. Artikel *sewe* van die „ Liefdadige Instellings (Kontrole) Ordonnansie 1926 " soos gewysig by artikel *een* van Ordonnansie No. 21 van 1931, word hierby as volg gewysig:—

(1) deur ondervermelde woorde aan paragraaf (f) toe te voeg—

„ vir die magtiging van so 'n raad om vir bepaalde streke binne sy regsgebied plaaslike adviserende komitees in te stel en hulle bevoegdhede en pligte voor te skryf en om aan so 'n raad die bevoegdhede van die Administrateur vervat in artikels *drie* en *vyf* van hierdie Ordonnansie op te dra."

(2) deur ondervermelde nuwe paragrawe daaraan toe te voeg:—

„ (g) om toelae uit die Provinsiale Inkomstefonds aan sodanige rade te betaal en om hulle geldelike sake te reël;

(d) Die bepalings van hierdie subartikel moet beskou word as van krag met ingang vanaf 1 September 1932."

Ord. No.  
6 van  
1933.

4. Artikel *sewe-en-dertig* van die hoofwet word hierby herroep en deur onderstaande nuwe artikel vervang:—

Artikel 3.

„ 37. (1) Waar twee of meer plaaslike besture vir enigeen van die doeleindes van hierdie Ordonnansie gesamentlik wil optree, kan hulle ooreenkom om 'n gemeenskaplike dorpsaanlegkomitee vir dié doel te benoem en om met of sonder beperking van sodanige komitee ander bevoegdhede te verleen as dié om geld te leen of belasting te hef, wat enigeen van die konstituerende plaaslike besture vir daardie doeleindes kan uitoefen.

Herroeping van artikel 37 van die hoofwet en vervanging deur 'n nuwe artikel.

'n Komitee also benoem het in hierdie artikel betrekking op „ 'n gemeenskaplike komitee."

(2) Enigeen wat benoem is om 'n konstituerende plaaslike bestuur op 'n gemeenskaplike komitee te verteenwoordig, moet lid van minstens een van die konstituerende besture wees, maar dieselfde persoon kan benoem word om twee of meer van daardie besture te verteenwoordig.

(3) 'n Konstituerende plaaslike bestuur kan sy verteenwoordiger op 'n gemeenskaplike komitee benoem om as sodanig te dien solank hy as lid van een van die konstituerende plaaslike besture fungeer, of vir 'n korter tydperk.

(4) 'n Gemeenskaplike komitee kan, tensy minstens twee-derdes van die konstituerende plaaslike besture anders besluit, persone kies, of hulle ook al lede van 'n konstituerende plaaslike bestuur is of nie, om as addisionele lede van die komitee te dien, dog op so 'n manier dat die getal lede also gekies hoogstens die helfte van die getal benoemde lede van die komitee uitmaak.

(5) 'n Gemeenskaplike komitee kan, behoudens die voorskrifte waarmee alle konstituerende plaaslike besture ingestem het, sodanige en so 'n getal subkomitees benoem, bestaande of geheel of gedeeltelik uit lede van die komitee, soos die komitee goed dink.



Ord. No.  
6 van  
1933.

—  
Artikel 3.

of wysig, behoudens die bepaling van paragraaf (b) van hierdie subartikel en op aanbeveling van die raad, voorwaardes stel waar daar geen voorwaardes betreffende die stigting van die dorp bestaan nie, of kan hy enigeen van die voorwaardes, waaronder sodanige stigting goedgekeur is, wysig of verander of verder voorwaardes stel.

- (b) Die bevoegdheid hierby aan die Administrateur verleen, mag nie uitgeoefen word nie—
- (i) tensy die plaaslike bestuur geraadpleeg is;
  - (ii) tensy bewys gelewer word dat geen erf op so 'n algemene plan aangedui aan iemand anders as aan die Staat of die Goewerneur-generaal in trust vir 'n plaaslike bestuur getranspoteer of verhuur is nie; of, in geval 'n erf reeds also getranspoteer of verhuur is, die eienaar van die dorp of sy regsopvolger die eiendomsreg daarop onbeswaar terugverkry het; of
  - (iii) waar 'n erf, op so 'n algemene plan aangedui, reeds also getranspoteer of verhuur is en die eienaar van die dorp of sy regsopvolger dit nie soos voormeld terugverkry het nie, tensy by die Administrateur 'n order van die hof ingedien word waarby hy gemagtig word om sodanige bevoegdheid uit te oefen of 'n skriftelike verklaring van die eienaar of huurder van elke sodanige erf en van die houer van elke verband waardeur 'n erf aangedui op so 'n algemene plan verbind is, ten effekte dat hy geen beswaar teen die uitoefening van sodanige bevoegdheid het nie.
- (c) Die bepaling van hierdie artikel mag nie op so 'n wyse vertolk word nie dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die naam van 'n dorp te verander.

**'N ORDONNANSIE**

Om die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, in sekere opsigte te wysig.

Ord. No.  
6 van  
1933.

(Goedgekeur 6 April 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 26 April 1933.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**DIT WORD** deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAL**:—

**1.** Artikel *ses* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie 1931 (hierin verder die hoofwet genoem) word hierby herroep en deur onderstaande nuwe artikel vervang:—

Herroeping van artikel 6 van die hoofwet en vervanging deur nuwe artikel.

„6. Op alle vergaderinge van die raad, bestaan 'n kworum uit die ondervermelde:—

- (a) Twee lede waarvan een die voorsitter moet wees as die ledetal van die raad hoogstens vier is;
- (b) drie lede as die ledetal van die raad vyf is;
- (c) vier lede as die ledetal van die raad meer as vyf is.”

**2.** Artikel *een-en-twintig* van die hoofwet word hierby herroep en deur onderstaande nuwe artikel vervang:—

Herroeping van artikel 21 van die hoofwet en vervanging deur nuwe artikel.

„21. Ingeval een of ander van die verordeninge of regulasies te eniger tyd deur of vir 'n plaaslike bestuur gemaak, in stryd is met die goedgekeurde voorwaardes betreffende die stigting van 'n dorp binne sy munisipaliteit, is sodanige verordeninge of regulasies vir sover dit teenstrydig is nie van krag of regsgeldig nie.”

**3.** Artikel *ses-en-twintig* van die hoofwet word hierby gewysig deur onderstaande nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

Wysiging van artikel 26 van die hoofwet.

- „(4) (a) Nieteenstaande andersluidende wetsbepalings, kan die Administrateur, telkens wanneer die Landmeter-generaal, by die uitoefening van een of ander van die bevoegdhede hom kragtens artikel *dertig* van die Opmetingswet No. 9 van 1927 verleen, 'n algemene plan van 'n dorp verander

Ord. No.  
4 van  
1933.

—  
Artikel 1.

sodanige publikasies, gelas dat bedoelde gegewens in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word in plaas van in bedoelde nuusblad, of as voormelde wet publikasie van bedoelde gegewens in die *Offisiële Koerant* en in 'n nuusblad voorskryf, dat dit alleen in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word, en in die een sowel as in die ander geval kan bedoelde Administrateur, as hy dit goedvind, op 'n wyse in 'n vorm en op 'n tyd wat hy mag bepaal, 'n beknopte kennisgewing, waarin die aandag gevestig word op die publikasie van bedoelde gegewens in die *Offisiële Koerant*, laat publiseer in een of ander nuusblad waarin bedoelde gegewens volgens voormelde wet gepubliseer moes geword het.

(2) So'n publikasie in die *Offisiële Koerant* word vir die toepassing van bedoelde wet, nieteenstaande sy voorskrifte, beskou as 'n publikasie in 'n nuusblad waarin voormelde gegewens volgens daardie wet moes of kon gepubliseer geword het.

Kort titel. 2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Wettelike Publikasies Ordonnansie, 1933.

Ord. No.  
5 van  
1933.

## 'N ORDONNANSIE

Om die Administrateur in staat te stel om die Verkiesinge van Skoolrade uit te stel.

(Goedgekeur 3 April 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 19 April 1933.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**DIT WORD** deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

Verlenging van bevoegdheid aan Administrateur om die verkiesinge van Skoolrade wat in 1933 gehou moes word, uit te stel.

1. Nieteenstaande andersluidende bepalings van die Onderwyswet 1907, of wysiginge daarvan, word die Administrateur hierby by Proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bevoegdheid verleen om die verkiesinge van Skoolrade, wat in 1933 gehou moes word, vir twaalf maande uit te stel. By verskyning van genoemde Proklamasie, word die ampsduur van die huidige lede van Skoolrade verleng tot die dertigste dag van Junie 1934.

Kort titel. 2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Skoolraad-Verkiesingsordonnansie 1933.

## 'N ORDONNANSIE

Om die „Transvaal Hospitaalverpleegsters Pensioenen Ordonantie, 1919”, te wysig.

Ord. No.  
3 van  
1933.

(Goedgekeur 30 Maart 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 19 April 1933.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Subartikel (1) van artikel drie van die „Transvaal Hospitaalverpleegsters Pensioenen Ordonantie”, 1919 (soos gewysig) word hierby gewysig deur onderstaande woorde aan die einde daarvan toe te voeg:—

Wysiging  
van artikel  
3 van  
Ordonnan-  
sie No. 13  
van 1919.

„ met dien verstande dat iedere verpleegster benoemd op of na de eerste dag van Mei 1933, niet in het vaste verplegingspersoneel mag worden opgenomen alvorens zij aan de raad een dokterscertifikaat ter bevrediging van de Administratie heeft getoond. Zodanige certifikaat moet in de vorm zijn welke de Administrateur bij regulatie voorgeschreven heeft.”

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die „Transvaal Hospitaalverpleegsters Pensioene Wysigingsordonnansie, 1933”.

Kort  
titel.

## 'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die vervanging van regtens voorgeskrewe bekendmaking in nuusblaaië deur bekendmaking in die **Offisiële Koerant**.

Ord. No.  
4 van  
1933.

(Goedgekeur 30 Maart 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 12 April 1933.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg bepaal:—

1. (1) Wanneer een of ander wet aan die Administrateur of aan iemand in diens van die Transvaalse Provinsiale Administrasie die bevoegdheid verleen of die verpligting oplê om gegewens van watter aard ook al in 'n nuusblad te publiseer, dan kan die Administrateur volgens goedvinde, hetsy in een of ander bepaalde geval of oor die algemeen met betrekking tot alle of een of meer van

Admini-  
strateur  
kan regtens  
voor-  
geskrewe  
bekend-  
making in  
nuusblaaië  
deur  
bekend-  
making in  
Offisiële  
Koerant  
vervang.

Ord. No. 2  
van 1933.

## 'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £2,000,000 op Rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1934.

(Goedgekeur 27 Maart 1933.)

(Datum van inwerkingtreding, 29 Maart 1933.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**DIT WORD** deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAL**:—

£2,000,000  
mag  
verstrekk  
word uit  
die Prowin-  
siale  
Inkomste-  
fonds.

**1.** Op en na die eerste dag van April 1933 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van twee miljoen pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1934, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

Uitkerings  
onder  
hierdie  
Ordon-  
nansie  
aangemerk  
te word as  
voorlopige  
voor-  
skotte.

**2.** Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerk word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1934, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees, en uitkerings wat hieronder al gemaak is sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe gemaak was nie onder 'n behoorlike gemagtigde Toeëienings-ordonnansie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1933, of waaroor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

£100,000  
kan van  
Weëfonds  
uitgereik  
word.

**3.** Hierby word sodanige somme geld as wat nodig is, in totaal hoogstens eenhonderd duisend pond, op die Weëfonds Rekening geboek tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Toeëienings-ordonnansie.

Korte  
titel.

**4.** Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (Deel 1933-1934) Ordonnansie, 1933.

# 'N ORDONNANSIE

Ord. No. 1  
van 1933.

Tot aanwending van 'n verdere som geld van hoogstens £92,426 vir die diens van die Provinsie Transvaal vir die tydperk van die 1ste dag van April 1932 tot die 31ste dag van Maart 1933.

(Goedgekeur 27 Maart 1933.)

(Datum van inwerktrading, 29 Maart 1933.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

1. Die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby belas vir die dienste van die genoemde Provinsie, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1932 tot die 31ste Maart 1933, albei dae inbegrepe, met 'n verdere som van hoogstens twee-en-negentig duisend vierhonderd ses-en-twintig pond bowe die somme waarin voorsien is deur die Toeëienings (1932-1933) Ordonnansie, 1933.

Provinsiale Inkomstefonds belas met £92,426.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal aangewend word vir die doeleindes en vir die dienste wat genoem is in die skedule wat hierby gevoeg is, in ooreenstemming met die poste en subhoofde, besonderlik uiteengesit en genoem in die Begroting van Addisionele Toeëiening vir die genoemde tydperk, soas deur die Provinsiale Raad goedgekeur.

Hoe geld sal aangewend word.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Addisionele Toeëienings (1932-1933) Ordonnansie, 1933.

Korte titel.

### Skedule.

Nommer van Pos.	Diens.	Bedrag. £
1	Algemene Administrasie.....	1,126
3	Hospitale en Liefdadige Instellings.....	3,300
4	Weë, Brûe en Plaaslike Werke.....	80,065
7	Kapitaal Uitgawe— Spesiale Toelae van Unie Regering vir Weë-aanleg.....	7,935
		£92,426

**INHOUD.**  
(Alfabeties.)

NOMMER VAN ORDONNANSIE.	TITEL.	BLADSY.
1933		
1	Addisionele Toeënings (1932-1933).....	1
6	Dorpe- en Dorpsaanleg Wysigings.....	5
11	Dorpe- en Dorpsaanleg Verdere Wysigings.....	68
15	Hondereisies (Kontrole) Wysigings.....	81
7	Liefdadige Instellings (Kontrole) Wysigings.....	8
18	Lisensiering en Kontrole van Honde.....	87
12	Maatskappye Belasting.....	70
10	Minerale Baaie (Toesig en Beheer).....	51
19	Motorvoertuie Wysigings.....	92
17	Onderwyswet Wysigings.....	85
9	Pad Ordonnansie.....	11
16	Perdewedrenne en Weddenskappe Wysigings.....	84
14	Persoonlike en Inkomstebelastings Wysigings.....	78
8	Plaaslike Autoriteite (Taal) Wysigings.....	9
20	Plaaslike Bestuur Belasting.....	105
5	Skoolraad Verkiesings.....	4
13	Toeënings (1933-1934).....	76
2	Toeënings (Deel 1933-1934).....	2
3	Transvaal Hospitaalverpleegsters Pensioene Wysigings.....	3
4	Wettelike Publikasies.....	4

NOTA.—Die *Padverkeer Ordonnansie* is op die 6de September 1933 deur die Provinsiale Raad aangeneem. Volgens artikel *neëntig* van die Suid-Afrika Wet, 1909, was dit gereserveer vir verdere oorweging deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade op die 29ste November 1933. As die Ordonnansie goedgekeur word sal dit verskyn in die 1934 Deel.



# ORDONNANSIES

VAN

# DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# 1933

---

---

GEPUBLISEER OP GESAG

*En gedruk onder toesig van die Staatsdrukker*

---

---

DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA

1934

12529—18/12/33—1,312